

# VOLGENS JOU OORDEEL

## VRYHED VAN VEROORDELING

ADRIAN EBENS

# Volgens Jou Oordeel

## Kyk verby die sluier van die Ondersoekende Oordeel

Adrian Ebens

In liefdevolle herinnering aan Carolyn Hullquist
wat op 4 Julie 2019
sag heengegaan het
Ons geliefde suster in Christus

VadervanLiefde.com

4 Julie 2020

Vertaal na Afrikaans: 2021

Bybelsverwysings: Ou Afrikaanse Vertaling 1933/53, tensy anders vermeld.

# Inhoud


1. **Wees Versigtig** ........ 4
2. **Die Oordeelsdag** ........ 13
3. **Reg (judgment) en Geregtigheid (justice)** ........ 22
4. **Die Oorsprong van Veroordelende Uitsprake** ........ 30
5. **Persepsie, Projeksie en Werklikheid** ........ 39
6. **Vervloek is die Aarde om Jou Ontwil** ........ 45
7. **Kyk hoe lyk die man!** ........ 50
8. **Om die Vader te Beoordeel** ........ 54
9. **‘n Openbaring van die Vader** ........ 61
10. **Ek Veroordeel Jou Ook Nie** ........ 70
11. **Die Wet is Geestelik** ........ 77
12. **Geskrywe Op die Tafels van die Hart** ........ 82
13. **My Gedagtes is Nie Julle Gedagtes Nie** ........ 90
14. **O God, U Weg is in die Heiligdom** ........ 97
15. **Die Boeke is Geopen en die Gereg het Gaan Sit** ........ 107
16. **Jy het Jou Eerste Liefde Verlaat** ........ 122
17. **Kristalhelder Rivier of Vuurvlamme?** ........ 134
18. **Die Taal van Bose Magte** ........ 142
19. **Die Pre–Advent Oordeel in Konteks** ........ 150
20. **Die Tyd van Jakob se Benoudheid** ........ 163
21. **Deur Een se Misdaad het Veroordeling Gekom** ........ 173
22. **Regterstoel van Christus** ........ 182
23. **Die Reiniging van die Heiligdom en Versoendag** ........ 193
24. **Sonder ‘n Middelaar** ........ 211
25. **Chronos en die Genadedeur wat Sluit** ........ 218
26. **Reiniging en Voltooiing van die Geestelike Tempel** ........ 233

# 1. Wees Versigtig

Die vreugdevolle afwagting van miljoene kinders regoor die wêreld op die aand van 24ste Desember is buitensporig. Skitterende kersliggies in kersbome blink trots op straathoeke en groot borde met "*Welkom aan Kersvader*" wink hierdie geheimsinnige figuur van die Noordpool nader om hulle met geskenke te kom seën.

Al hierdie onskuldige kinders gaan deur 'n soortgelyke ervaring as die apostel Johannes in Openbaring. Die onskuldige vreugde van Kersfees in ons kinderjare is soet in die mond, maar die besef dat Kersvader maar eintlik net 'n fantasie is, gee aan baie 'n bitterheid op die maag.

Die gebruik van Kersfees onthul baie omtrent die mensdom. Waarom probeer ouers hul kinders oortuig van iets wat onwaar is? Kortom, waarom vertel ouers aan hul kinders leuens as hulle weet dat hul kinders uiteindelik deur die verwarrende teleurstelling moet gaan, dat dit alles opgemaak is?

Die ervaring van Kersfees in Australië is nog vreemder. In Desember is Australië in die middel van die somer, dus is die beeld van takbokke, sneeu en 'n warm geklede groot rooi Kersvader inderdaad baie vreemd. Op Kersdag kan die kwik dikwels temperature van 35° Celsius of hoër aandui, wat die ambisie van die vurigste Kersvader–aanhanger laat smelt, maar nee! Die legende gaan voort met al sy afwykings, vreemdhede en natuurlik vrolike geskenke en heerlike lekkernye.

Kersvader omvat baie dinge omtrent menslike sielkunde wat deurgedink moet word. Afgesien van die vakansie wat kommersiële en materiële ambisie van verkopers en verbruikers verteenwoordig, spreek die lirieke van 'n baie bekende Kersfeesliedjie die menslike persepsie uit van hoe die lewe begryp word.

### Kersvader Kom Ons Besoek

Wees versigtig.
Moenie huil nie.
Moenie suur trek nie.
Laat ek jou vertel waarom:
Kersvader kom ons besoek.

Hy maak ‘n lys,
Hy gaan twee keer daardeur,
Hy sal uitvind wie soet en wie stout is.
Kersvader kom ons besoek.

Hy sien jou wanneer jy slaap.
En hy weet wanneer jy wakker is.
Hy weet of jy soet of stout was.
Wees dus maar liewerste soet.
(Vry vertaal)

Die een wat die geskenke uitdeel het 'n angel in sy stert. Hy maak 'n lys van al die dinge wat jy doen. Blykbaar het hy die gawe van alomteenwoordigheid en kan hy jou sien: hy weet wanneer jy slaap en wanneer jy wakker is. Hy gaan die lys ten minste twee keer na om seker te maak of jy soet of stout was.

Van ons vroegste jare af word ons geleer dat ons noukeurig dopgehou word en dat alles wat ons doen in die Noordpool opgeteken word. Die hele konteks is een van vrees, want *jy moet versigtig wees*! Jy word dopgehou en die gevaar bestaan dat jy nie 'n mooi geskenk sal ontvang indien jy stout was nie. In sommige weergawes ontvang jy 'n aaklige geskenk, soos steenkool, of iets nog ergers.

Dit lyk of die inherente paradoks in Kersvader vir die meeste mense verborge is. Hierdie vrolike ou man wat geskenke en speelgoed bring, voer in werklikheid wêreldwye toesighouding uit en gebruik sy geskenke op 'n manier wat verandering in jou gedrag meebring om jou 'n beter mens te maak; 'n beter staatsburger.

Die paradoks in Kersvader kan verband hou met 'n soortgelyke paradoks wat in die Christendom deur Heer Kames, 'n Skotse regsgeleerde, historikus en filosoof in die 18de eeu opgemerk is.

> "Die Christelike godsdiens", het hy geskryf, "het 'n uitmuntende gees van sagmoedigheid, verdraagsaamheid en broederliefde; en tog het vervolging nooit so gewoed in enige ander godsdiens nie." Kames noem hierdie konflik tussen die Christendom se beginsels en hul praktyk "'n unieke verskynsel in die geskiedenis van die mens".[1] (Vry vertaal)

Natuurlik was Kames nie die eerste en enigste persoon wat hierdie paradoks waargeneem het nie. Hoe kan die godsdiens van Jesus wat

---

[1] https://www.libertarianism.org/publications/essays/excursions/notes-persecution-toleration-historychristianity Accessed November 2020

liefde, genade en medelye vir almal leer, in baie van Sy beweerde volgelinge sulke oorheersende en gewelddadige gedrag oplewer?

Wanneer ons verdere ondersoek instel in die Christelike geskiedenis, ontdek ons in die magtige persoon van Augustinus dat hy die gebruik van geweld in beginsel regverdig.

> Toe Augustinus (die eerste Christen–teoloog wat 'n stelselmatige verdediging tydens vervolging ontwikkel het) deur kritici uitgedaag is om selfs een voorval te noem waar Jesus druk toegepas het in plaas van oortuiging gebruik het, het hy ’n troefkaart uitgehaal. Dit was die beroemde verhaal (Handelinge 9:1–18) van Paulus se reis op die pad na Damaskus. Terwyl hy op pad was om Christene te vervolg, het Paulus (toe bekend as Saulus) op die grond neergeval toe hy die stem van Jesus gehoor het en deur 'n helder lig verblind is.
>
> Tydens hierdie bekering van Paulus is daar, volgens Augustinus, duidelik druk toegepas, want Christus het 'Sy mag gebruik om Paulus plat te slaan' en 'hom ook met fisiese blindheid getref' ('n gestremdheid wat drie dae geduur het). Sodoende het Paulus 'tot die evangelie onder druk van 'n fisiese straf' gekom en dus was die argument van toleransie, dat Christus nooit fisiese geweld gebruik het nie, beslissend weerlê – ten minste in die gedagtes van Augustinus en menigte latere Christene wat sy argument herhaal het.[2]

---

[2] Ibid

Augustinus se interpretasie van hierdie verhaal is merkwaardig in die lig van die woorde van Jesus dat ons "'n slegte mens nie moet weerstaan nie" (Matthéüs 5:39), wat beteken dat dit nie in ons hande gegee word om ander te dwing om goed te wees nie.[3]

Hoe ook al, Augustinus het hieruit die teorie van "regverdige oorlog" as 'n basis om vrede te bewaar en boosheid te bestraf, ontwikkel.[4] Om vrede, wet en orde bewaar, sal die burgers van enige nasie, wat volgens hierdie beginsels werk, vereis dat toesig en straf toegepas word wanneer dinge van algemene belang geskend word. "...daar bestaan 'n regverdige vervolging wat die Kerk van Christus op die goddelose mense lê." (Augustinus, *Brief aan Boniface*)[5] (Vry vertaal)

Wat was die historiese vrug van Augustinus se idee van regverdige vervolging? Augustinus se idees het ontwikkel tot die Middeleeuse kerk met al sy inkwisisies, kruistogte en bloedvergieting onder miljoene vermeende ketters. Dit was nie die liefde van Christus wat daardie Christene genoodsaak het nie, maar eerder die bedreiging van oordeel en dood. Ons regeringstelsels het verander, maar hoeveel van ons onderliggende teologie en beleid het verander?

In die Christendom se geskiedenis is die paar vermeldings van *hades* en *sheol* in die Bybel (gewoonlik vertaal as "die graf") geëkstrapoleer, om verskriklike verontrustende martelingstonele voor te stel, wat aan God se vyande, wat ons vyande is, gedoen word, in 'n realm wat ons uitgedink het, en wat ons "hel" genoem het.

---

[3] http://maranathamedia.com/book/view/resist-not-evil

[4] https://en.wikipedia.org/wiki/Just_war_theory

[5] https://egregores.blogspot.com/2010/10/augustine-in-defense-of-torturing.html

Het dinge vandag verander? Nee, ons idees is steeds deurspek met die oordeel en die dood, selfs al het die scenario van ons fantasieë verander. Ons weet dat dit waar is deur ons neiging om wraak te neem op ons vyande. Dit is een van die standaard intriges wat telkens in romanse en films herhaal word en word gewoonlik so gewelddadig en met soveel bloed as moontlik uitgebeeld.

Die Apostel Paulus stel 'n heeltemal interne druk of geesdrif aan ons voor, waarbinne ons kan begeer om Christus te volg eerder as die eksterne druk wat Augustinus voorgestaan het.

> Want die liefde van Christus dring ons. (15) omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; – 2 Korinthiërs 5:14,15a

**Christus leer ons dat die wonderlike agape liefde van God, wat in Christus geopenbaar word, die basis vorm van 'n innerlike geesdrif om almal om hom lief te hê.**

Die leerstelling van Christus leer ons dat die wonderlike agape liefde van God wat in Christus geopenbaar word, die basis vorm van 'n innerlike geesdrif om almal om hom lief te hê. Hierdie ervaring kom nie van nature by ons voor nie, soos Paulus in die boek Galasiërs verduidelik omtrent die kind wat deur voogde beperk word.

> Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; (2) maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. – Galatiërs 4:1–2

Die onbekeerde siel voel asof hy 'n slaaf is wat beheer word deur reëls wat deur voogde toegepas word, totdat hy volwassenheid bereik. Die verandering wat plaasvind, is dat die Gees van Christus in 'n mens inkom om aan hom te openbaar hoe die Vader regtig is.

> Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, (5) om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. (6) En omdat julle kinders is, **het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!** (7) **Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.** – Galásiërs 4:4–7

Sonder die Gees van Christus in die hart wat "Abba Vader" uitroep, bly die siel sodanig dat hy soos 'n slaaf voel wat deur ander bestuur word. Onsekerheid veroorsaak dat die onbekeerde persoon die behoefte voel om ander te beheer en sodoende word hy dan deur ander beheer, want dit is die samelewing wat ontwikkel as gevolg van mense met hierdie ingesteldheid. Die onbekeerde hart beweeg onbewustelik na 'n totalitêre regeringsvorm, selfs al protesteer hy daarteen. Sonder die innerlike geesdrif van die liefde van Christus word die futlose koninkryk van God onvermydelik regeer deur goewerneurs en leiers wat die persoon moet

straf om die gebrek aan innerlike drif, wat deur liefde inspireer word, te vervang.

Dit is die rede waarom soveel kommentators, wat omtrent die komende Nuwe Wêreld–Totalitêre Orde waarsku en daarmee die spot dryf, werklik daartoe bydra dat sulke regerings gevorm word. Die obsessie om voortdurend daaroor te praat en voor te berei, verhoog onsekerheid en paranoia, wat mense akklimatiseer vir so 'n owerheidsverandering.

Die wêreld waarin ons leef, is 'n produk van die besluite wat die mensdom geneem het in reaksie op die sagte, selfopofferende liefde van Christus. Tweeduisend jaar gelede het die mens 'n blik op God gekry, wat ons persepsie van geregtigheid en die kern van ons oortuigende motiverings vir die lewe, totaal kon transformeer. Die koeël was deur die kerk teen die vierde eeu na Christus, toe die Christendom die vorm aanneem van 'n universele keiserlike kerk wat met die staat verenig is. Hierdie stelsel jaag meer en meer mag na, om die denke en oortuigings van sy onderdane te reguleer, ongeag van die tipe regeringsvorm waarna dit verander, want dit is wat die mens ter wille van veiligheid sal doen, indien hy genoegsame mag besit. As gevolg hiervan, deur versnelde vooruitgang in tegnologie en onderwys en sosiale ingenieurswese, leef ons nou in die beste omgewing vir toesig en waarneming wat hierdie wêreld nog ooit geken het.

Van Augustinus tot Aquinas tot Kersvader wat ons kom besoek, is die behoefte aan lyste en vrees vir straf om ons samelewings regeerbaar te maak, universeel ingebou. In hierdie boek bied ons 'n ander perspektief, maar eers moet ons die ontwikkeling van persepsies van goddelike oordeel naspeur. Indien mense gedwing word om deur geweld

Christene te word, en hierdie persepsies in ons gedagtes vasgevang word as die wil van God, hoe sou dit ons persepsie van God se oordeel beïnvloed en ons indrukke, wanneer ons die Skrifte lees, inkleur?

# 2. Die Oordeelsdag

Ek kan duidelik onthou van ‘n indsident toe ek met 'n groep Christene in die Noordwes van die VSA gepraat het. Hulle het verstom gesit toe ek die liefde van God en Sy ewige genade op 'n manier wat hulle nog nie voorheen oorweeg het nie, aan hulle voorgelê het. Na my voorlegging het een jong dame my gevra: “Wat sal 'n sondaar tot bekering bring as jy die dreigement van straf wegneem? Het jy nie die dreigement van straf nodig om 'n sondaar te help verstaan dat hulle verlore is nie?“

Ek was hartseer tot in my binneste terwyl ek geluister het na die woorde van Augustinus wat herhaal is deur hierdie pragtige, opregte jongmens. Tog is dit die beeld wat die Christendom al vir meer as 1500 jaar geskets het. Een van die beste predikers in die 20ste eeu, Billy Graham, lê dit duidelik en onomwonde uit soos hy dit verstaan.

> Die Bybel verklaar dat God ‘n God van oordeel, toorn en woede is. Jesus het keer op keer gewaarsku teen die oordeel: “Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.” – Matthéüs 12:36.
>
> “Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree, (42) en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.” – Matteus 13:41–42 (Afrikaanse 1983 Vertaling).

Die Apostels het dwarsdeur die Nuwe Testament geleer dat daar oordeel sal kom. Die Apostel Paulus het gesê: "Hy [het] 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het..." – Handelinge 17:31.

Die skrywer van Hebreërs het geskryf: "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel... – Hebreërs 9:27.

"Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel." sê Petrus in 1 Petrus 4:5.

Die Apostel Johannes het dit soos volg gestel: "Die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, (16) en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; (17) want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" – Openbaring 6:15–17.

Honderde gedeeltes wys na 'n tyd van oordeel vir elke persoon wat ooit geleef het – niemand sal ontvlug nie. Indien jy al die verwysings na oordeel uit die Bybel haal, sou daar min van die Bybel oorbly.

God het Sy liefde en genade en vergifnis aan die mens geoffer. Van die kruis af het God vir die hele wêreld gesê: "Ek het jou

> lief." Wanneer daardie liefde egter doelbewus verwerp word, is oordeel die enigste alternatief.[6]

Uit hierdie gedeeltes van die Bybel wat leraar Graham aanhaal, lyk dit onafwendbaar dat God se toorn oor diegene wat oortree het, sal val. Die God van die hemel hou 'n gedetailleerde verslag van jou aktiwiteite, sodat Hy hierdie verslag teen almal wat verkeerd gedoen het, sal gebruik, net soos die vrolike rooi man van die Noordpool. Indien jy nie die gawe van Sy Seun aanvaar nie, dan sal Hy geweld gebruik as gevolg van jou weerspannige boosheid en sodoende jou lewe beëindig.

Dit is ondenkbaar om 'n koninkryk in te gaan waar dwang nie nodig is om wet en orde in 'n samelewing te handhaaf nie. Dit lyk redelik, soos Pastoor Billy Graham verder verduidelik:

> Hierdie soort god sou egter 'n belaglike wêreld maak. Dit sou chaoties, onverantwoordelik, selfvernietigend wees. Dit sou onmoontlik wees om in daardie soort wêreld met sekerheid te leef. Om betekenis te hê, moet die lewe gebaseer wees op 'n wet en 'n wetgewer.[7]

Hoe kan jy 'n samelewing regeer sonder dat jy dreigemente oplê indien nie aan die vereistes voldoen word nie? Het God nie vir Adam en Eva gedreig dat hulle sou sterf indien hulle van die *boom van kennis van goed en kwaad* sou eet nie? Die boeke van Moses is vol instruksies omtrent watter strawwe op kwaaddoeners onder die volk Israel toegepas

---

[6] https://decisionmagazine.com/justice-of-god/ April 29, 2010
[7] Ibid

moes word. Dit lyk heeltemal logies dat ‘n dreigement van straf toegepas word op diegene wat ongehoorsaam is.

Wat is die straf wat die Christendom gewoonlik aan die hand doen wat op diegene wag wat nie aan die reëls voldoen nie? Die Katolieke Kategismus sê:

> Jesus praat dikwels van “Gehenna,” dit is “die onblusbare vuur“ wat gereserveer is vir diegene wat tot aan die einde van hul lewe weier om te glo en tot bekering te kom, waar siel sowel as liggaam verlore kan gaan. Jesus verkondig plegtig dat “die engele sal uitgaan… en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi“ en dat hy die veroordeling sal uitspreek: “Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur…“ Die leerstelling van die Kerk bevestig die bestaan van die hel en die ewigheid daarvan. Onmiddellik na die dood daal die siele van diegene wat sterf in 'n toestand van sterflike sonde in die hel neer, waar hulle die straf van die hel, die “ewige vuur“, ondergaan. Die vernaamste straf van die hel is die ewige skeiding van God, in wie die mens alleen die lewe en geluk kan kry waarvoor hy geskape is en waarna hy smag.[8]

Ewige lyding in die vlamme van die hel is die uiteindelike resultaat wanneer eksterne dwang gebruik word om mense te dwing om hulle aan die wet en orde van God te onderwerp. Die bedreiging van sulke marteling en straf vereis uiteraard toesig, ondersoek en oordeel om vas

---

[8] https://en.wikipedia.org/wiki/Christian_views_on_Hell

te stel of iemand die ewige lewe saam met God in die hemel of die ewige verdoemenis in die hel waardig is.

> **Ons persepsie van hoe God in wese is, sal weerspieël word in die manier waarop ons leef. Ons boots die weë na van die God wat ons onsself voor oë stel.**

Die meeste mense is bekend met die uitdrukking "monkey see, monkey do." Ons persepsie van hoe God in wese is, sal weerspieël word in die manier waarop ons leef. Ons boots die weë na van die God wat ons onsself voor oë stel. Selfs diegene wat uitvaar teen die idee van 'n godheid wat sondaars vir ewig sou martel, word daaraan oorgelaat om die goddelike met die menslike te vervang. Die geskiedenis van die mensdom, bevlek met tirannieke beskouings van goddelikheid, tree op dieselfde patrone as dié van despotisme op, soos blyk uit gebeure soos die Franse rewolusie, Stalin se suiwerings, Mao se Kulturele Rewolusie, die moordvelde van Pol Pot en andere.

Omdat ek in 'n kulturele omgewing woon wat deurspek is met idees van toesig, ondersoek en oordeel, het ek geleer om 'n geheime lewe te lei. Om die alsiende oë van ouers, onderwysers en gesag in die algemeen te ontsnap, sou ek instinktief dinge wegsteek. Die vrees vir straf deur

toesighouers het gelei tot wegstekery, om te voorkom dat dit raakgesien word.

Die vrees om ontdek te word, word vandag uitgespeel deur die digitale lekkasie van data wat die innerlike geheime waaraan vasgehou word, ontbloot. Niemand is veilig indien die digitale kloof eers oorkruis is nie. Daar is 'n vreemde ironie in die inbraak en openbaarmaking van inligting omtrent aanlyn verhoudings en seksuele dienste wat die geheime ontrouheid van miljoene mense openbaar.[9]

Baie van ons besef dat spraak– en teks–toepassings op ons mobiele fone gebruik word, sodat dit sleutelwoorde vaslê en onderwerpe laat opduik in webadvertensies of YouTube–inhoud wat verband hou met ons private gesprekke. Ons samelewing is gebou op die versameling van soveel moontlik inligting, wat gebruik word vir bemarking en verkope; om die kwaliteit van landsburgers of werknemers te oordeel; of om ons te straf vir misdade wat ons pleeg of in die toekoms mag pleeg.

In hierdie konteks is dit maklik om die Bybel binne hierdie denkraamwerk te lees. Neem byvoorbeeld Daniël 7.

> Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; (10) 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. – Daniël 7:9–10

---

[9] https://en.wikipedia.org/wiki/Ashley_Madison_data_breach

Die beelde hier bring ons in 'n reuse hofsaaltoneel waar al die versamelde waarnemings nagegaan word en elke persoon hul onderskeie beloning of, meer waarskynlik, hul onderskeie straf, in die gesig staar. Dit is die ernstige kant van die Kersvader–verhaal. Ons het nie meer te doen met die maklike standaarde waardeur ons kinders veroordeel nie; ons het te doen met 'n almagtige God wie se standaarde oneindig hoog is. Daniël 7 bied aan ons 'n visioen, nie van 'n God wat met takbokke van die Noordpool af kom nie, maar eerder 'n God op 'n majestueuse troon waarvandaan vuur losbars, met 'n hemelse gevolg, wat kwaaddoeners die dood kan toedien.

Ons mag ons dalk tot Jesus wend vir vertroosting, maar dan lees ons Sy woorde en sidder:

> Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. (37) Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word. – Matthéüs 12:36–37

> Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. (14) Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. – Matthéüs 7:13–14

Dit is met hierdie denkpatrone dat die jong Martin Luther, by die aanvang van sy godsdienstige loopbaan, by sy eerste preek, deur gedagtes van God se majesteit oorweldig is.

> Ek het by myself gedink, “Met watter taal sal ek sulke majesteit aanspreek, aangesien alle mense in die teenwoordigheid van

> selfs 'n aardse prins moet sidder? Wie is ek, dat ek my oë opslaan of my hande opsteek na die goddelike Majesteit? Die engele omring hom. Indien Hy knik, sidder die aarde. En sal ek, 'n ellendige dwergie, sê "Ek wil dit hê, ek vra daarvoor"? Want ek is stof en as en vol sonde en spreek tot die lewende, ewige en ware God."[10]

Dit is hierdie soort vrees wat lei tot marteling. In Luther se progressie van die gedagte sien ons die natuurlike gevolgtrekking hieronder uitgedruk.

> Ek kon nie glo dat enigiets wat ek gedink of gedoen of gebid het, God bevredig het nie. Ek het nie liefgehad nie, nee, ek het die regverdige God, wat sondaars straf, gehaat.
>
> Met intense murmurering (miskien selfs godslastering) was ek baie beslis kwaad vir God en het gesê: "Asof dit inderdaad nie genoeg is om ellendige sondaars wat ewig verlore is deur oorgeërfde sonde, wat weer en weer verpletter word deur elke ramp wat die tien gebooie bring, kom God self en voeg nog meer marteling by in die evangelie, deur ons te dreig met Sy geregtigheid en toorn!"[11]

Is dit nie die onvermydelike gevolg wanneer iemand ondersoekend waargeneem word, om te kyk of hulle die verkeerde ding doen, sodat daar gedreig word met straf in geval van mislukking? Dui die hele proses nie daarop dat so 'n godheid mislukking verwag en sodoende die mislukking kan aanhelp nie?

---

[10] Roland Bainton, *Here I Stand* (NAL, 1978)
[11] Luther's Works, Vol 34, p.336-338

Die Christendom redeneer dat God se geregtigheid straf vereis en as antwoord bied God Sy Seun as offer vir versoening aan. Om die toorn van 'n God wat aanstoot geneem het, wie se wet oortree is, te bevredig, bied God Sy eie Seun aan om ons doodstraf te betaal. Dit word in genade aangebied. Die dood wat ons verdien, word deur die Seun van God betaal.

Die vraag wat smeek om ‘n antwoord, is: wie het bepaal dat geregtigheid die dood van die oortreder vereis?

# 3. Reg en Geregtigheid

Vir geskiedeniskenners blyk die stryd tussen die goddelike reg van konings en die oppergesag van die reg, soos bestuur deur 'n verkose parlement, twee verskillende regeringsbegrippe te verteenwoordig. Miskien was dit meer as toeval dat ons in twee films, wat die lewens van Julius Caesar en Oliver Cromwell uitbeeld, dieselfde akteur vind: Richard Harris.[12] Oliver Cromwell het die parlement van Engeland gelei om sy koning, Charles I, tereg te stel weens verraad teen die volk. Julius Caesar het onder die republiek van Rome uitbeweeg om die aanvang van die Romeinse Ryk te vestig. Die lojaliteit van sy soldate en sy militêre oorwinnings het die basis gevorm van sy magsoorname.

Ongeag of 'n nasie regeer word deur monargie of deur demokrasie, daar is een ding waaroor almal saamstem: dit is die gebruik van geweld om krag te verleen aan die uitgevaardigde wette.

Die oppergesag van die reg ("rule of law") word in die *Oxford English Dictionary* gedefinieer as: "Die gesag en invloed van die reg in die samelewing, veral as dit beskou word as 'n beperking op individuele en institusionele gedrag; vervolgens is dit die beginsel waardeur alle lede van 'n samelewing (insluitend diegene in regering) almal onderhewig is aan die openbare wetlike kodes en prosesse." (Vry vertaal)

[12] https://en.wikipedia.org/wiki/Cromwell_(film), https://en.wikipedia.org/wiki/Julius_Caesar_(miniseries)




GEREG: Hierdie mosaïek by die Amerikaanse Biblioteek van hul Kongres het Gereg uitgebeeld as 'n vrou met 'n palmtak en 'n swaard, omring deur ses figure, wat elk die kenmerke van die gereg simboliseer. Regs is Bedrog, Onenigheid en Geweld – die gevolge van wetteloosheid. Links is Industrie, Vrede en Waarheid – wat voorstel wat gebeur indien die oppergesag van die reg goed funksioneer. (https://blogs.loc.gov/law/2012/08/glimpse–of–law–installment–6–the–members–room/)

By die Amerikaanse Biblioteek van hulle Kongres, naamlik die Thomas Jefferson Gebou, is daar ‘n groot mosaïek genaamd “Gereg”. Die mosaïek beeld ‘n vrou met 'n palmtak uit om belonings te skenk en ‘n swaard om diegene wat die wet oortree, te bestraf.

Die teorie omtrent die goddelike reg om te regeer, wat die samelewing gedurende die Middeleeue oorheers het, het veroorsaak dat hulle die monarg as die verteenwoordiger van God beskou het.

> Die biskop Jacques–Bénigne Bossuet (1627–1704), een van die vernaamste Franse teoretici in goddelike reg, het beweer dat die koningskap en gesag heilig was; dat sy mag geskoei was op dié van 'n vader, dit was absoluut, afkomstig van God; en dat hy

> deur motief (dit wil sê, gewoonte en presedent of vroeëre beslissing) regeer word.[13]

Dit is binne hierdie konteks dat die vertalers van die Bybel gedurende die Middeleeue hul begrip van geregtigheid gevorm het.

> Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit. – Psalm 89:15

> Wolke en donderheid is rondom Hom; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon. (3) 'n Vuur gaan voor sy aangesig uit en steek sy teëstanders rondom aan die brand. (4) Sy bliksems verlig die wêreld; die aarde sien dit en bewe. (5) Berge smelt weg soos was voor die aangesig van die HERE, voor die aangesig van die HERE van die hele aarde. – Psalm 97:2–5

Dit lyk of die majesteit van God deur die beginsel van mag en krag ondersteun word.

> Want Ek sal my hand na die hemel ophef en sê: So waar as Ek ewig leef – (41) as Ek my glinsterende swaard skerp gemaak het en my hand na die strafgerig gryp, sal Ek wraak oefen op my teëstanders en my haters vergelde. (42) Ek sal my pyle dronk maak van bloed, en my swaard sal vlees eet: van die bloed van hom wat verslaan en gevang is, van die kop van die vyand se aanvoerders. – Deuteronómium 32:40–42

---

[13] https://www.britannica.com/topic/divine-right-of-kings

Daar word byna universeel geglo dat die soewereiniteit van God, en dus alle gemeenskapsleiers wat onder die volk regeer, geregtigheid laat berus op die mag om die swaard te gebruik (d.w.s. gebruik van geweld tot oorreding). Geregtigheid is om optrede as goed of sleg te beoordeel en gevolglik die goeie te beloon en die slegte te straf.

Dit is dus die dreigement van die doodstraf wat die lewe paradoksaal bewaar. Wanneer ons op hierdie idee uitbrei, verstaan ons dinge in die Christelike denke soos volg:

> God se vereiste vir die ewige lewe, gebaseer op Sy regverdige karakter, het nooit verander nie. God verander nie Sy standaard van geregtigheid, omdat ons weier om dit te gehoorsaam nie. Om dieselfde rede verander 'n regter nie die spoedbeperking wanneer ons 'n spoedkaartjie kry nie. Adam se sonde het eerder die doodstraf, fisies en geestelik, as gevolg van ongehoorsaamheid, ingebring as gevolg van die skuld op volmaakte gehoorsaamheid. Sonder uitsondering is vergewing van sondes en die ewige lewe onmoontlik sonder die volkome bevrediging van God se geregtigheid. **God sou nie God wees indien Hy skiet gee aan Sy geregtigheid, selfs om een enkele siel te red**.[14]

Die kern van die Christelike teologie is die idee dat die dood, wat toegedien word aan die oortreder van Sy wet, God se geregtigheid is. Hierdie idee is gegrond op die gedagte dat God se troon gevestig is op

[14] https://bible.org/article/god-s-perfect-and-unchanging-justice-ground-gospel

‘n doodsdreigement. Sy troon is blykbaar ook gevestig op die oordeel binne sy wet en veroordeling van diegene wat Sy wet oortree.

Tog lees ons in Psalm 89 dat goedertierenheid (of genade) voor God se aangesig uitgaan. Hoe pas ons goedertierenheid (of genade) toe op hierdie idee van geregtigheid wat die dood van die oortreder eis? Kom ons kyk na die kernbetekenis van die Engelse woord *mercy*, wat vertaal na die Afrikaanse woord *genade/goedertierenheid*.

> *Mercy* (van Anglo–Franse woord merci, van Middeleeuse Latyn merced–, merces, van Latyn, "prys of loon betaal", van merc–, merxi "merchandise") is welwillendheid, vergifnis en vriendelikheid in 'n verskeidenheid van etiese, godsdienstige en sosiale kontekse, asook regsverband.[15]

Genade word ingeroep deur die betaling van 'n prys of loon. In hierdie definisie kan *genade* dus ingeroep word indien die skuld van geregtigheid nagekom word. Geregtigheid moet negekom word of geregtigheid moet geskied om sy eer en integriteit te behou. Daarom, indien die loon van die skuld betaal is, ongeag wie dit betaal het, dan behou geregtigheid die integriteit daarvan en dan kan genade gegee word. Dit stel die Christelike versoeningsteorie, naamlik “Strafvervanging“, bekend.

> Strafvervanging (soms, veral in ouer geskrifte, verwysend na die teorie van geregshowe), is 'n versoeningsteorie binne die Christelike teologie, wat beweer dat Christus deur Sy eie keuse om ‘n offer te maak, gestraf (gepenaliseer) is in die plek van

---

[15] https://en.wikipedia.org/wiki/Mercy

sondaars (vervanging), om sodoende aan die eise van geregtigheid te voldoen, sodat God sonde regverdig kan vergewe.[16]

Die betekenis van die woord *genade* dra hierdie idee van betaalde loon of afbetaalde skuld oor. In die Protestantse tradisie kan hierdie skuld slegs namens ons deur die dood van Christus betaal word. In die Rooms–Katolieke tradisie kan iemand 'n verdienste toevoeg deur goeie werke, om by te dra tot die redding van 'n siel.[17]

Samevattend merk ons op dat menslike persepsies van geregtigheid, sowel vanuit die Skrif as deur die mensdom in die algemeen, gebaseer is op die beginsel dat streng straftoepassing of selfs die dood nodig is om die beginsels van die wet af te dwing.

Hierdie stelsel vereis dus toesig, oordeel, veroordeling en dood. Hierdie dinge is onafskeidbaar van hierdie begrip van geregtigheid. Die vraag wat gevra moet word is, kan hierdie regstelsel 'n vrye samelewing sonder vrees oplewer? As God in Sy natuur die argitek van die dood is en die uiteindelike oppermag is wat die dood toedien, is God dan nie self in Sy wese die verpersoonliking van die dood nie? Indien God elke liewe aksie dophou en dit opweeg teen Sy goddelike standaard om te sien of ons daaraan voldoen, hoe kan daar dan ooit 'n plek wees waar Sy onderdane vry is van doodsangs? Binne hierdie raamwerk word God alewig geassosieer met oordeel, veroordeling en dood.

---

[16] https://en.wikipedia.org/wiki/Penal_substitution Accessed November 2020
[17] https://en.wikipedia.org/wiki/Merit_(Christianity)

In hierdie worstelstryd wil ek drie Bybelverse as 'n wegspringplek vir die res van hierdie boek voor u plaas.

> Want die Vader **oordeel** ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee. – *Johannes* 5:22
>
> Julle oordeel volgens die vlees. Ek [Jesus] **oordeel** niemand nie. – *Johannes* 8:15
>
> Die liefde is geduldig en vriendelik, die liefde is nie jaloers nie, die liefde blaas nie sy eie beuel nie, is nie vol van homself nie. (5) Dit tree nie onwaardig op nie, stel nie sy eie belange voorop nie, is nie kort van draad nie, **hou nie boek van die kwaad wat hom aangedoen word nie. –** 1 Korintiërs 13:4–5 (NLV)

Anders as Kersvader wat 'n lys het van wie goed en sleg is, hou God "nie boek van die kwaad" nie. As Hy nie 'n lys of 'n inventaris hou nie, is die hele stel beginsels waarop die mensdom geregtigheid en oordeel verstaan, verkeerd.

Hierdie drie skrifgedeeltes daag die idees van geregtigheid en oordeel, wat gegrond is op 'n doodsdreigement, direk uit. Jesus sê vir ons dat nie Hy óf Sy Vader oordeel, veroordeel, verhoor of straf

nie.[18] Die groot hoofstuk oor die liefde in die Bybel sê vir ons die liefde hou nie boek van die kwaad nie. God is liefde, en hierdie volmaakte liefde van God verdryf of verwyder alle vrees (I Johannes 4: 8, 18). Anders as Kersvader wat 'n lys het van wie goed en wie sleg is, hou God "nie boek van die kwaad" nie. As Hy nie 'n lys of inventaris hou nie, is die hele stel beginsels waarop die mensdom geregtigheid en oordeel verstaan, verkeerd. Soos Jesus vir ons gesê het: "Julle oordeel volgens die vlees." Die Bybel sê vir ons:

> Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. (8) Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. – Jesaja 55:7–9

Kan ons met sekerheid sê dat ons die geregtigheid van God reg verstaan? Hoe kan ons hierdie Bybelverse verduidelik en dit in harmonie plaas met baie ander wat blykbaar die teenoorgestelde sê? Hoe kan liefde geen boekhou van die kwaad indien ons regstelsel so 'n proses vereis? Hierdie idees is teenstrydig, en ons taak is om hierdie teenstrydigheid biddend op te los, sodat God se ware geregtigheid en genade aan ons geopenbaar kan word.

---

[18] Die Griekse woord vir *oordeel* is hier *Krino*, wat in hierdie geval beteken om te besluit, om te probeer veroordeel, om te straf.

# 4. Die Oorsprong van Veroordelende Uitsprake

Die lewe en woorde van Jesus openbaar in werklikheid aan ons die verheerlikte lig van God die Vader. Toe Jesus gesê het dat Hy en ook nie Sy Vader enigiemand oordeel, verhoor of veroordeel nie, is die onmiddellike vraag wat aangespreek moet word: indien hulle niemand veroordeel nie, waarom is die wêreld dan vol oordeel en veroordeling? Waarom oordeel mense mekaar so baie en waar het dit alles begin?

Toe God Adam en Eva in die tuin van Eden genader het nadat hulle die verbode vrug geëet het, het hulle uit vrees vir Hom weggekruip. Hulle was bang vir die oordeel en potensiële veroordeling van God, omdat hulle geweet het dat hul optredes nie goed was nie. Op die vraag omtrent wat hy gedoen het, het Adam geantwoord:

> Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. – Génesis 3:12

Volgens Adam was God skuldig aan die feit dat Hy 'n vrou na hom gebring het wat hom versoek het om die verkeerde weg te volg. Dit is duidelik dat Adam die skuld vir sy optrede op God geplaas het. Adam het geredeneer dat God gekom het om sy lewe te beëindig as straf vir die daad wat hy gedoen het. Het God nie gesê dat "die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" nie? (Génesis 2:17)

Die volgende vers vertel ons dat Adam die dood gevrees het:

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – (15) **en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was**.
> – Hebreërs 2:14–15

Ons as mens dra van nature 'n vrees vir die dood. Dit is deel van ons erfenis van Adam. Adam het geredeneer dat God hom wou doodmaak, omdat hy nie Sy instruksies gevolg het nie. Adam het God verantwoordelik gehou vir die probleem. Daarom het hy God aangekla, sodat Hy die doodstraf moet betaal vir die fout wat gemaak is. Hy het dit nie direk gesê nie, maar die Bybel vertel ons wat van die begin af gebeur het.

> En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie **van die grondlegging van die wêreld af** in die boek van die lewe van **die Lam wat geslag is,** geskrywe is nie.
> – Openbaring 13:8

> King James Version: And all that dwell upon the earth shall worship him, whose names are not written in the book of life of **the Lamb slain from the foundation of the world**.
> – Revelations 13:8

Kan ons verseker weet dat Adam werklik so omtrent God en Sy Seun gevoel het?

> **Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God.** Die sondige natuur

> onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. – Romeine 8:7 (1983 Afrikaanse Bybelvertaling)

Toe Adam die gebod van God oortree het, het hy in sonde verval. Sy denke was in stryd met God geplaas. Hy wou nie meer God se wet gehoorsaam nie. Sy gedagtes is gevul met beskuldigings en veroordeling teenoor God. Dit is omdat hy Satan as sy meester gekies het en daarom soos Satan begin dink het. Wat het Satan van die begin af gedink? Luister wat sê Jesus vir die Joodse leiers wat Hom probeer doodmaak het:

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie**, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. – Johannes 8:44

Satan wou van die begin af die Seun van God vermoor. Hy wou die plek van Christus inneem en gelyk wees met God.

> Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) **Ek wil klim op die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste**! – Jesaja 14:12–14

Die Joodse leiers se woorde en optrede openbaar die gees van Satan teenoor Jesus. In hul haat en begeerte om die Seun van God te

vermoor, sien ons die begeertes van Satan wie van die begin af die Seun van God wou vermoor en Sy plek, gelyk aan die Vader, die Allerhoogste, inneem.

Dit is Satan wat die gees van beskuldiging en veroordeling voortgebring het. Die Bybel noem hom die "aanklaer van ons broeders".

> En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (10) Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus, **want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag**.–Openbaring 12:9–10

Dit is deur Adam dat die gees van oordeel en veroordeling in die wêreld gekom het. Adam het nie vir God gevra om hom te vergewe nie; Adam het nie gedink dat sy sonde vergewe kon word nie.

Die gees van die aanklaer het die hart van Adam binnegegaan en hy het die Seun van God geoordeel, beskuldig en veroordeel, omdat Hy Eva, sy versoeker, geskape[19] het. Dit is

[19] God het alle dinge deur Jesus Christus geskape. Efesiërs 3:9

deur Adam dat die gees van oordeel en veroordeling in die wêreld gekom het. Adam het nie vir God gevra om hom te vergewe nie; Adam het nie gedink dat sy sonde vergewe kon word nie. Anders as Noag, het Adam tot op hierdie stadium nie genade in die oë van God gevind nie (Génesis 6:8). Adam was gevul met beskuldiging en ongeloof (die gees van Satan), eerder as berou en geloof (die gees van Christus). Die apostel Paulus verwoord hierdie diepgaande waarheid in hierdie vers:

> En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; **want die oordeel was uit één tot veroordeling**, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak. – Romeine 5:16

Ons moet die vers noukeurig ondersoek, want baie lees in hierdie vers dat God Adam veroordeel. Hier is 'n bekende verklaring:

> Die oordeel — Die vonnis; die boete van die uitspraak. Die woord verwys na die vonnis wat deur 'n regter opgelê word tydens die uitspraak. Hier beteken dit die vonnis wat God as regter aan Adam opgelê het vir die een oortreding, wat homself en sy nageslag in puin gelê het. – Génesis 2:17; Génesis 3:17–19.
> – *Albert Barnes Commentary* (Vry vertaal)

Verskeie Bybelvertalings ondersteun blykbaar die gedagte dat dit God is wat Adam veroordeel.

> En met die gawe van God is dit anders as met die sonde van die een mens. **Op die oortreding van die een mens het die oordeel gevolg en dit het tot veroordeling gelei**, maar op die baie oortredings het die genadegawe gevolg en dit het tot vryspraak gelei. – Romeine 5:16 (1983)

> En die resultaat van God se genadegeskenk verskil radikaal van die resultaat van die een mens, Adam, se sonde. **Want hierdie een mens se sonde het gelei tot veroordeling**, maar ons ontvang die genadegeskenk van God se vryspraak, al staan ons skuldig aan 'n menigte oortredings. – Romeine 5:16 (NLV)

Hierdie vertalings dui aan dat Adam se oortreding die veroordeling van God op hom gebring het. Ons onthou egter dat Jesus in Johannes 5:22 vir ons gesê het dat die Vader niemand oordeel nie, dus kan dit nie so wees nie. Sien die *Young's Literal Translation*:

> En die gratis gawe is nie deur een wat gesondig het nie, want **die oordeel is wel van een, tot veroordeling**, maar die gawe is van baie oortredings tot 'n verklaring van "Regverdig" – Romeine 5:16 (YLT – Vry vertaal)

Ons sien uit hierdie vertaling dat die oordeel *van* een tot veroordeling is. Die Griekse woord *van* wat hier vertaal word, is *ek*, wat beteken:

> 'n Primêre voorsetsel wat oorsprong aandui (die punt waarvandaan beweging of aksie voortgaan), vanaf, uit. *Strong's Concordance* (Vry vertaal)

Dit verklaar dat die oordeel van een, Adam, tot veroordeling gekom het. Adam is die menslike oorsprong van oordeel en veroordeling. Daarteenoor staan Christus as 'n gratis gawe van Sy geregtigheid in ruil vir baie oortredings. Christus is die teenoorgestelde van Adam. Christus skenk vrylik genade en geregtigheid terwyl Adam oordeel en veroordeling uitdeel. Die grootste deel van die Christelike wêreld het die betekenis van hierdie vers heeltemal misverstaan.

Vroeër in Romeine hoofstuk 5 sien ons dieselfde probleem ontstaan omtrent wie die veroordeling doen.

> Maar **God bewys sy liefde tot ons** daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Veel meer dan **sal ons**, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, **deur Hom gered word van die toorn**. – Romeine 5:8–9

Van wie se toorn is ons verlos? Kom ons kyk na 'n paar vertalings:

> Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die **straf van God** gered sal word. – Romeine 5:9 (1983)

> Christus het gesterf, en daarom het God ons vrygespreek. En daarom kan ons baie meer seker wees dat Christus ons ook sal red **sodat God ons nie sal straf nie**. (Die Bybel vir Almal)

> Veel te meer, nadat ons nou deur Sy bloed geregverdig is, sal ons deur Hom gered word van die **toorn van God**.
> – Romeine 5:9 (New American Standard Bible – Vry vertaal)

> Aangesien ons nou geregverdig is deur sy bloed, hoeveel te meer sal ons van **God se toorn** gered word!
> – Romeine 5:9 (New International Version – Vry vertaal).

Die woorde "van God" word deur die vertaler in die NASB verskaf en hulle erken dit met kursief, maar in die NIV en ander vertalings word dit bloot uitgedruk as God se toorn. Die Grieks bevat glad nie die woord *God* nie. Indien die toorn van God bedoel word in vers 9, dan verwar dit die betekenis van vers 8 waar God Sy liefde teenoor ons betoon. Kan

ons terselfdertyd liefde en woede teenoor iemand betoon? Kan ons tegelykertyd iemand red en doodmaak?

Die Ou Afrikaanse 1933/53 vertaling (asook die Die New King James en die King James) vertaal dit korrek. Hierdie vertalings sê eenvoudig dat ons van toorn gered sal word. Van wie se toorn is ons verlos? Vers 10 vertel ons dat ons die vyande van God was. Die vers reeds vermeld, Romeine 5:16, sewe verse later, vertel ons dat veroordeling uit Adam gekom het. Daarom word ons deur Christus gered van die veroordeling wat ons van Adam geërf het.

In hierdie konteks maak die beroemde vers van Romeine 8:1 soveel meer sin.

> Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
> – Romeine 8:1

Daar kan geen veroordeling wees wanneer jy met die Gees van Christus vervul word nie, omdat Christus nie veroordeel nie. Indien jy Sy Gees het, sal jy nie veroordeel nie. Dit is wat Jesus ons geleer het.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.
> – Matthéüs 7:1

Die meeste mense glo dat die rede waarom ons nie veroordeel word wanneer ons in Christus is nie, is omdat Jesus ons beskerm teen die veroordeling van God. Dit is 'n verskriklike gedagte omtrent hoe God is en dit is onwaar, want Jesus het vir ons gesê dat die Vader niemand oordeel of veroordeel nie.

Wanneer ons in Christus is, verlaat die gees van veroordeling ons en word dit vervang deur die Gees van die Vader en Sy Seun; 'n Gees wat ander nie veroordeel nie en daarom hou ons ook op om ander te veroordeel.

Kan jy sien dat dit Adam was wat die Seun van God van die begin af geoordeel en veroordeel het, en aangesien moord voorafgegaan word deur veroordeling, is die Lam van die grondlegging van die wêreld af geslag?

Indien ons ons voorstel dat Romeine 5:16 sê dat God Adam geoordeel en veroordeel, wys ons dat ons net soos Adam dink; ons dink dat God die Een is wat veroordeel, terwyl dit in werklikheid ons is. Ons projekteer ons denke op God en stel ons voor dat Hy soos ons is.

> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy!... – Psalm 50:21

# 5. Persepsie, Projeksie en Werklikheid

Ek het onlangs mense se opmerkings gelees nadat ek by my soekenjin ingetik het: "Jy is nie die persoon wat ek gedink het jy is nie." Ek het 'n aantal verhale gelees van mense wat hul woede, hartseer en teleurstelling uitgespreek het, omdat hulle besef het dat die persoon met wie hulle 'n verhouding gehad het, nie regtig was soos hulle gedink het die persoon is nie. Persepsie en werklikheid was totaal verskillend.

Die gebeure wat saamgesnoer word om twee mense te laat verlief raak, word deur die twee partye dikwels heeltemal anders vertolk. Die glimlaggies, die geskenke en die aanraking wat gewoonlik deur die vrou vertolk word dat die man in wie sy belangstel, regtig vir haar omgee, kan iets anders beteken. Ongelukkig is hierdie gebeure dikwels dinge wat die man bereid is om te doen om te kry wat hy wil hê. Dit kan natuurlik ook andersom gebeur; daar is potensiële manipulasie in enige verhouding in ons wêreld.

Hierdie dinge gebeur gereeld indien jy te vinnig ernstig met iemand raak, voordat jy tyd het om sy/haar ware karakter te leer ken.

Terwyl ek die verhale deurgelees het, het ek 'n ander verhaal raakgeloop wat tot sommige van die uitdagings spreek waarmee ons Vader in die hemel te kampe het, met die hantering van die menslike geslag:

> Aan die polisiebeampte wat my hospitaal toe geneem het:
>
> Ek was doodbang dat jy op my sou skree, my sou slegsê, my sou vertel hoe selfsugtig en lafhartig dit was om my eie lewe te probeer neem. In plaas daarvan het jy my op die voorste sitplek laat sit terwyl jy bestuur het en my gevra of ek van die musiek hou wat oor die radio speel. Jy het gemaak asof jy my nie sien huil nie.[20]

Terwyl die polisiebeampte hierdie dame genader het, het sy haar voorgestel dat hy haar oordeel en haar sou straf vir haar optrede. In hierdie verhaal het sy haar oorspronklike persepsie van die polisieman laat vaar en begin om sy optrede as liefdevol en vriendelik te interpreteer.

Hierdie verhaal kon anders geëindig het. Indien die polisieman haar sou gevra het om in die motor te klim, sou sy haar miskien kon indink dat hy haar wou aankla en alles onthul wat sy gedoen het. Sy mag miskien op die polisieman geskree het en vir hom gevra het om haar alleen te laat. Al haar optredes sou gebaseer wees op hoe sy polisiemanne beskou; haar persepsie sou 'n groot invloed gehad het op wat werklik gebeur het.

Sê nou hierdie dame het huis toe gegaan en haar dogter vertel van hierdie "aaklige polisieman" wat haar probeer leed aandoen het en sodoende haar dogter 'n negatiewe persepsie gegee het van die polisie?

---

[20] www.reddit.com/r/UnsentLetters/comments/gg2lps/ to_the_police_officer_who_drove_me_to_the/ Posted May 2020

Die persepsie word geërf en oorgedra na die volgende geslag en die wanopvatting word voortgesit.

**Adam het nie gewag om met God te praat om Hom te vra vir leiding omtrent wat hy moes doen nie. Hy het sake in eie hande geneem en die situasie beoordeel.**

Toe Adam die vrug van die boom geëet het, het hy dit gedoen onder die wanindruk dat God sy vrou sou doodmaak weens haar oortreding. Hy het die woorde van God verstaan dat – as jy van die *boom van die kennis van goed en kwaad* eet, dan sal jy sterwe – om te beteken dat God hulle sou doodmaak (Génesis 2:17).

Die werklike betekenis van die Hebreeuse woorde is *sterwend sal jy sterf*. Toe Eva die woorde van God aan die slang aangehaal het, het sy die betekenis net effens verander om te sê dat indien ons van die vrug eet, dat ons *moet sterf* (Génesis 3:3). Dit was hierdie persepsie wat Adam tot die slotsom gebring het dat God die dood van sy vrou vereis het In uiterste mismoedigheid het Adam besluit om saam met Eva te deel aan die gevolge wat sy, soos hy verstaan het, in die gesig staar.

Adam het God nie direk in sy gedagtes uitgetart het nie, nogtans was sy besluit om die vrugte te eet gebaseer op 'n verkeerde opvatting van God se karakter. Hy het nie die volle implikasies van sy optrede verstaan en hoe dit sy eie karakter sou verander nie. Adam het nie gewag om

met God te praat, om Hom te vra vir leiding omtrent wat hy moes doen nie. Nadat Adam die vrug geëet het, het die gees van Satan in groter mate in sy hart geheers. Hy het sake in eie hande geneem, en gedink dat God hulle veroordeel het, terwyl Adam in werklikheid God nou veroordeel het. Adam het dit wat hy self waargeneem het, op God geprojekteer. Sy persepsie was egter nie in ooreenstemming met die werklikheid nie.

Adam het hom voorgestel dat God 'n wese is wat oordeel, veroordeel en straf. Hy het dit so verstaan, want dit is wat hy in sy gedagtes teenoor God gedoen het.

1. Hy het God as onregverdig beoordeel.
2. Hy het God as't ware ter dood veroordeel.

Om hierdie dinge omtrent God te dink, het eenvoudig beteken dat, toe hy God genader het, hy hom voorgestel het dat God aan hom sou doen presies dit wat hy begeer het om aan God te doen. Dit lei ons na 'n belangrike beginsel:

Indien ons verkeerde persepsies van beduidende mense in ons lewens koester, tree hierdie persepsies soos 'n spieël op wanneer ons in hierdie mense se teenwoordigheid kom en kommunikeer met hulle.

Adam se wanopvatting van God se karakter het opstand in die gedagtes van Adam laat ontstaan, wat ontluik het in 'n verskuilde begeerte om die Seun van God dood te maak. Dus, toe die Seun van God Adam nader in die tuin, het Adam die ding wat hy aan die Seun van God sou doen,

gevrees. Adam het die Seun van God gehaat en Hom veroordeel weens die situasie waarin hy was en hy wou Christus dood hê, daarom het Adam gevrees dat die Seun van God hom haat, hom veroordeel en wou doodmaak. Dit is baie belangrik om hierdie gedagte te begryp indien ons die behoefte aan en die betekenis van die oordeel wil verstaan.

Ons sien hierdie beginsel in Kain. Nadat Kain sy broer vermoor het, het hy gevrees dat ander hom sou wou doodmaak.

> Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en **elkeen wat my kry, sal my doodslaan**. – Génesis 4:14

In die sielkundewêreld word hierdie proses sielkundige projeksie genoem:

> Sielkundige projeksie is 'n verdedigingsmeganisme waarin die menslike ego homself verdedig teen onbewuste impulse of eienskappe (beide positief en negatief) deur hul bestaan op sigself te ontken en dit aan ander toe te ken.[21]

Terwyl die Seun van God in die tuin Adam nader en Adam se hart gevul is met oordeel, veroordeling en dood teenoor Hom, projekteer Adam in selfverdediging sy denke op die Seun van God en daarom op God self. Adam was onbewus van die impulse wat in hom was. Hy het hulle bestaan in homself ontken en hy het hulle eerder aan die Seun van God toegeskryf.

---

[21] https://en.wikipedia.org/wiki/Psychological_projection Accessed November 2020

Hoe kon Adam bereik word? Hoe kon hy gebring word om sy natuurlike gevoelens teenoor die Seun van God en by uitbreiding, Sy Vader, te verstaan?

Adam is die menslike oorsprong van die veroordeling van ander en het dit aan sy kinders oorgedra en hulle het dit aan hul kinders oorgedra. Sodoende word veroordelende uitsprake deur alle mense gemaak, want almal het op hierdie punt gesondig. Hierdie veroordeling lei tot al die onheil wat in die wêreld bestaan.

Watter proses sou nodig wees om aan Adam sy ware toestand te openbaar, terwyl die genade en vergifnis van God, Wie ten volle gereed was om hom sonder geld en sonder prys te vergewe, terselfdetyd aan hom geopenbaar kan word? (Jesaja 55:1). Hoe kon die mens se diepgewortelde wanopvatting van God herstel word?

# 6. Vervloek is die Aarde om Jou Ontwil

Het jy al ooit verskillende soorte sade ondersoek? Kan jy sê wat elke saad sal produseer? Dit verg 'n geoefende oog om te kan identifiseer wat 'n spesifieke saad sal produseer. Indien ons geen voorafgaande kennis het van wat in die saad is nie, moet ons dit plant, natmaak en dophou terwyl dit groei om agter te kom watter saad dit is. Wanneer die blom of vrugte daarvan opkom, kan ons die vrug daarvan sien en die effek daarvan proe en weet of dit goed of sleg is (Matthéüs 7:16–20).

Die slegte saad wat in Adam was, moes groei en hy moes die geestelike vrug daarvan ervaar om sodoende die saad se identiteit/karakter te onderskei en te weet of dit goed of sleg was.

> En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – **vervloek is die aarde om jou ontwil**; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. (19) In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.
> – Génesis 3:17–19

Die vloek wat op die aarde (of die grond) geplaas is, kom nie van God nie; die vloek het in die hart van Adam bestaan en is in die grond geplaas deur sy rol as hoof, wat oor die grond heers. Nogtans het Adam nie geweet dat sy hart vol vervloekinge was nie.

Terwyl Satan met God getwis het oor die karakter van Job, was hy seker dat hy hierdie vloek uit Job sou kon voortbring. Dit is Satan se woorde aan God:

> Het U nie self hom [Job] en sy huis en alles wat hy het, aan alle kant rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. (11) Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het – waarlik, hy sal U in u aangesig seën [vloek]! – Job 1:10–11

God het Job grootliks geseën. Satan het gehoop dat hy die vloek wat Job van Adam geërf het, uit Job sou kon ontlok deur onheil op Job te bring. Nadat Job alles verloor het, insluitende sy kinders, het die vloek wel vorendag gekom, van Job se vrou af:

> Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën [vloek] God, en sterf! – Job 2:9

Paulus lê dit duidelik uiteen wanneer hy oor die menslike toestand praat:

> Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (11) Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. (12) Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. (13) Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle

bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. (14) **Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid**. – Romeine 3:10–14

God het geweet dat die vervloeking en verbittering in die hart van Adam sou manifesteer in die saad wat hy geplant het; of dit saad van sy woorde, sy sperm, of sy sade van die botaniese wêreld was. Al hierdie dinge sou die vervloeking in sy hart teenoor God openbaar. God het Adam met liefde die tyd gegun om die gevolge van die saad wat in hom was, te sien. Om Adam hierdie tyd te gun, moes die Gees van God by Adam woon en sy daaglikse vervloeking en verbittering verduur om hom lank genoeg aan die lewe te hou om die saad in hom te verstaan.

Adam, wat uit die aarde gevorm is, het 'n saadjie binne-in sy vrou, van sy eie rib gemaak, geplant. Uit hierdie 'moeder aarde' is Kain voortgebring na die beeld van sy vader Adam en sy moeder Eva. Deur Adam se verdediging van homself, deur vir God te sê dat die probleem veroorsaak is deur die vrou wat Hy gemaak het, het Adam die hemel en die aarde vervloek. Die aarde waarvan Eva gemaak is, is deur Adam vervloek. Die aardse vrou sou die saad van Adam laat groei en die resultate sou gesien word.

Terwyl Adam die bebloede vorm van sy seun Abel aanskou het, het hy met afgryse die vrug van die vloek wat in hom was, aanskou. In Kain het die saad van sy vader, wie God geoordeel en veroordeel het, gegroei, Dit is geopenbaar deur Kain wat sy broer Abel oordeel, veroordeel en doodmaak. Adam het hierdeur die vrug van sy eie saad, wat hyself geplant het, ervaar.

Sou Adam die vergrote vrug van sy eie slegte saad in hierdie optrede sien? Of sou hy aanhou om hierdie boosheid te laat groei deur Kain te oordeel en te veroordeel vir sy boosheid?

Elke ding in die tuin wat lewe het onder die vervloeking van Adam geleef. Daar was geen plek in die tuin waar sy stem nie gehoor is nie. Sy meetsnoere (of boodskappe) het deur die hele tuin gegaan tot op die uithoeke daarvan (sien Psalm 19:4,5). Die klankgolwe wat deur Adam voortgebring is, het teen die delikate skepping, wat geskep is om die stem van seën te ontvang, gestamp en gestoot, en is so deur Adam se stem beïnvloed.

> Ek het die opdrag gekry om te seën. Hy het geseën en ek kan dit nie omdraai nie. – Númeri 23:20 (Nuwe Lewende Vertaling)

Lank voordat Kain Abel veroordeel en vermoor het, het God aan Adam nog 'n weerspieëling van die vervloeking in hom geopenbaar. In die simbool van die vloek op die vyeboom het Jesus die dissipels geleer van die selfopgelegde vervloeking wat op die Joodse volk rus, wat sou lei tot hul vernietiging, tensy hulle berou toon. Op 'n soortgelyke manier as hoe Christus die vervloeking op die vyeboom gebruik het om 'n les oor te dra, het God die simbool van die geslagte lam gebruik om die selfopgelegde vloek wat op Adam gerus het, te openbaar, 'n vloek wat sy vernietiging sou veroorsaak tensy hy berou toon.

> En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.  – Génesis 3:21

Hierdie velle wat aan Adam en Eva gegee is, was ten koste van die lewe van 'n onskuldige dier. Kort na hierdie gebeurtenis verneem ons dat

Abel van die lammers van sy kudde gebring het om as offer aan die Here te bring. Abel het van sy vader geleer omtrent die proses van die offerlam. God het aan Adam gewys wat hy aan Sy Seun doen deur hom te leer om ‘n lam te slag.

> U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. – Psalm 40:6

> Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. (23) Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My ‘n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. – Jeremia 7:22–23

God het nie hierdie offer vereis om Hom te behaag nie; in genade het God aan Adam gewys wat in sy hart was.[22] Dit het Adam die geleentheid gegee om tot bekering te kom. In die geslagte lam kon Adam die vrug van sy veroordelende uitspraak sien – dit het gelei tot die dood en wat erger is, tot die dood van die Onskuldige.

Die saad wat in Adam se hart was, het in die dood van die lam gemanifesteer. Adam se verborge motief om die Seun van God te oordeel, veroordeel en dood te maak, is in die dood van die lam geopenbaar.

---

[22] *Kruis-Belewenis – Ondersoek die Kruis,* beskikbaar by *vadervanliefde.com*, bevat meer inligting oor hierdie onderwerp.

# 7. Kyk hoe lyk die man!

Terwyl die bebloede gedaante van die Seun van God aan die volk getoon is, nadat hy met die sweep geslaan, gespot, gekastei en mishandel is, roep Pilatus nie net diegene op wat die dag in Jerusalem vergader het nie, maar ook die hele mensdom: *Kyk hoe lyk die man nou!* (Johannes 19:5 Bybel vir Almal).

Terwyl ons die kosbare Seun van God aanskou, wat edel voor Sy beskuldigers staan terwyl hulle skreeu–vra dat Hy omgebring word, leer ken ons die ware natuur van ons vlees. In Christus Jesus, Sy verhoor, Sy veroordeling en Sy dood, word die slegte saad wat deur Satan in Adam geplant is, ten volle aan ons duidelik gemaak.

Christus, as 'n Seun van Adam, gebore uit 'n vrou (Galásiërs 4:4), gemaak uit die stof van die aarde, is vervloek om ons ontwil, sodat ons die ware karakter van die boosheid in ons kan onderskei. Met hierdie kennis wil God hê dat ons ons moet bekeer van ons sondes en ons wantroue in Hom, en eerder glo dat Hy goeie bedoelings teenoor ons het. Dan sal ons weet waarvoor om te bid en glo dat Sy genade altyd aan diegene wat dit van Hom vra, beskikbaar sal wees.

God het in Christus die wêreld met Homself te versoen (2 Korinthiërs 5:19). Net soos God Adam toegelaat het om die onskuldige lam dood te maak as 'n waarskuwing vir wat in die mens was, het God Sy Seun aan ons oorgelewer, sodat ons ons ware toestand kon sien en ons daarvan sou bekeer.

Terwyl die mens in hul gevalle toestand na die Kruis kom, kyk hulle (deur die duisternis) met welbehae na wat hulle verstaan as goddelike geregtigheid en veroordeling vir hul sonde.

> Die HERE regeer! Laat die aarde juig. Laat die talle eilande bly wees. (2) Wolke en duisternis omring Hom. Reg en geregtigheid is die grondslag van sy troon. (3) Vuur gaan voor Hom uit en al sy teenstanders verbrand. – Psalm 97:1–3 (Nuwe Lewende Vertaling)

> Christus het ons losgekoop van **die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word** – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – Galásiërs 3:13

Die onderrig van die wyse (die wet van God) is 'n fontein van lewe vir die wyse (Spreuke 13:14), maar hierdie wet bring 'n vloek oor diegene wat vol vervloeking en verbittering is.

> Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. (13) Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word.
> – Romeine 7:12–13

Dit was Adam wat die wet van die sonde en die dood aangeneem het, wat veroordeling en dood vir oortreding geëis het. Adam het hierdie wet op God geprojekteer en geglo dat dit die wet van God was.

> Kan 'n bose regeerder aan U verbind wees, iemand wie se wette ellende [boosheid] bring? – Psalm 94:20 (NLV)

Die natuurlike mens lees alles deur Adam se lens van veroordeling en dood. Daarom word die Kruis van Christus beskou as God se veroordeling en dat Hy vereis om die dood op Sy Seun te plaas as plaasvervanger vir ons oortredings. God was bereid om ons tegemoet te kom met dit wat ons wel begryp, om ons te oortuig van Sy ewige genade en vergifnis, in die hoop dat ons uit hierdie duisternis sou kom en sien dat Hy nie die een was wat ons veroordeel het nie, maar eerder ons wat die situasie beoordeel en onsself ter dood veroordeel vir ons sondes. Dit word bewys deur die werklikheid van ons veroordeling wat lei tot die begeerte dat ander gestraf word.

Die beoordeling, die veroordeling en dood van Jesus wys ons die ware karakter van ons vlees en die vloek wat van nature voorkom in ons aardse woning. Dit is hoe die mens probleme oplos – deur verhoor, veroordeling en straf.

Indien die mensdom die les van die kruis geleer het, wat ons ware menslike verdorwenheid geopenbaar het, sou ons in die afgelope 2000 jaar 'n heel ander geskiedenis beleef het. In plaas daarvan is die saad van die waarheid, wat Christus 2000 jaar gelede geopenbaar het, weer bestem om die reg, die veroordeling en die dood in die gesig te staar as deel van die finale verwerping van die Seun van God in Sy volk en Sy boodskap, deur die oorgrote meerderheid van die mensdom.

Ons sal enkele dele van hierdie veroordelingsproses naspeur; hoe ons dit ervaar as God se oordeel oor ons, terwyl dit in werklikheid ons oordeel oor ander is, wat op God geprojekteer word.

Net soos God Sy Seun oorgelewer het om ons te wys hoe ons in die verhaal van die Kruis optree, is God eweneens bereid om Sy reputasie prys te gee, om valslik as 'n veroordelende regter beskou te word, sodat ons onsself hopelik in hierdie proses kan sien en berou toon oor ons wanbegrip van Hom.

# 8. Om die Vader te Beoordeel

> Hy het ook gesê: ʼn Man het twee seuns gehad. (12) En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel. (13) En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.
> – Lukas 15:11–13

Wat met die vader in die gelykenis van die verlore seun gebeur het, is die ervaring van baie ouers. Deur interaksies met hul maats, kyk kinders na hul ouers met ander oë. Die begeerte om ons kinders van baie gevare te red, word geïnterpreteer as onderdrukkende beperking en beheer. Baie ouers oefen weliswaar buitensporige beheer oor hul kinders uit, maar dit was nie die geval in die verhaal wat Jesus vertel het nie.

Wanneer die seun sy erfenis vooraf vra en sy vader se teenwoordigheid verlaat, openbaar dit die oordeel van die seun teenoor sy vader. Die versoek om die erfenis sê in der waarheid: "Ek kan nie wag dat u sterf nie, gee my nou wat myne is."

In die verhaal het die vader nie die seun vergeld of veroordeel nie. Daar staan dat hy sy lewensonderhoud tussen hulle, sy twee seuns, verdeel het. Die woord in Grieks is *bios*, wat *lewe* beteken. Die vader se hart sou

gebreek gewees het deur hartseer oor die feit dat sy jonger seun hom wou verlaat. Die vader was baie lief vir sy kinders en dit het hom vreeslik seergemaak om te weet dat sy seun die huis wil verlaat, veral omdat hy weet dat sy seun nog onvolwasse is, sodat hy op sy eie baie sou ly. Ten koste van homself gee die vader aan sy seun wat hy begeer.

Die seun betuig geen dank vir hierdie geskenk nie en waardeer dus nie wat gegee word nie. Hy spandeer die geld met spandabelheid, want hy ken nie die waarde daarvan nie. Dit het die vader se hart verpletter om hierdie geskenk aan sy seun te gee, en tog het die seun dit glad nie waardeer nie.

Na verloop van tyd het die seun die erfenis wat aan hom gegee is, verkwis en die gevolge van sy swak besluite begin dra. Toe dinge regtig sleg uitdraai, het hy aan die huis begin dink.

> Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! (18) Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, (19) en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge. – Lukas 15:17–19

Hier kry ons insig in die seun se denke. Hy glo nie dat hy sy vader as seun kan nader nie, maar eerder as 'n dienskneg of slaaf. Toe die seun tuis gewoon het en vir die vader gewerk het, het hy gedink sy vader is 'n slawemeester. Hy wou weggaan, omdat hy gevoel het dat sy vader hom probeer beheer en sy vryheid inperk.

Toe die seun terugkom huis toe, spreek hy sy gedagtes teenoor sy vader uit. Daar is geen konsep van vergifnis in sy denke nie. Hy dink hy gaan gestraf word vir sy sonde. Hy spreek sy eie oordeel uit en hierdie keer is dit teen homself. Hy aanvaar dat hy nie sonder sy vader kan lewe nie, maar hy glo dat hy nou volgens sy bose dade gestraf moet word. Alhoewel sy omstandighede verander het, bly sy siening van sy vader dieselfde as voorheen. Hy sien steeds sy vader as 'n slawemeester.

> En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. – Lukas 15:20

Die seun se oordeel omtrent sy vader was heeltemal verkeerd. Die vader het elke dag gekyk of sy seun sou tuiskom en vir hom gebid. Hy het na sy terugkoms verlang. Hy het sy seun nie veroordeel vir dit wat hy gedoen het nie. Hy het hom heeltemal vergewe vanweë sy innige liefde vir sy geliefde kind.

Kan jy jou voorstel hoe die bejaarde man na sy seun hardloop met trane van vreugde op sy gesig? Hy omhels en soen sy geliefde seun. Daar is geen woede, geen oordeel en geen veroordeling nie; daar is slegs liefde. Hoe hanteer die seun hierdie optrede van die vader?

> En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie. – Lukas 15:21

Indien hy homself sou toelaat om ten volle in sy vader se arms te rus en sy vergifnis te aanvaar, sou hy neergeval en gehuil het saam met sy vader; hy sou die groot pyn wat hy hom veroorsaak het, erken. Sy trots

laat hom nog nie toe om die optrede van sy vader te aanvaar nie. In plaas daarvan gee hy die toespraak wat hy vooraf geoefen het. Hy vra dat 'n slawemeester–dienaar–verhouding aangeknoop word. Hy wil sy groot skuld, wat hy verskuldig is aan die vader, afwerk deur as slaaf te dien. Sodoende wil hy sy vader se guns wen. Hy aanvaar op hierdie stadium nie die vergewensgesinde liefde van die vader nie.

> Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. (23) En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees. (24) Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word. – Lukas 15:22–24

Die vader gaan voort om sy liefde en toegeneentheid op sy seun uit te stort, terwyl die seun steeds met sy vader omgaan op die manier waarop hy homself sou behandel het, indien hy in die plek van sy vader gestaan het. Sy eie oordeelstelsel kom nou op hom neer, en hy is nog nie in staat om die vergewensgesinde liefde van sy vader te omarm nie.

Dit is hier waar die verhaal van die jonger seun eindig. Ons sien hom aan tafel saam met sy vader, geklee in 'n pragtige kleed te midde van groot feesviering. Die finale besluit van die seun word aan jou, die leser, oorgelaat. Sal jy die vader se liefdevolle optrede teenoor jou aanvaar, of sal jy in die geheim 'n slaaf in jou hart bly? Ons Vader in die hemel het jou nog nooit geoordeel nie. Hy het jou Sy lewe gegee, sodat jy daarmee kan doen soos jy goeddink. Hy het jou nog nooit hiervoor veroordeel nie. Beskou jy Hom as 'n slawemeester? Voel jy Sy warm

omhelsing wanneer jy na Hom terugkeer en erken dat jy nie sonder Hom kan lewe nie? Sal jy jou Vader se seun– of dogterskap aanvaar?

> Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; (2) maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. (3) So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. (4) Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, (5) om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. (6) En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (7) Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus. – Galásiërs 4:1–7

**Sal jy die vader se liefdevolle optrede teenoor jou aanvaar, of sal jy in die geheim 'n slaaf in jou hart bly? Ons Vader in die hemel het jou nog nooit geoordeel nie.**

Dit lyk asof die ouer seun dieselfde probleme met oordeel het as die jonger seun. Let op hoe dieselfde regstelsel in die ouer seun is, maar dit manifesteer op 'n ander manier as gevolg van die ander posisie waarin hy teenoor sy vader

gestaan het.

> En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. (26) En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. (27) Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. (28) En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smeek hom.
>
> (29) Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. (30) Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.
>
> (31) Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue. (32) Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind. – Lukas 15:25–32

Die ouer seun het die vader ook as hardvogtig en onregverdig aanskou. Hy het sy vader as slaaf gedien en nie as seun nie. Toe die vader sy liefde oor sy jonger seun uitstort, het die ouer seun hom as verkwistend en onverstandig beskou. Die ouer seun verteenwoordig baie van die Christelike kerk wat God as slaaf dien en hoop om met hul pogings 'n beloning te verdien. Hulle verag diegene wat die wêreld ingaan en hul eie lewens met hoere en goddeloosheid verwoes. Hulle vind

vertroosting in die veroordeling van diegene in die wêreld; hulle kontrasteer hul goeie lewens met diegene daarbuite en hulle sal hierdie wêreldlinge nie in liefde omhels en vergifnis skenk vir hul wêreldse lewe nie. Wie was meer verlore; die jonger of die ouer seun? Die jonger seun het geweet dat hy verlore was, maar nie die ouer seun nie.

In albei gevalle dink die seuns dat die vader 'n slawemeester is. In albei gevalle het die seuns geen plek vir genade gesien nie. Die vader het 'n beroep op albei seuns gedoen om sy liefde te aanvaar en met daardie liefde tevrede te wees. Albei seuns het 'n ware openbaring van die Vader se karakter nodig gehad om hulle eie oordeel en veroordelende houding wat hulle van Adam ontvang het, te verwerp.

# 9. ‘n Openbaring van die Vader

Soos ons vroeër genoem het, vertel Romeine 5:16 ons dat die oordeel wat tot veroordeling lei, by Adam ontstaan het. Daarom sien ons dat die dood deur een man in die wêreld gekom het.

> Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. – Romeine 5:12

Die sonde wat Adam gepleeg het, was om ander te oordeel met veroordeling. Dit is glad nie in harmonie met die karakter van God nie. Veroordelende uitsprake lei die mens daartoe om ander ter dood te veroordeel. Dit is hoe die dood in die wêreld ingekom het.

> Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. – Jakobus 4:11

Met hierdie gevalle gemoedstoestand projekteer die mens hierdie eienskappe op God en neem Hom verkeerd op.

> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.
> – Psalm 50:21

Om die mens se verkeerde sienings omtrent God reg te stel, het ons hemelse Vader Sy Seun na die wêreld gestuur om ons te toon hoe die Vader werklik is. Jesus vertel ons die doel van Sy missie.

> **Ek het U verheerlik op die aarde**. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. – Johannes 17:4

Jesus het die Vader verheerlik, wat beteken dat Hy Sy ware karakter getoon het terwyl Hy op die aarde was. Terwyl hy met een van Sy dissipels gepraat het, het Hy gesê:

> …Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.** En hoe sê jy: Toon ons die Vader?  – Johannes 14:9

Jesus het gesê dat die Vader presies is soos Filippus Hom (Christus) waargeneem het. Om die mens met God te versoen, moet hulle weet hoe Hy in wese is. Sonder die openbaring van Jesus aan die wêreld, sou ons God nooit werklik ken nie, en in plaas daarvan sou ons dink dat Hy soos ons sou oordeel en veroordeel.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (17) **Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie**, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.
> – Johannes 3:16–17

God het Jesus nie na hierdie wêreld gestuur om dit te veroordeel nie, want God veroordeel niemand nie. Hy het Sy Seun gestuur om vir ons te

toon hoe Hy is en sodoende, deur hierdie kennis van Hom, kan Hy ons van ons veroordelende houding red.

> Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. – Johannes 3:18

Die rede waarom diegene wat in die naam of karakter van Jesus glo, nie veroordeel word nie, is omdat hulle Jesus ken, wie nooit enigiemand geoordeel of veroordeel het nie, en daarom weet hulle ook dat God nie oordeel of veroordeel nie. Diegene wat nie in Jesus glo nie, kan nie die waarheid insien dat God niemand veroordeel nie, en die erfenis wat ons almal van Adam ontvang, veroorsaak dus dat diegene wat nie glo nie, ander veroordeel en verkeerdelik glo dat God sondaars veroordeel vir hul sondes.

Jy moet in die karakter van Jesus glo as Een wat nie veroordeel nie, sodat jy kan glo dat jy nie deur God veroordeel word nie. Hierdie waarheid alleen kan ons van die gees van veroordeling, wat ons lewens teister, vrymaak.

Baie mense se lering dui aan dat Jesus aan die Kruis kom sterf het en diegene wat die Kruis nie aanvaar nie, sal deur God veroordeel en in die hel vernietig word. Indien dit waar was, moet daar gesê word dat God Sy Seun in die wêreld gestuur het om die wêreld te veroordeel. Indien God selfs een persoon sou veroordeel, omdat hy die Kruis verwerp het, dan is die uitwerking van die Kruis om veroordeling van God te bring.

> Ek het U verheerlik op die aarde. **Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.** – Johannes 17:4

Hoe is dit moontlik dat Jesus die aand voordat Hy aan die kruis gesterf het, die werk wat God Hom gegee het om te doen, reeds voltooi het?

> Toe sê Jesus vir die owerpriesters en hoofde van die tempel en ouderlinge wat teen Hom gekom het: Het julle uitgetrek soos teen 'n rower met swaarde en stokke? (53) Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. **Maar dit is julle uur en die mag van die duisternis.** – Lukas 22:52–53

Die kruisiging van Jesus was die werk van die duisternis. Dit was die vervulling van die begeerte van Satan van die begin af, asook die manifestasie van Adam se gevoelens teenoor die Seun van God vanaf die sondeval.

Die Kruis van Christus wys vir die mensdom wat in ons harte is; dit openbaar ons natuurlike, onbewuste haat teenoor God (Romeine 8:7). Deur toe te laat dat die mensdom Sy Seun vermoor, het God ons van aangesig tot aangesig gebring met die kwaad wat in ons bestaan as gevolg van ons erfenis van veroordeling van Adam.

Hoe ondeurgrondelik is die liefde van God om toe te laat dat die mensdom dit aan Sy Seun doen. Dit is steeds meer verbasend dat Hy ons ook nie veroordeel nadat ons dit gedoen het nie. Die begeerte van God self is in die woorde van Jesus aan die kruis:

> ... Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.
> – Lukas 23:34a

...**God [het] in Christus die wêreld met Homself versoen** deur hulle hul misdade nie toe te reken nie... – 2 Korinthiërs 5:19a

Die Kruis wys ons dat God bereid was om ons te vergewe, selfs nadat ons Sy Seun doodgemaak het. Christus het aan die ganse heelal geopenbaar dat God steeds weier om ons te veroordeel, maar vryelik genade aan ons gebied het.

> Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. (44) Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg, (45) sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.
> – Matthéüs 5:43–45

Ons Vader is lief vir diegene wat Hom as 'n vyand beskou; Hy seën diegene wat Hom vervloek. Jesus het dit duidelik op aarde gedemonstreer. Jesus het nie diegene wat Hom verwerp het, geoordeel, veroordeel of omgebring nie – Hy is eerder deur die kinders van Adam geoordeel, veroordeel en omgebring.

Deur toe te laat dat Hy geoordeel, veroordeel en doodgemaak word, het Jesus geopenbaar wat in ons harte is, nie om ons te veroordeel nie, maar om, sodra ons ons verskriklike bose toestand besef, aan ons genade te bied.

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword. – Romeine 5:20

Ons weet almal dat Jesus onskuldig was aan die misdade waarvan Hy beskuldig is. Hy was 'n bron van vreugde en seën vir almal rondom Hom. Hy het die siekes genees, dooies opgewek, die kinders geseën en almal vertel van die liefde van Sy Vader vir hulle.

Hy het die mense om Hom wat in sonde gewandel het, gewaarsku en hulle aangespoor om tot bekering te kom. Hy het Sy teregwysing in liefde en hartseer uitgespreek vir diegene wat nie wou luister nie.

> Deur toe te laat dat Hy geoordeel, veroordeel en doodgemaak word, het Jesus geopenbaar wat in ons harte is, nie om ons te veroordeel nie, maar om, sodra ons ons verskriklike bose toestand besef, ons genade te bied.

Sy volmaakte lewe bied vir ons die enigste ware maatstaf van God hoe in Sy wese is. Dit is Sy karakter wat vir ons bepaal wat is waar en wat is vals. Indien ons hierdie openbaring van die Vader nie aanvaar nie, sal ons verward wees wanneer ons die Skrif lees vanweë ons oorerflike neiging om skuld op God te projekteer.

Die skuld wat Adam op God gelê het toe hy gevra is

waarom hy die vrug van die boom geëet het, kom voor in elke Bybelleser. Die manier waarop ons die verhale van die Ou Testament lees, word bepaald beïnvloed deur ons natuurlike neiging om te oordeel en te veroordeel.

Dit is slegs die lewe van Jesus, soos op aarde geopenbaar, wat ons kan help om die Ou Testamentiese verhale korrek te lees. Indien ons dit nie doen nie, en eerder besluit om die heerlikheid van God se karakter soos dit in Sy Seun geopenbaar word, te verwerp, plaas ons 'n sluier oor ons oë wanneer ons die Skrif lees.

> Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; (13) nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. (14) Maar hulle sinne is verhard. **Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word**. (15) Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; (16) maar **wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem**. (17) Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. (18) En **terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.** – 2 Korinthiërs 3:12–18

Wanneer jy wil weet hoe God sou optree, lees gerus die eerste vier boeke van die Nuwe Testament wat praat van die evangelie van Jesus Christus. Dit is die maatstaf vir die karakter van God.

Jesus wys vir ons in die verhaal van die twee verlore seuns hoedat die Vader nie oordeel nie. Dit is die seuns wat die Vader geoordeel het. Maar wat van verse soos die volgende?

> Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. (14) **Want God sal elke werk bring in die gerig** wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg. – Prediker 12:13–14
>
> Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, **daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag**. (37) Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word. – Matthéüs 12:36–37
>
> **Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn**, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het; of dit goed is of kwaad.
> – 2 Korinthiërs 5:10

Ons kom in die versoeking om hierdie verse te lees en tot die gevolgtrekking te kom dat God alles wat ons doen, sal oordeel, maar hoe pas ons hierdie idee in met wat Jesus in Sy lewe geopenbaar het en wat Hy ons vertel?

> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee – Johannes 5:22

> Julle oordeel volgens die vlees. Ek [Jesus] oordeel niemand nie.
> – Johannes 8:15

Dat daar wel 'n oordeel sal wees, is verseker. Dit is waar dat ons alles wat ons al ooit gedoen het, in die gesig sal staar. Die vraag is: Wie gaan die oordeel behartig? Is dit moontlik dat God alles in 'n proses van oordeel kan bring sonder om Self iemand te oordeel?

Ja, inderdaad sal daar 'n oordeel wees, en Jesus openbaar presies hoe daardie oordeel sal plaasvind.

# 10. Ek Veroordeel Jou Ook Nie

Hier is eenvoudige aanduidings wat jou in staat kan stel om sonder vrees deur die oordeel te gaan.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (2) Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. – Matthéüs 7:1–2

Ek het hierdie vers voorheen deur my Kersvader–denkpatroon gelees. Wees versigtig, want God maak 'n lys van al jou dade en Hy kom om jou terug te betaal. Deur die lens van veroordeling wat ek van Adam geërf het, het ek in hierdie vers gelees dat God diegene wat oordeel en veroordeel, sal oordeel en veroordeel. Terwyl ek hierdie woorde tik, staan ek verbaas dat ek nie die teenstrydigheid van hierdie tipe denke kon insien nie.

Hoe kan dit dan moontlik wees dat God by 'n oordeel betrokke kan wees sonder dat Hy enigiemand veroordeel? Kom ons kyk na die volgende verhaal:

> Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan. (2) En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. (3) En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. (4) En toe hulle haar tussen hulle in laat

> staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; (5) en Moses het ons in die weg bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?
> – Johannes 8:1–5

Sommige van die Joodse leiers het 'n arme vrou na Jesus gebring, sodat Hy haar saak moet aanhoor. Hulle woorde het aangedui dat hulle haar reeds vir haar owerspel geoordeel en veroordeel het. Die feit dat hulle haar op heter daad betrap het, dui daarop dat hierdie mans iets met die saak te doen gehad het en geweet het wanneer dit sou plaasvind. Desondanks het sy egbreuk gepleeg en volgens die wet was dit verkeerd, en dit blyk uit die geskrifte van Moses dat sy die dood verdien.

> En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. (7) Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.
> – Johannes 8:6–7

Hierdie slinkse manne het gepoog om Jesus vas te trek tussen die wet van Moses en die wet van die keiser. Jesus sê in elk geval nie 'n woord vir hulle nie. Hy kon maklik hulle bose komplot ontbloot en al hul eie bose dade openbaar en hulle ter dood veroordeel vir die dinge wat hulle gedoen het, maar Jesus sê niks. Hy skryf maar slegs op die grond. Die mans het Jesus gedruk om te reageer, en uiteindelik vertel Hy hulle dat dié een wat sonder sonde is, in die posisie is om eerste die vrou met 'n klip te gooi.

As Seun van God, vervul met die Goddelikheid van Sy Vader, kon Hy die geheime van hierdie mans se lewens lees. Hy het op 'n ander plek Sy vermoë om dit te doen, getoon.

> Jesus sê vir haar: Gaan roep jou man en kom hier. (17) Die vrou antwoord en sê: Ek het nie 'n man nie. Jesus sê vir haar: Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie; (18) want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê. – Johannes 4:16–18

Jesus het haar gedrag om vyf mans te hê en dan buite die huwelik met 'n sesde te woon, nie veroordeel nie. Hy het haar bloot gewys dat Hy haar lewensgeskiedenis geken het. Op dieselfde manier het Jesus op die grond geskryf; Hy het geopenbaar dat Hy die lewensgeskiedenis van hierdie mans geken het, maar weereens het Hy hulle nie geoordeel of veroordeel nie. Net soos Jesus die vrou gevra het waar haar man was, wetende dat sy nie in 'n huweliksverhouding is nie, het Hy ook geweet dat hierdie mans, wat hierdie vrou voor die gereg gebring het, nie sonder sonde was nie. Hy het hulle die kans gegee om hulle te bekeer, en verder ook geweier om hulle te veroordeel.

> En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. (9) En toe hulle dit hoor, het hulle, **deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe**; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. – Johannes 8:8–9

Die dinge wat Jesus in die sand geskryf het, het vir hierdie manne sonde–oortuiging gebring. Dit was nie woorde van beskuldiging of

oordeel nie, maar 'n oproep om die dinge van die verlede vorendag te bring vir genesing. Jesus het geopenbaar dat Hy hul ouderdomme geken het deurdat hulle in volgorde van ouderdom weggegaan het. Hierdie mans is voor die gereg gebring deur hul begeerte om beide Jesus en die vrou te oordeel. Dit herinner ons aan wat aanvanklik in die tuin gebeur het. Eva het haar hart aan Lucifer gegee en sy saad aanvaar deur sy leuen te aanvaar en sodoende het sy geestelike owerspel gepleeg. Adam het die Seun van God deur die vrou geoordeel en veroordeel om sy eie foute te regverdig. Dit is deur Adam se eie veroordeling dat hy oordeel oor homself uitgespreek het. Die verhaal in Johannes hoofstuk 8 is 'n allegorie uit die werklike lewe van wat aan die begin gebeur het.

Hierdie mans wat die vrou gebring het, het die tydsberekening van die oordeel bepaal, omdat hulle die vrou na Jesus toe gebring het en haar aan Sy voete gegooi het. Jesus het hierdie manne nie ontbied om hulle te veroordeel nie. Hulle het na Hom gekom om Hom en die vrou te veroordeel.

Dit is hoe die Vader alles in oordeel bring; Hy laat ons toe om die gevolge van ons eie keuses te ontvang. Indien ons wil oordeel, sal lewensomstandighede op so 'n manier uitspeel dat ons onsself sal oordeel op presies dieselfde manier en met dieselfde intensiteit as wat ons ander geoordeel het.

Hierdie mans is deur hul eie gewete skuldig bevind en hulle het hulself geoordeel deur van Jesus af weg te stap. Hulle het Hom nie om genade gevra nie, omdat hulle geen genade aan Hom of die vrou getoon het nie. Die oordeel wat hulle oor die sondes van ander uitgespreek het, het

die oordeel geword wat hulle oor hul eie sondes uitgespreek het en hulle het sonder vergifnis weggestap, weg van die lig van die wêreld.

Jesus het nie oordeel uitgespreek teen hulle of hulle veroordeel nie. In die teenwoordigheid van Jesus was hulle ook by Hom wie met Sy Gees by hulle was deur hulle hele lewensverloop, daarom was hulle van aangesig tot aangesig met hul eie lewensgeskiedenis geplaas. Toe hulle daardie verslag in die lig van Christus se teenwoordigheid sien, het hulle hulself veroordeel en Sy teenwoordigheid verlaat, sodat hulle kon vergeet waaraan hulle herinner is, om sodoende eerder in duisternis terug te sak.

> Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. – Johannes 3:20

Terwyl dit alles plaasvind, het die arme hulpelose vrou die woorde gehoor dat diegene wat sonder sonde is, haar met klippe kan gooi. Sy was in die versoeking om te dink dat Jesus se woorde 'n doodsvonnis was. In die lig van alles wat sy gedoen het, het dit gelyk asof haar lewe nou tot 'n einde sou kom.

> En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is die beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? (11) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. – Johannes 8:10–11

Deur die vrou te vra waar haar beskuldigers is, het Jesus die vrou gevra om self die situasie te beoordeel. Sou sy haar woede uitskreeu teenoor die mans wat haar uitgevang het en haar situasie gebruik om Jesus vas

te trek? Deur dié rondom haar te veroordeel, sou sy haarself geoordeel en veroordeel het, en haarself gestroop het van enige hoop.

Toe sy rondkyk en niemand van die leiers van die kerk daar sien nie, en daarna in Jesus se gesig kyk, skep sy moed. Geloof het haar siel gevul toe sy in die pragtige gesig van haar Verlosser kyk. Hy het haar gevra: "Het niemand jou veroordeel nie?" Die vraag spreek die kernkwessie aan; sy moet nou haar eie saak oordeel. Tonele van haar verlede flits voor haar verby, die duisternis van haar lewe wil haar weer in droefheid aftrek, maar die liefde in daardie gesig en die sagtheid van Sy glimlag bring haar oordeel oor haarself vorendag. "Niemand nie, Here."

Jesus oordeel haar soos sy haar eie saak geoordeel het. Sy woorde was: "Ek veroordeel jou ook nie." Hy weerspieël die presiese oordeel wat sy oor haar saak uitgespreek het. Dit is hoe God ons in oordeel bring. Dit is hoe ons vir elke woord wat ons geuiter het, sal verantwoording doen.

Die rede waarom ons voor die regterstoel van Christus moet verskyn, is dat Adam en sy seuns bepaal het dat daar so 'n oordeel moet wees, omdat hulle die karakter van God beoordeel en veroordeel het, in stryd met wat dit werklik is. Christus weier nie om aan hierdie oordeel deel te neem nie, maar Hy werk op so 'n manier dat elke persoon sy eie saak sal beslis.

> Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; (15) omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl **hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of**

> **ook verontskuldig,** (16) **in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie.** – Romeine 2:14–16

Dit is geweldige goeie nuus as ons twee punte glo:

1. Jy glo dat God jou liefhet en vergewe.
2. Jy glo dat Jesus, terwyl Hy op aarde was, die volle karakter van die Vader geopenbaar het.

Indien jy nie na die verse omtrent die oordeel in die Bybel deur die lewe van Jesus kyk nie, dan sal daar 'n sluier van duisternis wees oor die glans van die Vader se heerlikheid wanneer jy die Skrif lees.

'n Vraag wat uit hierdie verhaal ontstaan, is hoe ken Jesus die sondes van die mans wat vir die oordeelsuitspraak gekom het? Stel dit nie voor dat Hy boekhou daarvan nie? Spreek die Bybel nie van boeke in die oordeel nie en dat ons rekenskap van elke woord wat ons spreek moet gee nie? Beteken dit dan nie dat God dit alles opgeteken het om in die oordeel te gebruik nie?

# 11. Die Wet is Geestelik

In die tweede hoofstuk van hierdie boek het ons die implikasies van die gebruik van toesig en die gewelddadige toepassing van wet en orde in 'n samelewing, ondersoek. In so 'n omgewing word die wet aan die landsburgers voorgeskryf. Hulle onderhou die wet nie omdat hulle oortuig is van die goeie eienskappe daarvan nie, maar omdat hulle bang is vir die strawwe wat opgelê sal word vir oortreding, toegepas deur 'n gewapende liggaam.

Ek wil terugkeer na 'n Bybelgedeelte wat ons vroeër bekendgestel het, en dan deur die proses gaan om dit te versoen met die verklarings van Christus.

> Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en **'n Oue van dae gaan sit het**; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; (10) 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan, **die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen**. – Daniël 7:9–10

Die toneel van 'n hof met boeke van getuienis is vir ons oorbekend. Indien hierdie hemelse hofsaaltoneel inderdaad die Oue van Dae, dit wil sê God die Vader, vertoon wat deur 'n proses van oordeel beweeg, wat besluit wie leef en wie sterf as gevolg van versuim om aan Sy wet te voldoen, moet die volgende woorde van Christus as onwaar beskou word.

> Want die Vader oordeel ook niemand nie... – Johannes 5:22

Hier moet ons 'n belangrike karaktereienskap van die wet bekendstel wat tot dusver ontbreek het. Dit kyk na die wet vanuit ‘n hemelse perspektief.

> Want ons weet dat **die wet geestelik is**, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. – Romeine 7:14

Die wet van God het betrekking op die gees van die mens. Die wet van God is van nature gekoppel aan verhoudings. Dit is 'n wet wat jou vertel wat die effek is van die Gees van God wat in jou woon, eerder as om vir jou te sê wat jy moet doen om God te behaag.

> **Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid** en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.
> – Jakobus 1:25

'n Wet wat gebruik word om gehoorsaamheid af te dwing, is nie 'n wet van vryheid nie, maar eerder 'n wet van inperking. Die wet van God is 'n profesie van wat gebeur met diegene wat God liefhet en met Sy lewe gevul is.

> Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: **Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees**. – Hebreërs 8:10

Hoe skryf jy 'n wet op die hart van 'n persoon? Dit kan slegs deur ‘n persoonlike verhouding gedoen word. Soos wat iemand God leer ken en Hom begin liefhê en na Sy Gees vra, begin die Gees die persoon se hart

verander en die wet van God begin outomaties binne–in hom te werk. Dit is die enigste manier waarop 'n wet vryheid kan oordra.

Waarom verstaan mense dan dat die wet ingestel moet word en dat ons deur God gestraf sal word indien ons dit oortree?

> Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood. – Romeine 7:11

Hoe het die sonde ons deur die wet mislei? Sonde self is nie 'n persoon wat ons mislei nie, maar die sonde het deur Satan ontstaan en deur die sonde het Satan die manier waarop die mens na die wet kyk, verander. Hoe het hy dit gedoen?

> Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. – Génesis 3:4–5

Satan het Adam en Eva oortuig dat hulle lewe nie van God afhanklik is nie. Hy het hulle oortuig dat hulle lewe binne hulself dra en dat hulle onsterflik is. Die waarheid was: Solank as wat hulle van die boom van die lewe eet, sal hulle nooit sterf nie. Indien Satan se woorde waar is, sal enige opdrag wat deur God gegee word, arbitrêr en oorheersend voorkom. Indien ons as mense inderdaad sou kon bestaan sonder om van God afhanklik te wees, kan enige toenadering van Sy kant af om ons raad of leiding te gee, beskou word as geweld.[23]

[23] Vir meer inligting omtrent hierdie onderwerp, sien die boek *Lewenskwessies*, beskikbaar by *vadervanliefde.com*

Deur hierdie leuen wat Satan vertel het, kon hy ons persepsie van die wet van God verander van 'n wet van seën en vryheid, na 'n wet van beheer en tirannie. Ons het as mensdom die wet begin sien as 'n lys wat God ons opgelê het, en dat Hy ons dan sou meet aan hierdie wet om te bepaal of Hy ons in die lewe sou hou of nie.

**Satan het Adam en Eva oortuig dat hulle lewe nie van God afhanklik is nie. Hy het hulle oortuig dat hulle lewe in hulself dra en dat hulle onsterflik is.**

Dit is hierdie verkeerde siening van die wet wat onmiddellik die behoefte skep aan toesig, oordeel en straf. Ons herinner onsself daaraan dat Paulus vir ons sê dat hierdie soort oordeel van Adam afkomstig is en nie van Christus of Sy Vader nie (Romeine 5:16).

Daarom is die grondslag van Satan se koninkryk die leuen dat die mens onsterflik is, of meer direk gestel, dat sy siel onsterflik is. Dit maak God se woord, dat ons kan sterf wanneer ons onsself van Hom deur ongehoorsaamheid ontkoppel, 'n leuen; dit dwing ons in 'n posisie waar ons glo dat die enigste manier waarop ons kan sterf, deur God se hand is wat ons direk teregstel. Dit is die sleutelbeginsel waaruit toesig, oordeel en straf voortkom. Dit is deur hierdie leuen dat Satan deur die wet van God (die insettinge) moeite versin en onheil stig; en so die troon van ongeregtigheid (die regterstoel) gevestig het.

> Het die regterstoel wat ontheil stig, met U gemeenskap; wat moeite versin teen die insettinge in? – Psalm 94:20

> Shall the throne of iniquity have fellowship with thee, which frameth mischief by a law? – Psalm 94:20 (King James Version)

> Sal die troon van die ongeregtigheid gemeenskap met U hê, wat die wet gebruik om onheil te bewerkstellig?
> – Psalm 94:20 (Vry vertaal vanuit KJV)

Indien die wet dan geestelik is en 'n manifestasie is van hoe lewende verhoudings funksioneer, moet daar 'n manier wees om boek te hou van die transaksies van hierdie verhoudings, sodat hierdie verhoudings kan floreer, sodat dit kan groei en ontwikkel, want verhoudings word ontwikkel op 'n reeks gedeelde herinneringe.

# 12. Geskrywe Op die Tafels van die Hart

In die vorige hoofstuk het ons opgemerk dat God die vermoë het om Sy wet op ons harte te skryf en Sy beginsels van liefde in ons verstand te plaas, want die wet is geestelik van aard en spreek tot ons siele.

God het ons wêreld so ontwerp dat die herinneringe aan al ons interaksies met mekaar opgeteken sou word. Ons oë, ore en ander sintuie is met geestelike opnametoestelle toegerus, wat herinneringe in ons harte berg. Elke persoon se lewensgeskiedenis is in sy hart geskryf. Dit is uit hierdie opname dat ons kan onderskei of 'n gesig of stem bekend is of nie. Die apostel Paulus sinspeel op die volgende manier hierop:

> **Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense**; (3) omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, **geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God**; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart. – 2 Korinthiërs 3:2–3

Toe Paulus die evangelie aan ander verkondig en hulle dit omhels het, het die Gees van God die vreugde van geregtigheid deur die geloof op hul harte begin skryf. Die mense het begin verander, en die verslag van hierdie verandering is deur die Gees van God in hul harte geskryf.

Jesus verwys na die Gees van God as die vinger van God. Let op hierdie parallel:

> Maar as Ek **deur die Gees van God** die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. – Matthéüs 12:28

> Maar as Ek **deur die vinger van God** die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom. – Lukas 11:20

Jesus teken met Sy vinger op die tafels van ons harte die verslag van ons lewens aan. Deur middel van die sintuie wat God aan ons gegee het, word hierdie verslag in ons psige opgeskryf. Die akkuraatheid is foutloos. Ons oë kan nie die dinge wat ons gesien en gedoen het uitwis nie, en ons ore kan nie die dinge wat ons deur die loop van ons lewe gehoor het, uitwis nie. Ons kan probeer om dinge wat ons gedoen het, te vergeet, maar die verslag sal altyd in ons harte geskryf wees. Ons is natuurlik mede-outeurs van die verslag, want ons neem self besluite oor watter aksies ons gaan uitvoer.

Wanneer ons geseënde ervarings het, is die herinneringe soet, maar wanneer ons dinge doen wat die heilige verhoudings wat ons met God en mekaar het, skend, word hierdie dinge met 'n ysterpen opgeteken.

> Die sonde van Juda is geskrywe met **'n ystergriffel, met 'n diamantpunt; dit is gegrif [gegraveer] op die tafel van hulle hart** en op die horings van julle altare. – Jeremia 17:1

Die woord vir *diamantpunt* beteken eintlik 'n prikkende doring, soos die prik van ons gewete. Waarom word dit met 'n ysterpen geskryf? Wanneer ons gewete geprikkel word met die gedagte dat ons iets verkeerd doen, en indien ons voortgaan, word ons optrede in ons harte gemerk deur skuldgevoelens. Terselfdertyd verhard die letsels van sonde

ons harte en word ons minder sensitief vir sonde. Hoe meer ons sondig, hoe harder word ons harte totdat ons harte heeltemal soos yster word.

Ons onthou dat hierdie dinge deur die vinger van God in ons harte geskryf is. Dit is ons wat die aksies uitvoer, maar die Gees van God het 'n stelsel ontwerp waarin alles in ons neergeskryf word. God het hierdie stelsel ontwerp om ons te seën, sodat lieflike herinneringe aan die goeie altyd by ons kan wees. Hy het ons nie ontwerp om herinneringe aan hartseer en skuld te dra nie. Ongelukkig, indien ons sondig, word die smekinge van die Gees van God wat verwerp word, in ons geheue neergeskryf. Hoe meer ons die smekinge van die Gees weerstaan, hoe harder word ons harte, totdat ons word soos Farao wie se hart heeltemal verhard was, sodat ons heeltemal onontvanklik vir die Gees van God word.

Op hierdie manier kan verstaan word dat God die sondaar verpletter en in stukke kan slaan.

> U sal hulle verpletter met ‘n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos ‘n erdepot. – Psalm 2:9

Die ysterstaf is die hale van die ysterpen wanneer ons die smekinge van die Gees weerstaan en, in opstand doen wat ons wil. Voortdurende rebellie en weerstand teen God maak die hart so geweldig hard dat die persoon homself voorberei het op vernietiging. Hulle word stukkend geslaan deur 'n ysterstaf of -pen wat soveel skuld en kwaad in die siel opgeteken het dat dit die bedroefde Gees van God volkome verwyder en die gewete met 'n warm yster brandmerk.

> Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang (2) **deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete.**
> – 1 Timótheüs 4:1–2

Ek kan 'n paar gebeure in my lewe onthou toe ek in die versoeking was om teen my gewete te gaan en te sondig – die gevoel in my binneste het baie warm geword. Dit verg moeite om die smekinge van die Gees te weerstaan. Jy moet teen die prikkels van jou gewete skop om dit te doen. Indien jy dit oor en oor doen, word die hart uiteindelik so hard dat dit bros word en dan in stukkies breek.

Ons sien dus dat daar in elke persoon 'n verslag in sy eie hart opgeteken is. Dit is 'n verslag wat niemand kan betwis nie, want elkeen van ons het dit uit vrye wil geskryf. Hierdie verslag is 'n geestelike verslag. Dit word nie met pen of ink of op enige mensgemaakte item aangeteken nie. Terselfdertyd is daar 'n verslag in die hemel van wat ons gedoen het, maar dit word nie in 'n fisiese boek opgeteken nie, maar dit is eerder in die hande van God gegraveer.

> Kyk, Ek het jou in die [God se] handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My. – Jesaja 49:16

Die rede daarvoor is dat ons Vader in die hemel deur Sy Gees elke gebeurtenis in ons lewens aanskou. Die dinge wat ons doen, word deur Hom gesien en gevoel. Dit word in Sy hart opgeteken op dieselfde manier as wat dit in ons hart opgeteken word. Dink aan hoe 'n ouer 'n gewyde herinnering van elkeen van hul kinders in hul harte dra. Die

verslag wat God van ons bewaar is vir Hom van onskatbare waarde. Selfs die hare van ons hoof word deur Hom getel.

> Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. (7) **Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies**. – Lukas 12:6–7

Ons Vader en ons Verlosser teken nie dinge op om ons te straf nie; hulle teken dinge op om in intieme verbinding met ons te bly. Ons lewens is voortdurend in Hul hande en daarom hou Hulle 'n volmaakte verslag van ons lewens in bewaring. Dit is ook die rede dat ons vir diegene wat dit glo, kan sê dat God ons:

> …saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus. – Efésiërs 2:6

Die verslag van ons lewens wat in die hart van Christus geplaas word, word ook deur óns opgestel. Hy laat ons toe om die verslag in Sy hart neer te pen en sodoende word ons in Sy handpalms gegraveer. Dit is dus waar dat God 'n volmaakte verslag van ons lewens het, maar dit word nie opgeteken vir die doel wat ons dink, in terme van toesig, oordeel en straf nie. Dit word opgeteken, want indien iemand lief is vir iemand, waak hulle voortdurend oor hulle en gee vir hulle om en dink aan hulle.

> HERE my God, U het baie wonders gedoen. **U planne vir ons kan met niks vergelyk word nie. As ek van al u wonderdade wil vertel, is dit te veel om op te noem**. – Psalm 40:6 (NLV)

Dit is die rede waarom Christus die harte van die mans wat na Hom gekom het met die vrou wat in owerspel betrap is, kon lees. Hy kon die verslag van hul harte lees en hulle ook daarvan bewus maak; toe hulle in Sy teenwoordigheid kom, kon hulle die verslag nie wegsteek of uitwis uit hul geheue nie. Wat Christus op die grond geskryf het, was slegs 'n herhaling van wat Hy met die vinger van God in hul harte geskryf het en waarvoor hulle self reeds toestemming gegee het.

Dit is om hierdie rede dat God, wanneer Hy die boeke in die hemel oopmaak, na die harte van mense uitreik. Hy benodig geen fisiese boeke soos ons dit vandag gebruik nie, want Sy wet is nie fisies nie, maar geestelik; dis die hantering van sake van die hart en verstand, soos wat dit in die vlees geopenbaar word.

God hou ons nie dop met die doel om ons te oordeel en te veroordeel nie; Hy hou ons liefdevol dop en dink elke dag aan ons en smag daarna om ons te seën.

God hou ons nie dop met die doel om ons te oordeel en te veroordeel nie; Hy hou ons liefdevol dop en dink elke dag aan ons en smag daarna om ons te seën. Dit is hoe die verslag in Sy hart geberg word. Wanneer ons teen God sondig, neem ons daardie ysterpen en steek ons dit deur die sy van Christus en kruisig ons Hom opnuut.

> (4) dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het…
> (6) en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te

> vernuwe, **omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig** en openlik tot skande maak. – Hebreërs 6:4, 6

Die hart van Christus verander nooit in yster nie; elke keer wanneer ons dus ons sondige dade op onsself skryf en Hy gedwing word om dit te aanskou, deurboor dit Hom met hewige pyn. Dit bly elke keer dieselfde, want Hy verhard nooit teenoor sonde nie. Wanneer ons Christus uiteindelik van aangesig tot aangesig ontmoet, sal die verslag wat ons op Hom gegraveer het, ons in die gesig staar – alles – en ons sal dan self besluit of ons vergewe sal word of nie. Hy sal ons vra: "Het niemand jou veroordeel nie?" Wat sal jou antwoord wees? Hoe sal jy jouself oordeel wanneer jy voor Hom staan en elke woord wat jy gespreek het en elke geheime gedagte waaroor jy nagedink het, staan voor jou in die persoon van Christus? Hoe sal jy oordeel? Sal al ons boosheid wat ons onderdruk en weggesteek het, ons oorweldig wanneer ons daardeur gekonfronteer word? Jesus wil nie hê dat ons op daardie laaste dag verras word en in skaamte en skuld, in sak en as gaan sit nie; Hy wil hê ons moet ons siele–angs vandag laat vaar en Hom toelaat om ons te genees.

Dit is in hierdie konteks dat ons Skepper, wat sê dat Hy liefde is (1 Johannes 4:8), geen boek hou van ons bose dade om ons te straf nie.

> Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. (5) Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, **hou nie boek van die kwaad nie.**
> – 1 Korinthiërs 13:4–5 (1983)

Wat is die verskil tussen die herinneringe van ons lewe wat in die hart van Jesus geskryf is en die boek van die kwaad? Die verslag wat Jesus hou, is in Homself; dit is deel van Homself, want die hele skepping word deur Hom in stand gehou. (Kolossense 1:17). 'n Verslag van die verkeerde dinge is iets wat buite onsself is; dit ervaar geen pyn, hartseer of verlies nie. Dit is harteloos en kan dus die basis vorm van hartelose straf wat die dood insluit. Ons Vader en Sy Seun hou geen hartelose verslag van ons verkeerde dinge nie, maar die hart van Christus het die verslag in Sy wese opgeskryf.

Hierdie beginsel word in die visioen van Openbaring 5 uiteengesit omtrent die boek wat niemand kon oopmaak nie.

> Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: **U is waardig om die boek te neem** en sy seël oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, (10) en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. – Openbaring 5:9–10

Christus is waardig om die boek van ons mensegeskiedenis te open, omdat Hy vir ons gedood is en saam met ons, in die vorm van 'n lydende mens, gewandel het.

Diegene wat 'n god aanbid wat lyste maak en dit twee keer kontroleer om te sien of ons stout of soet was, aanbid die god van toesig, oordeel en dood. Dit is nie die God van Jesus Christus wat nie so 'n verslag teen ons aanteken nie. Wanneer ons ons Maker ontmoet en in die teenwoordigheid van Hom kom wat al die herinneringe van ons lewe in Sy hart dra, sal ons gevra word: "Het niemand jou veroordeel nie?" Wat sal jou antwoord wees en hoe sal jy jouself beoordeel?

# 13. My Gedagtes is Nie Julle Gedagtes Nie

In hoofstuk 11 het ons gekyk hoe Satan se leuen, dat ons onafhanklik van God lewe in onsself dra, ons hele begrip van die wet verander het. In hoofstuk 2 het ons die moontlikheid begin ondersoek dat God se geregtigheid anders is as ons begrip van geregtigheid. Voordat ons aanbeweeg na 'n meer gedetailleerde ondersoek van die oordeel, soos die Skrif dit uiteensit, moet ons die implikasies van Satan se leuen rakende onsterflikheid en die impak daarvan op ons persepsies van oordeel, verder ondersoek.

1. Satan het beweer dat ons sekerlik nie sou sterwe nie; deur van die vrug van die verbode boom te eet, sou ons soos God word. Génesis 3:5

2. Dit het menslike persepsies van die wet verander. Indien ons nie van God vir lewe afhanklik is nie, word Sy wet sonder enige geldige rede aan ons opgelê.

3. Daarom is die vleeslike denke in stryd met die wet van God en weier om daaraan onderworpe te wees. Romeine 8:7

4. Indien die mensdom van God ontkoppel word, sal hulle vergaan, want slegs God het lewe. Nogtans spoor Satan die mensdom aan om die oorsaak van die dood op God te projekteer. Indien die mens God se wet as 'n arbitrêre oplegging sien, is dit logies om gevolge van oortredings van

daardie wet ook as arbitrêr te beskou. Ons sien dit afspeel in die lewe van Kain. God het aan Kain die natuurlike gevolge van sy oortreding uitgelê en Kain projekteer die skuld vir sy nuwe werklikheid op God. Génesis 4:11–14

5. Satan voeg dan die oplegging van die dood by as straf vir die oortreding van God se wet. Hy stel God voor as die Een wat die straf in aggressie toedien. Ons weet dit, omdat die dood voorgestel word as die vyand van God en die mens; dit is iets wat onder die heerskappy van Satan val. Hebreërs 2:14, 1 Korinthiërs 15:26

6. Satan stel die dood aan die mens voor as God se geregtigheid vir die mens se oortreding, en projekteer Satan se heerskappy op God en stel God voor as die oorsaak van die dood. Psalm 50:21; Psalm 94:20

7. Soos ons in hoofstuk 3 aangedui het, word genade dan verstaan as 'n prys wat betaal moet word om die straf uit te stel of te verwyder. In Satan se stelsel beteken genade om nooit iemand heeltemal te vergewe sonder geld of sonder prys nie (Jesaja 55:1). Hierdie stelsel vereis dat "God se geregtigheid" met 'n offer bevredig moet word; dit eis 'n betaling van een of ander aard.

8. Die bekendstelling van die dood in die mensdom as 'n straf van God, maak tyd ‘n gebruiksartikel wat uiters waardevol is. Genadetyd word aan ons gegee, waartydens ons kan kies of ons sal glo dat God goed is, ons vervreemding van Hom kan

laat staan en Hom toelaat om ons ons sondes te wys, sodat ons genees kan word. Ongelukkig verstaan ons, in ons eie regstelsel, dat hierdie genadetyd aan ons gegee word om God te bevredig met goeie werke of aanduidings van berou deur die aanvaarding van die kruis, voordat die finale oordeel aanbreek. Dit beteken dat ons voortdurend wegvlug van die diagnose en die genesing wat aangebied word, en daarom word die lewe 'n plek waarin die tyd gedurig aanstap, waarin ons geen vrede het nie. Daar is 'n voortdurende gevoel dat tyd min raak, saam met 'n gevoel van ondergang, want ons is vinnig oppad na die oordeel, wat nou die straf van die bose en die regverdiging van die goeies geword het.

9. Hierdie hele proses is totaal vervreemd van God se denke. Sy beginsels van genade, geregtigheid en straf is heeltemal anders as ons s'n. Hierdie edele begrippe het in ons gedagtes bedorwe geraak deur die leuen van inherente lewe, wat veroorsaak dat ons onbewustelik voel dat ons God nie nodig het nie en dat Hy 'n oorheersende beheervraat is.

Die impak van hierdie leuen van inherente lewe word goed verduidelik deur die verhaal van wat blyk te wees twee skepe wat in die nag na mekaar vaar. Die een skip radio na die ander en vra hulle om die koers van hul skip te verander. 'n Stem oor die radio kom terug: Nee, julle moet jul koers verander om ‘n botsing te voorkom. Die kaptein van die skip dreig die persoon aan die ander kant van die radio om sy koers te verander of om die gevolge te dra. Die stem antwoord: "Dit is die vuurtoring, julle kan besluit."

Toe die mensdom die leuen omhels dat ons onsterflikheid kan besit en soos God kan wees, het ons ons verhouding met God verander en het ons Hom voorgestel as een soos ons. Die lig van die vuurtoring wat in liefde uitgestuur is om ons teen ondergang te beskerm, is geïnterpreteer as 'n vyandige bedoeling, en die mensdom het homself gereed gemaak vir oorlog teen die vuurtoring. Toe die skip die ware identiteit van die ander ligbron besef, het die hele paradigma verander en word die lig onmiddellik in sy regte konteks verstaan.

**Toe die mensdom die leuen omhels dat ons onsterflikheid kan besit en soos God kan wees, het ons ons verhouding met God verander en ons het Hom voorgestel as een soos ons.**

> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. (10) Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry. – Jesaja 63:9–10

Dit is wat gebeur met die oordeel. Ons stel ons voor dat God soos ons is. Ons verbeel ons dat Hy een is wat soos ons oordeel, veroordeel en straf. Nogtans is Sy gedagtes nie ons gedagtes nie.

Nietemin, om ons ware toestand te kan sien, laat God ons toe om die oordeel in oënskou te neem op die manier wat ons dink God oordeel uitoefen. Indien God nie oordeel uitoefen soos ons dit verstaan nie, sou ons Hom nie as 'n regverdige God beskou nie.

As gevolg van die leuen van Satan omtrent die lewe, het ons 'n denkpatroon omtrent lewe, dood en straf geërf, wat daartoe gelei het dat God ons nou moes wys dat dit nie is hoe Hy dink nie, en terselfdertyd ons tot Homself trek. Hy moet naby ons kom, deur toe te laat dat Hy gesien word as een soos ons, sodat ons nie van Hom wegbeweeg deur te glo dat Hy nie billik en regverdig is nie.

Die doel van God se oordeel is om genesing en herstel te bring, nie veroordeling en dood nie.

> Toe het Jesus gesê: "**Ek het na hierdie wêreld toe gekom om te oordeel**, sodat dié mense wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, hulle blindheid kan ontdek." – Johannes 9:39 (NLV)

Die gevolg van die oordeel van Jesus is dat blindes begin sien. Dit is 'n genesende vorm van oordeel. Terselfdertyd sê Jesus dat Sy oordeel diegene wat dink dat hulle kan sien, blind sal maak, wat beteken dat hulle besef dat hulle blind was (Openbaring 3:17). Waarom wil Jesus hê dat hulle moet bely dat hulle blind is? Sodat hulle genees kan word. Jesus het 'n kerndeel van Sy missie beskryf as die herstel van blindes.

> Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; (19) om aan gevangenes

> vrylating te verkondig en **aan blindes herstel van gesig**, om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur... – Lukas 4:18,19

Slegs diegene wat hul blindheid herken, kan genees word. Hierdie beginsel van herstel word in die Ou Testament in verskillende verhale voorgelê.

> En wanneer die HERE **vir hulle rigters verwek, was die HERE met die rigter om hulle te verlos uit die hand van hul vyande** al die dae van die rigter, omdat die HERE medelyde gehad het vanweë hulle gekerm oor hulle verdrukkers en hulle verdringers.
> – Rigters 2:18

Alhoewel die werk van die rigters onvolmaak was, kan ons steeds sien die doel van hul werk was om verlossing van onderdrukking te bring. Die boek Jesaja getuig ook van hierdie tema van bevryding deur oordeel.

> En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word. (27) Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid.
> – Jesaja 1:26–27

> My oorwinning is naby, my heil *[My verlossing]* trek uit en my arms sal die volke oordeel; op My sal die eilande wag, en op my arm sal hulle hoop. – Jesaja 51:5 *[Woorde in hakies ingevoeg]*

Die Bybel openbaar God se gedagtes van oordeel tot verlossing, dat dit genesing en herstel bring, nie veroordeling wat tot die dood lei nie. Dit kan slegs gebeur indien ons God se diagnose van ons probleem

aanvaar, eerder as ons eie diagnose. Dan kan ons genesing vra en glo dat ons sal verander.

Om te verduidelik hoe God ons in die oordeel genees, moet ons die Heiligdom in aanmerking neem, want dit is die praktiese uiteensetting van die proses waardeur God ons red.

# 14. O God, U Weg is in die Heiligdom

Die punte wat ons in die vorige hoofstuk bespreek het, het 'n groot kloof tussen God en die mens geplaas. Onder die invloed van Satan het die mensdom 'n bleek, donker afdraaipad geneem. Hoe kon God ons terugbring en ons verkeerde denke herstel? Hoe kan ons gedagtes weer God se gedagtes word sodat ons Sy karakter werklik kan verstaan?

> Jesus antwoord hom: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe**; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
> – Johannes 14:6


Jesus is die weg na die Vader, die waarheid van die Vader en die lewe van die Vader. Dit is deur Christus dat ons in staat is om na God terug te keer. Die woord vir *weg* in Grieks in die bostaande vers is G3598 *hodos*, wat *pad* beteken. Dieselfde woord word in die Griekse Ou Testament in hierdie vers gebruik:

> **O God, u weg** is in heiligheid [die heiligdom]. Wie is 'n groot God soos God? – Psalm 77:14 [sien King James Bybelvertaling]

God het 'n Heiligdom laat bou om naby ons te kom en by ons te woon.

> Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. – Exodus 25:8


Voorhof en Heiligdom
Die Deur
Die Altaar
Die Waskom
Die Heilige Plek
Die Aller-heiligste
Alle voorwerpe wat in die voorhof gebruik is, insluitend tentpenne, moes van brons gemaak word
Al die items in die Heiligdom is óf oorgetrek óf gemaak met goud


Die Heiligdom
Die Eerste Voorhangsel
Die Heilige Plek
Die Allerheiligste
Kandelaar (Lig van die Wêreld)
Verbondsark
Wierook Altaar
Toonbrood (Brood van Lewe)

Die doel daarvan om hierdie Heiligdomweg te bewandel is om ons harte van klip weer sag te maak sodat dit harte van vlees word.

> En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. – Eségiël 36:26

Die simboliek van die Heiligdom lê vir ons die stappe uit wat gevolg kan word, sodat ons volkome na God teruggebring en met Hom versoen kan word.

Kom ons kyk na die uitleg van hierdie Heiligdomstelsel.

Die sondaar gaan die heiligdom binne deur die deur in die voorhof. Die kamer wat die Allerheiligste genoem word, was die plek van die teenwoordigheid van God in die Heiligdomstelsel.

Daar is baie aspekte van die Heiligdom en die dienste waarby ons kan stilstaan,[24] maar ons wil slegs fokus op 'n paar punte in die progressie vanaf die voorhof na die Allerheiligste.

Eerstens merk ons op dat al die meubels in die voorhof met koper of brons bedek is. Die meubels van die Heilige Plek is óf van goud gemaak óf met goud oorgetrek.[25] Die verandering in die metale toon 'n verandering in kwaliteit. Dit verteenwoordig die verandering in karakter wat by die persoon plaasvind namate hulle vorder in die kennis van God.

---

[24] Vir meer inligting hieroor, lees hoofstuk 15 van *Lewenskwessies*. Beskikbaar op *vadervanliefde.com*

[25] Vir meer inligting hieroor, sien hoofstuk 8 van die boek *Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis* beskikbaar op *vadervanliefde.com*

Die element van koper (brons)[26] is interessant, want dit is 'n legering van twee metale, koper en sink. Dit is 'n metaal wat deur die mens gemaak word. Dit is nie deur God geskep nie.

> En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal–Kain, 'n smid wat allerhande koper [brons][26]– en ysterinstrumente gemaak het. En die suster van Tubal–Kain was Naéma. – Génesis 4:22 [woord in hakies ingevoeg]

God praat van koper/brons op 'n negatiewe manier as iets wat as skuim uitgesuiwer moet word.

> Mensekind, die huis van Israel het vir My skuim geword; hulle is almal **koper [brons][26] en tin en yster en lood** binne die smeltoond; silwerskuim het hulle geword. – Eségiël 22:18 [woord in hakies ingevoeg]

Die offeraltaar is die plek waar die diereoffers geoffer is. Dit verteenwoordig die dood van Christus aan die kruis vir ons sondes. Die feit dat die simbool van Christus se offer op 'n *brons*altaar is, dui daarop dat God die *denke van die mens* in ag neem as dit kom by versoening.

Nadat die mens die oorsaak van sy eie dood terug op God geprojekteer het, as die straf van God vir die sonde van die mens, moes God 'n plaasvervanger vir die mens voorsien; 'n betaling was nodig voordat die mens die genade van God sou aanvaar en glo dat God tevrede was dat Sy eer behou is. Deur hierdie offer te voorsien, openbaar God wat die

---


[26] Die King James Bybel gebruik byna deurgaans die woord "brons"waar die Afrikaanse Bybelvertalings meestal die woord "koper"gebruik. Vir meer inligting sien https://maranathamedia.co.za/af/article/view/a-brazen-battle.

mens dink en wat die mens benodig om te glo dat God hom genadig is. Hierdie redenasie van die mens kan bewustelik, onderbewustelik of selfs onbewustelik wees, maar dit is daar; dit is die erfenis van ons gevalle denke. Elke deel van die Heiligdom is 'n uitreiking na die mens om hom aan te spreek binne sy eie denkraamwerk en om hom met die Vader te versoen.

Die twee sleutelbeginsels waarop die mens versoening benodig, was veroordelende uitsprake/oordeel en die dood.

> En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie, **want die oordeel was uit één tot veroordeling**, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak. (17) **Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één**, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. – Romeine 5:16–17

Die een wat oordeel tot veroordeling en wie se misdaad die dood laat heers het, is Adam. Adam het gedink dat God hom beide veroordeel het en wou doodmaak. Daarom is dit die twee areas van die heiligdom wat in die mens geopenbaar moet word. Die Heiligdom is 'n reghoek wat ruimtelik twee vierkante skep. In die middel van die eerste vierkant is die offeraltaar. In die middel van die tweede vierkant is die verbondsark.




Op die offeraltaar was elke dag offers gebring. Die oordeel op die versoendag het slegs een keer per jaar plaasgevind.

> Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring. (28) En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God. (29) Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. (30) Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié siel sal Ek uitroei onder sy volk uit. – Levítikus 23:27–30

Hierdie beskrywing in Levítikus is 'n weerspieëling van hoe die mens verstaan dat God in die oordeel moet te werk gaan. Adam is die een wat die oordeel, veroordeling en die dood in die wêreld gebring het. Die doel van die weg in die Heiligdom is om aan ons te openbaar wat ons werklike denke is, sodat ons dan ons denke vergelyk met die lewe van Jesus en besef dat ons denke verkeerd is. Dit is hoe versoening

plaasvind. Dit is 'n proses om aan die lig te bring dat ons oorgeërfde sondige stelsel van moraliteit verkeerd is, waarvan ons ons dan bekeer en vergifnis ontvang. Dit voltooi die versoeningsproses.

Omdat God opdrag gee tot offers en as 'n regter op die versoendag in die Allerheiligste verskyn, glo die meerderheid godsdienste dat dit is hoe God is. Maar dis is verkeerd. God is soos Jesus en hierdie dinge wat in die wet geskryf is, is 'n weerspieëling van hoe ons is. God wys dit vir ons, sodat ons ons kan bekeer en daarvan afwyk.

God ontmoet ons by die bronsaltaar, 'n altaar gemaak van 'n legering wat deur 'n seun van Kain ontwerp is. Ons Vader het nooit offers begeer nie, maar Hy het dit gegee om ons te wys hoe ons van nature is. Ons het geglo dat God bevrediging benodig voordat Hy ons sou vergewe, en ons sou nie glo dat ons vergewe is totdat bloed gestort is nie. Dit is 'n afgryslike, heidense idee, maar ons het dit nie besef nie. Hy het ons sondigheid deur hierdie offers onder 'n vergrootglas geplaas, en terselfdertyd hierdie brons–mensgemaakte idee gebruik om ons te oortuig dat ons vergewe kan word.

God oordeel of veroordeel niemand nie (Johannes 5:22; 8:15), maar Hy laat ons toe om Hom so te verstaan, om ons te wys wat óns regtig dink God moet doen om hierdie stryd te beëindig. Ons dink van nature dat God ons tyd moet gee om ons te bekeer, en dat God dan uiteindelik almal oordeel; en diegene doodmaak wat nie gehoorsaam is nie en diegene wat wel gehoorsaam is, beloon.

Indien ons in gedagte kan hou dat die heiligdom 'n proses is om die mens na God te bring, sal ons aanvaar dat die stappe van hierdie proses

nie wys wie God is nie, maar eerder wat God bereid is om te doen om ons te bereik waar ons is.

Die Heiligdom het 'n bronsvoorhof, 'n Heilige Plek en 'n Allerheiligste. God word nie deur die voorhof voorgestel nie; dit is 'n voorstelling van die mens. Dit word bewys deur die feit dat God op 'n sekere tyd in hierdie proses vir Sy volk sê om die voorhof uit te laat wanneer hierdie stelsel gemeet of bestudeer word.

> En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. (2) **Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee;** en hulle sal die heilige stad twee–en–veertig maande lank vertrap. – Openbaring 11:1–2

Die Heilige Plek verteenwoordig nie volledig wie God is nie, want God is altyd Allerheilig. Hoe kan God op een plek Heilig en op 'n ander plek Allerheilig wees? Die Heilige Plek openbaar die vordering van die mens se denke nader aan die waarheid. Dit is nie 'n volledige openbaring van presies hoe God se karakter is nie. Selfs die Allerheiligste is nie 'n volmaakte verteenwoordiging van God se karakter nie, omdat God nooit offers begeer het nie en nooit brandoffers benodig nie (Psalm 40:7, Hoséa 6:6). Dit is alles maniere om die mens te akkommodeer en te ontmoet waar hy in sy denke is. Dit is 'n proses om ons te wys hoe ons is, en ons dan uit te nooi om dit te vergelyk met hoe Christus is en om ons te bekeer wanneer ons die verskil sien.

As 'n jongman in my laat-tienerjare het ek dinge gedoen wat my verskriklik skuldig laat voel het; ek het my sondebelaaide toestand tot 'n mate erken en ek het hulp gesoek. Dit was die dood van Jesus aan die kruis wat my laat glo het dat God my van my sondes vergewe het. Dit is noodsaaklik vir ons redding. Nadat ek geglo het dat my sondes vergewe is, het ek meer begin leer omtrent hoe God is deur te lees van Jesus, daarna het baie dinge in my lewe begin verander.

'n Paar jaar nadat ek in my begrip begin groei het, het ek ander begin oordeel en veroordeel omdat hulle nie die regte weë gevolg het nie. Ek sou dit in die geheim baie meer doen as wat ek dit openlik sou doen. Ek het mense geoordeel omdat ek God gesien het as een wat bose mense oordeel. Hy het my toegelaat om Hom so te sien, sodat my gees van oordeel geopenbaar kon word. Hy het my toegelaat om Hom deur die Versoendag te sien as 'n vreesaanjaende en Heilige Regter wat bereid was om sondaars, wie hulle nie onderwerp en gehoor gee nie, te vernietig.

> **Die openbaring van die oordeel is net wat die mensdom nodig het om te besef hoe vinnig ons ander oordeel en hoe veroordelend ons van nature is.**

Op die regte oomblik het Hy my gewys wat Sy Seun in Johannes 5:22 omtrent Hom gesê het en hoe Jesus self in Johannes 8:15 opgetree het. Toe ek hierdie verse gelees het en dit met myself vergelyk het, het ek

dae lank gehuil. Ek het berou getoon en God gevra om my te vergewe. Ek het myself skielik as baie veroordelend gesien en dit is net wat ek nodig gehad het. *Die openbaring van die oordeel is net wat die mensdom nodig het om te besef hoe vinnig ons ander oordeel en hoe veroordelend ons van nature is.*

Dit is hoe God met die dissipels in Matthéüs 15:22–28 gehandel het. Hy het opgetree op 'n manier wat toelaat dat hulle vooroordeel teenoor die Kanaänitiese vrou geopenbaar word. Toe Jesus die dogter van die vrou uiteindelik genees het, moes die dissipels 'n keuse maak. Hulle moes hul eie dwepery raaksien en berou toon, of ophou om in Jesus te glo.

Dit is waarom baie mense nie die ware God en Sy Seun sal aanvaar nie. Hulle sal nie die begeerte om te oordeel en te veroordeel prysgee nie en sal baie Skrif aanhaal om te bewys dat God oordeel en veroordeel. Al hierdie verse is daar om ons te toets en te openbaar wat in ons is. Dit werk op dieselfde manier as toe dit gelyk het asof Jesus die Kanaänitiese vrou 'n hond genoem het. Ons moet hierdie gedeeltes noukeuriger ondersoek.

Kom ons ondersoek volgende die korporatiewe begrip van die oordeel en die boeke in die hemel wat geopen word, soos dit uiteengesit word in die versoendag, wat ons vroeër bespreek het.

# 15. Die Boeke is Geopen en die Gereg het Gaan Sit

Die volgorde van die geskiedenis wat in Daniël 7 en 8 uiteengesit word, spesifiseer die tyd wanneer die gebeure rondom die oordeel plaasvind. Die apostel Paulus was in gesprek met Felix omtrent 'n toekomstige oordeelstyd vanaf sy tyd:

> Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en **die toekomstige oordeel**, het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep. – Handelinge 24:25

Die gebeure wat in Daniël 7 aan ons gegee word, help ons om vas te stel wanneer hierdie oordeel sal plaasvind. Daniël sien in die visioen vier diere wat uit die see opkom. Die eerste is soos 'n leeu, die tweede is 'n beer, die derde 'n luiperd en die vierde 'n dier sonder 'n naam. Na die opkoms van hierdie vier diere is daar 'n oordeelstoneel wat plaasvind, en daarna kom die koninkryk van Christus, wanneer God se volk hierdie koninkryk sal besit.

> Hierdie groot diere wat vier is – vier konings sal uit die aarde opstaan – Daniël 7:17

Hierdie vier diere verteenwoordig vier konings of vier koninkryke, soos 'n bietjie verder ondertoe verduidelik word.

> Só het hy gesê: Die vierde dier – **die vierde koninkryk sal op die aarde wees**, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. – Daniël 7:23

Vanuit hierdie vierde koninkryk ontstaan daar tien koninkryke, en hierna ontstaan daar 'n ander koninkryk wat in sy natuur verskil van die ander; drie koninkryke is neergewerp om hierdie koninkryk toe te laat om te ontstaan.

> En die tien horings – uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n andere en sal ná hulle opstaan, en **hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp**.
> – Daniël 7:24

Hierdie klein horinkie spreek groot woorde teen die Allerhoogste en verander God se spesiale tye en Sy wet; en vervolg die heiliges van God vir 'n periode van drie en 'n halwe tye lank.

> En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. – Daniël 7:25



Soos ons vroeër aangedui het, is daar 'n oordeelstoneel wat plaasvind en dan kom Christus se koninkryk en dit sal vir ewig voortduur.

> Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. (27) Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van

die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees. – Daniël 7:26–27

Wanneer ons kyk na die volgorde van die geskiedenis vanaf Daniël se tyd tot nou, sien ons inderdaad dat daar vier wêreldryke was, gevolg deur 'n verdeling in die tien moondhede van Europa, gevolg deur die pousdom wat die sake van die wêreld vir meer as 1000 jaar oorheers het.

Die vier wêreldryke word verteenwoordig deur Babilon, Medo–Persië, Griekeland en Rome.

| | | |
|---|---|---|
|  | 1. Babilon | 606 v.C. – 536 v.C. |
|  | 2. Medo–Persië | 536 v.C. – 331 v.C. |
|  | 3. Griekeland | 331 v.C. – 168 v.C. |
|  | 4. Rome | 168 v.C. – 476 n.C. |

Hierdie reeks van vier koninkryke, gevolg deur 'n uitbreiding na tien koninkryke, loop parallel aan die visioen in Daniël 2. Daniël het aan die koning van Babilon gesê dat die koning die hoof van goud was en dat daar 'n opeenvolging van drie wêreldryke na sy koninkryk sou wees. Ons kan die inligting van die horinkie in Daniël 7 soos volg saamvat:

| | |
|---|---|
| 1.Het opgestaan uit die Vierde Dier. *Daniël 7: 7,8* | 1. Pouse volg die Keisers op. |
| 2. Onder die 10 horings. *Daniël 7:8* | 2. Die pousdom het vanuit die nasies van Europa aan bewind gekom. |
| 3. Verskillend van die ander horings. *Daniël 7:24* | 3. Pousdom is beide 'n godsdienstige en politieke mag. |
| 4. Groter van gestalte as ander horings. *Daniël 7:20* | 4. Sou meer mag hê as konings. |
| 5. Ontwortel 3 koninkryke. *Daniël 7: 8,20,24* | 5. Verwyder die Heruli, Vandale en Ostrogote. |
| 6. Spreek groot woorde teen die Allerhoogste. *Daniël 7:24* | 6. Beweer dat hy God op aarde is en die mag het om sondes te vergewe. |
| 7. Die heiliges van die Allerhoogste word mishandel. *Daniël 7:25* | 7. Tussen 50 en 150 miljoen mense word deur die pousdom gedood. |

| | |
|---|---|
| 8. Probeer om tye en wette te verander. *Daniël 7:25* | 8. Sabbat verander na Sondag, verwyder tweede gebod. |
| 9. Regeer vir tyd, tye en die helfte van 'n tyd. *Daniël 7:25* | 9. Pouslike oppergesag heers van 538 nC tot 1798 nC. |

Die identifisering van die horinkie as die pousdom wat ontstaan het na die vier wêreldryke, word deur die eeue heen deur baie Bybelkenners beaam.

| Naam | Datum | Horinkie | Man van Sonde | Openb. 17 vrou | Antichris |
|---|---|---|---|---|---|
| Waldense | 12de eeu | | Pousdom | Roomse Kerk | |
| Eberhard II (Salzburg) | 1246 | Pousdom | | | |
| John Milicz | 1367 | | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| John Wycliff | 1379 | Pouse | Pousdom | Pousdom | Pouse |
| John Huss | 1412 | | Pousdom | Pousdom | Pous |
| Girolamo Savonarola | 1497 | | Pousdom | Pousdom | |
| Martin Luther | 1522 | Pousdom | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| Philipp Melanchthon | 1543 | Pousdom | | | Pousdom |
| John Knox | 1547 | Pousdom | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| William | 1550 | | Pousdom | Pousdom | Pousdom |

| Naam | Datum | Horinkie | Man van Sonde | Openb. 17 vrou | Antichris |
|---|---|---|---|---|---|
| Tyndale | | | | | |
| John Hooper | 1550 | | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| Nicholas Ridley | 1554 | | | Pousdom | Pousdom |
| Thomas Cranmer | 1582 | Pousdom | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| James I of England | 1600 | Pousdom | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| Sir Isaac Newton | 1727 | Pousdom | Pousdom | Pousdom | Pousdom |
| John Wesley | 1764 | | Pousdom | Pousdom | Pousdom |

Die doel van hierdie identifikasie is nie om enige groep of organisasie te veroordeel nie; die opkoms van hierdie mag is 'n weerspieëling van die menslike natuur en onthul hoe ons almal is. Om die leiers van die pousdom te veroordeel, is om aan jouself te wys dat jy dieselfde denke en gees dra. Ons doel is om profetiese bewegings in die mensegeskiedenis te identifiseer om daaruit te leer.

Daniël 7:25 vertel ons dat die horinkie vir 'n tyd, tye en die helfte van 'n tyd sou regeer. Dieselfde tydsverwysing in Openbaring 12 word met 1260 dae geïllustreer.

> Maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die

> gesig van die slang onderhou word, **'n tyd en tye en 'n halwe tyd**. – Openbaring 12:14

> En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou **duisend–tweehonderd–en–sestig dae lank**. – Openbaring 12:6

Hierdie periode van 1260 dae is slegs sinvol indien die Hebreeuse beginsel van 'n dag vir 'n jaar toegepas word.

> Volgens die getal dae dat julle die land verken het, **veertig dae**, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, **veertig jaar lank**, en my teëstand gewaar word. – Númeri 14:34

> En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: **vir elke jaar lê Ek jou een dag op**.
> – Eségiël 4:6

Die tyd van die Pouslike heerskappy was van 538 nC tot 1798 nC, toe die Franse die Pous gevange geneem het, en die tydelike mag van die Pousdom beëindig het. Dit was kort na hierdie tyd dat die oordeel sou begin. Om 'n meer spesifieke tydperk te verkry, gaan ons na Daniël hoofstuk 8 en vergelyk daardie volgorde van die geskiedenis met dié van Daniël 2 en Daniël 7.



Die visioen van Daniël 8 bied vir ons 'n botsing tussen 'n ram en 'n bok. 'n Bok met 'n aansienlike horing verpletter die ram en neem sy heerskappy oor. Die oorspronklike bokhoring breek en vier horings

neem sy plek in, en dan kom daar een horinkie uit een van die vier horings.

Ons word in geen twyfel gelaat omtrent wie die ram en die bok is nie, want die engel Gabriël vertel dit aan Daniël:

> **Die ram wat jy gesien het** met die twee horings, is die konings van die **Meders en die Perse**. (21) En die **harige bok is die koning van Griekeland**; en die groot horing wat tussen sy oë was; dit is die eerste koning. [dit is Alexander die Grote].
> – Daniël 8:20–21

Nadat Alexander die Grote gesterf het, is Griekeland in vier nasies verdeel, wat deur sy vier generaals regeer word (horings simboliseer heersers of magte). Ons weet dat die horinkie wat uit een van die bokhorings gekom het, groter as Griekeland self geword het, wat sterker was as Mede en Persië, omdat dit sê:

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Ram | Magtig | Daniël 8:4 |
|  | Bok | Uitermate Magtig | Daniël 8:8 |
|  | Horinkie | Baie Groot | Daniël 8:9 |

Daar is slegs een mag wat Griekeland opgevolg het en groter was as Griekeland – Rome. Rome het uit een van die vier nasies wat Griekeland opgevolg het gekom, deur eers Masedonië te verower om daarvandaan uit te brei.

Hierdie Horinkie het homself baie groot gestel teen die Vors van die Leër, wat die Messias Jesus Christus is. Rome het Christus gekruisig en hierdie profesie vervul. Hierdie horinkie het die waarheid op die grond neergewerp en baie verskriklike dinge gedoen. Daniël is verbaas omtrent wat hierdie horinkie sê. Daniël hoor dan 'n gesprek tussen twee heilige wesens omtrent hoe lank hierdie proses van vertrapping van God se volk en die heiligdom sal duur. Die antwoord wat gegee is, was soos volg:

> En hy het vir my gesê: Tweeduisend–driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word. – Daniël 8:14

Wanneer ons Daniël 7 en Daniël 8 vergelyk, vind ons 'n baie interessante verbinding tussen die oordeel wat in Daniël 7 plaasvind en die reiniging van die Heiligdom in Daniël 8.

| Daniël 7 | Gebeurtenis | Daniël 8 |
|---|---|---|
| Leeu | Babilon | – |
| Beer | Medo–Persië | Ram |
| Luiperd | Griekeland | Bok |
| Draak | Rome | Horinkie |
| Oordeelstoneel | **Oordeel** | **Heiligdom herstel/gereining** |
| Christus se Koninkryk | Wederkoms | Sonder toedoen van mensehande verbreek |

Hoe vergelyk die reiniging van die Heiligdom met die Oordeel? Die reiniging van die Joodse Heiligdom (of die herstel van die Heiligdom in die regte staat) het elke jaar tydens die fees van die Versoendag plaasgevind.

> En dit moet vir julle ‘n ewige insetting wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie – die kind van die land sowel as die vreemdeling wat onder julle vertoef. (30) Want op hierdie dag moet hy vir julle versoening doen om julle te reinig; van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die HERE rein word. – Levítikus 16:29,30

> Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring. – Levítikus 23:27

Die volk is beveel om hulle te “verootmoedig” (d.w.s. om hulself deeglik te ondersoek om te sien of daar onbelyde sonde was, of enigiets wat hulle van God sou skei). Die Versoendag was ook 'n oordeelsdag vir die volk. Dit was nie slegs 'n diens vir die individu nie (want die daaglikse offers gedurende die jaar het daarvoor gesorg), maar vir die finale verwydering van die sonde aan die einde van die jaar. Deur die bloed het hy vergifnis ontvang deur die offers gedurende die jaar, en sy skuld is figuurlik van homself na die heiligdom oorgedra. Op die Versoendag word al die sonde in die heiligdom hanteer. Enige onbelyde sonde op die Versoendag sou die sondaar skuldig maak, sodat hy die straf van sy eie sonde sou dra. Die sondaar was daagliks deur die jaar gereinig, maar

die heiligdom het steeds figuurlik die sondes van die volk gedra. Op die Versoendag, moes die heiligdom self gereinig word.

Daar is baie meer besonderhede wat ons kan verskaf, maar hier is die belangrikste punt dat die reiniging van die Heiligdom 'n oordeelswerk is wat op die tiende dag van die sewende Joodse maand, op die Versoendag of *Yom Kippur*, plaasgevind het.

Hieruit kan ons begin vasstel wanneer hierdie tyd van oordeel sou begin, omdat die gesprek tussen die twee heilige wesens aangedui het dat dit 2300 dae sou duur. Daniël het flou geword nadat hy gehoor het dat die visioen vir baie dae sou wees, voordat Gabriël aan Daniël kon verduidelik wanneer die einde van die 2300 dae sou wees. Die reaksie van Daniël op hierdie stelling dui aan dat hy begryp het dat dit langer as 'n letterlike 2300 dae, wat slegs 6,3 jaar was, 'n relatiewe kort tydjie waarvan Daniël graag sou wou verneem. Daniël 8 eindig met Daniël wat die 2300 jaar profesie nie verstaan nie, 'n ondenkbare lang tydpek wat Daniël "dae lank siek" gelaat het.

In die volgende hoofstuk begin Daniël ernstig te bid. Die tyd van hierdie gebed is enkele jare na die visioen in Daniël 8. Daniël bid die mooiste gebed en vra die Here om hom en sy volk te vergewe. Dan kom Gabriël na Daniël om aan hom 'n verduideliking te gee van die visioen wat hy voorheen gesien het, maar nie verstaan het nie.

> ...terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. (22) En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het

> **ek heengegaan om jou insig te gee**. (23) By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; **gee dan ag op die woord en verstaan die gesig**. – Daniël 9:21–23

Gabriël bring 'n nuwe tydprofesie van 70 weke wat in drie segmente verdeel is: 7 weke om die tempel te voltooi; nog 62 weke totdat die Messias kom en dan 1 laaste week. Die 70 weke pas weer die dag vir 'n jaar–beginsel toe. Die sleutel tot hierdie tydsprofesie is dat dit 'n begindatum het.

> Nou moet jy weet en verstaan: **van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors**, is sewe sewetalle; en twee–en–sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. – Daniël 9:25

Die opdrag om Jerusalem te herstel en weer op te bou, het in drie bevele van drie Persiese konings gekom, soos opgeteken in die boek Esra.

> En die oudstes van die Jode het gebou en goed gevorder deur die profetiese werksaamheid van die profeet Haggai en Sagaría, die seun van Iddo; en hulle het gebou en voltooi op bevel van die God van Israel en **op bevel van Kores en Daríus en Artasásta, koning van Persië**. – Esra 6:14

Die eerste twee bevele het slegs die bou van die tempel behels, maar die bevel van Artasásta het die herstel van die hele Jerusalem behels en


aan hulle volledige outonomie gegee om hulself volgens die wet van God te regeer. Hierdie bevel het in 457 v.C. uitgegaan. Wanneer ons al hierdie inligting saamvoeg, kan ons dit uitbeeld soos dit op die laaste bladsy van hierdie hoofstuk aangetoon word.

Hierdie inligting is 'n bietjie tegnies, maar die doel van hierdie proses is om uit die profesieë van Daniël aan te toon dat daar 'n vasgestelde tyd vir 'n proses van oordeel is voor die koms van Christus. Die oordeelstoneel van Daniël 7, wanneer dit gekoppel word aan die profesieë van Daniël 8 en 9, begin in 1844. Dit is wanneer die boeke geopen word en die gereg gaan sit. In 1844 begin die tyd wat beskou word as die ware eindtyd, waarna daar geen tydsprofesieë meer is nie – dinge word afgehandel. Interessant genoeg, dit is die tyd wanneer die Industriële Revolusie begin het, en ons let op dat daar meer dinge in die afgelope 150 jaar verander het as in die 1800 jaar voor 1844. Die mens het nog nooit voorheen die vermoë gehad om die wêreld waarin hy leef, heeltemal te vernietig nie.

Dit is hierdie tydsprofesie van 1844 waarna Daniël hier verwys:

> En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; **baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder**. – Daniël 12:4

Hierdie tyd word ook aangekondig deur die Eerste Engel se Boodskap van Openbaring 14.





En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. (7) En hy het met 'n groot stem gesê: **Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom**; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. – Openbaring 14:6–7

Die groot vraag wat na aanleiding hiervan gevra moet word, is: waarom word God voorgestel binne 'n hofsaal met geopende boeke waar die gereg gaan sit en 'n oordeel oor mense uitgespreek word, terwyl Jesus sê dat nóg Sy Vader nóg Hyself enigiemand oordeel nie? Jesus vra dieselfde vraag aan ons:

> Maar Hy antwoord hom: Mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel? – Lukas 12:14

# Die Datum van die Oordeel



# 16. Jy het Jou Eerste Liefde Verlaat

Die aand voordat Jesus gesterf het, vind 'n interessante gesprek tussen die dissipels plaas.

> En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. (25) En Hy het vir hulle gesê: die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem. (26) Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is, soos een wat dien. – Lukas 22:24–26

Stel jou die droefheid van Christus voor wanneer Hy na Sy dissipels geluister het terwyl hulle argumenteer omtrent wie van hulle die grootste geag moet word. Dit dui aan dat al die dissipels mekaar beoordeel het om vas te stel wie in die hoogste posisies moet dien. Hulle is heeltemal verblind vir die lyding wat Jesus reeds begin voel het en was opsetlik onkundig omtrent wat op die punt was om te ontvou.

Later daardie aand toe Jesus ernstig probeer om Petrus bewus te maak van sy gevaar, vergelyk Petrus weereens homself met ander, om hulle sodoende te oordeel.

> Daarop het Petrus vir Hom gesê: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie."
> – Matthéüs 26:33 (1983)

Selfs die naaste volgelinge van Jesus was nog steeds gevul met hierdie gees om ander minder werd as hulleself te ag, dus word dit duidelik dat hierdie saak, die oordeel oor ander, diep in die menslike hart vasgevang is.

Na die kruisiging en opstanding van Christus was die dissipels heeltemal getransformeer. Hulle het hulself voor God en voor mekaar verneder en op Pinkster die uitstorting van die Gees ontvang.

> En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, **was hulle almal eendragtig bymekaar.** (2) En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. – Handelinge 2:1–2

Ons lees die woorde van Petrus ná hierdie tyd.

> Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; (3) ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. – 1 Petrus 5:2–3

Die versoeking om gesag oor ander uit te oefen met 'n oordeelsproses, kan ons maklik inhaal, veral indien die kerk deur valse lering uitgedaag word. Die kerk van Éfese het voor 'n groot uitdaging te staan gekom oor die kwessie van leerstellings, en ons let op die woorde van Jesus oor hierdie situasie.

> Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en **dat jy dié op die proef**

> **gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het**; – Openbaring 2:2

*Op die proef stel* beteken *om te ondersoek* en *goed deur te kyk*. Die leiers van die Éfese kerk het op diegene wat dwaling leer, met 'n gees van ondersoek en oordeel, gereageer. Die leiers het daarin geslaag om die dwaalleer wat die kerk wou betree, af te weer, maar teen 'n groot prys.

> Maar ek het teen jou dat **jy jou eerste liefde verlaat het**. (5) Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.
> – Openbaring 2:4–5

In die poging om die kerk van dwaling te suiwer, het die leiers hul eerste liefde verloor. Hoe maklik is dit om te begin waarsku teen mense wat idees het wat ons weet is vals. Dit is waar dat ons die waarheid moet spreek en dit met dwaling moet kontrasteer, maar wanneer ons mense begin afsonder, kan ons ons liefde vir hulle begin verloor. Ons beweeg van die eerste liefde vir die verkondiging van die evangelie na die voortdurende verdediging teen kettery. Ons sien hierdie tendens in die vroeë kerk met die menigte boeke getiteld "*Against* _____". Enkele voorbeelde is onder andere *Against the Heathen*, *Against the Manichaeans*, *Against Marcion*, *Against the Sabellians*, *Against Aunomius*, *Against Vigilantius*, ens.

Die verlies aan agape in die kerk van Éfese was 'n verskriklike slag vir die kerk. Die boodskappe aan die sewe kerke is nie slegs aan daardie plaaslike kerke gedurende daardie tyd geskryf nie, maar dit was ook 'n

profesie van die kerk in opeenvolgende tydperke, vanaf die tyd van die Apostels tot vandag. Ons weet dit, omdat daar meer as sewe kerke in Asië was. Frigië, Pamfilië, Galasië, Pontus en Kappadosië was ook kerke in Asië. Hierdie sewe kerke is gekies, omdat hulle die Christelike kerk deur al die eeue, vanaf die tyd van Christus, verteenwoordig het.

> Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.
> – Openbaring 1:3

Johannes verwys na die hele boek as 'n profesie; nie slegs vanaf die Sewe Seëls nie. Selfs die woord *sewe* is 'n simbool in die Bybel van volledigheid of volmaaktheid. Hier is een voorbeeld:

> En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. – Génesis 2:2

Daarom verteenwoordig die sewe kerke die volledige of voltooide geskiedenis van die kerk op aarde vanaf Christus se eerste koms tot die wederkoms. Voeg hierby: die sewe seëls verteenwoordig die volledige proses om die Kerk van God gedurende dieselfde periode te verseël. Beskou die volgende reeks gedagtes soos dit voorkom in die kerke.

| Kerk | Betekenis | Progressie in die Oordeel |
|---|---|---|
| 1. Éfese<br>*(31–100 n.C.)* | Lieflik | **En dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is** en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; Openbaring 2:2 |

| Kerk | Betekenis | Progressie in die Oordeel |
|---|---|---|
| 2. Smirna<br>*(100–313 n.C.)* | Soet Reuk Wanneer dit Verpletter word | Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, **die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word –** Openbaring 2:10 |
| 3. Pergamos<br>*(313–538 n.C.)* | Werklike Huwelik | Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die **troon van die Satan** is – Openbaring 2:13 |
| 4. Tiatiré<br>*(538–1519 n.C.)* | Om te Verweer of te Vergaan | En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, **sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel,** net soos Ek ook van my Vader ontvang het. – Openbaring 2:26–27 |
| 5. Sardis<br>*(1519–1798)* | Dinge wat Oorbly | Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, **en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie**, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. – Openbaring 3:5 |

| Kerk | Betekenis | Progressie in die Oordeel |
|---|---|---|
| 6. Filadelfia<br>(*1798–1844*) | Broederlike Liefde | Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – **Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig** en erken dat Ek jou liefgehad het. – Openbaring 3:9 |
| 7. Laodicense<br>(*1844–Huidiglik*) | Oordeel van die Mense | Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. – Openbaring 3:17 |

Dit is baie interessant dat die leiers in die kerk van Éfese ander ondersoek en geoordeel het, en hierdie gees word dan weer teruggereflekteer na die kerk in die volgende era waar die kerk deur die wêreld verhoor en geoordeel is. Dieselfde Griekse woord word met betrekking tot albei hierdie kerke gebruik. Het die gees van oordeel oor ander 'n skeuring in die kerk gebring, wat hulle dan in staat gestel het om te sien wat hulle aan ander begin doen het? (Sien Matthéüs 7:1)

As gevolg van die vervolging van die kerk gedurende die era van Smirna, was die kerk gereed om kompromieë aan te gaan en deel te hê aan die tafel van Rome. *Pergamos* beteken *werklike huwelik*, en die kerk en staat is gedurende hierdie era verbind en het op Satan se regterstoel begin sit. Dit het in hierdie era, die derde era, van die Christelike kerkgeskiedenis die weg vir Satan geopen om sy regterstoel binne die kerk te vestig.

Met Satan se regterstoel gevestig, het die kerk gedurende die donker eeue die gees van oordeel so om–arm, dat Christus met hulle spreek asof hulle heerskappy oor die nasies gegee is, om hulle met 'n ystersepter te regeer en om diegene wat hulle gesag ondermyn, te verpletter. Baie van God se ware volk is gedurende hierdie tyd geoordeel en ter dood veroordeel. Die gees van oordeel, veroordeling en moord het die Christelike kerk gedurende hierdie era heeltemal oorgeneem.

Dit is die konteks van Daniël 7 en die groot dinge wat die horinkie spreek.

> Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk in hierdie horing was oë soos mens–oë, en 'n mond wat groot dinge spreek. – Daniël 7:8

> Ek het gesien dat hierdie horing **oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin**, (22) **totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is** en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het. – Daniël 7:21–22

God se oordeel is eintlik 'n regverdiging van Sy mense teen die beskuldigings wat Satan inbring deur die kerkleiers.

Die konteks van die oordeel van 1844 is 'n reaksie op die aanklagte wat teen die volk van God gelê is

deur die mag van die horinkie wat vanuit die regterstoel van Satan geheers het. God se oordeel is eintlik 'n regverdiging van Sy mense teen die beskuldigings wat Satan inbring deur die kerkleiers. Die Joodse leiers het die vrou wat in owerspel betrap is, veroordeel en na Jesus gebring om die saak te ondersoek, en in plaas daarvan het Jesus die oordeel aan hulle teruggegee. Op 'n soortgelyke manier, nadat die kerk soveel mense ter dood veroordeel het, gee die Oue van Dae die oordeel aan die kerk terug. Wie het tweeduisend jaar gelede genade in die teenwoordigheid van Jesus gevind, en wie het weggegaan omdat hulle gedink het hulle is veroordeel? Wie vind genade in die oordeel van die Oue van Dae aan die einde van die tyd, en wie veroordeel hulself?

Diegene met die geloof van Jesus vind goedheid in die Vader, deur die oë van Sy Seun. Die oordeel van God gaan nie daaroor dat God met oordeel die volk van God sal vervolg nie, maar Hy verdedig hulle eerder teen die aanklagte wat Satan deur die kerkleiers teen hulle gelê het. God laat toe dat hierdie oordeel plaasvind, omdat dit openbaar wat in die harte van God se volk lê wanneer hulle deur Satan en sy agentskappe verhoor word. Vertrou God se volk op God deur hierdie oordeelsproses, of laat vaar hulle hul vertroue in God om hulle deur die vurige verhoor te lei?

Na baie eeue van vervolging roep God se volk uit vir wraak op hul vyande weens wat hulle aangedoen is. Dit word genoem in die vyfde seël wat ooreenstem met die vyfde kerk van die sewe kerke.

> …ek [sien] onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God… (10) En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige

> Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? – Openbaring 6:9–10

Die kerk het geweldig gely en miljoene het gesterf. Tog het die gees van wraak en die begeerte dat God hulle vyande moes vernietig steeds onder God se mense bestaan. Wanneer ons terugkyk op hierdie geskiedenis, word ons baie meer bewus van die karakter van die menslike hart. Die eerste voorstaanders in die kerk om geweld te gebruik om menslike denke te beheer, soos byvoorbeeld Augustinus, kon hulle beslis nie voorstel hoe donker en verskriklik die proses wat hulle aan die gang gesit het, sou word nie. Ons het hierdie geskiedenis nodig om daarby te leer, sodat ons ons wrede en genadelose vleeslike natuur kan sien.

God kon nie net vir ons sê hoe ons is nie, want ons sou Hom nie geglo het nie; ons sou Hom nie verstaan nie; soos 'n kind wat nie sy ouers glo nie en uiteindelik aan iets warms moet raak voordat hy sal aanvaar dat dit hom sal brand. Dit is waarom God die saad van die sonde laat groei het: sodat die ganse heelal die vorderingsproses daarvan kan waarneem en die vrug daarvan kan verstaan, en kan weet dat daar niks positiefs aan sonde is nie en geen egtheid aan Satan se aansprake teen God se wet en regering nie. Dit is hoe God "'n einde [daaraan sal] maak; die benoudheid sal nie twee maal opkom nie" (Nahum 1: 9).

Die kerk van Filadelfía is die kerk van broederliefde genoem. Dit was 'n klein en swak gemeente wat aan die waarheid getrou was, nogtans gevul met baie liefde. Die woorde van Jesus aan hulle – "Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig" (Openbaring 3:9), spreek van hul begeerte om herken en waardeer te word. Wanneer jy klein, swak en

onderdanig is, neem die versoeking tot erkenning toe. Jesus moedig diegene in Filadelfia aan in die taal wat hulle verstaan. Hulle vyande sal voor hulle in vrees gebukkend staan en die onreg wat hulle gely het, sal reggestel word. Dit is die taal van oordeel.

Die mense ten tyde van die Kerk van Filadelfia, tot en met 1844, het nie verstaan wat in hul harte was nie. Hulle het die reiniging van die heiligdom op daardie datum verstaan dat dit beteken dat Jesus sou terugkom en die wêreld sou oordeel – God sou uiteindelik wraak neem om die christene as reg en die goddelose as verkeerd te oordeel, en diegene wat die christene vervolg en verwerp het, sou gestraf word. Toe dit nie op die Versoendag van 1844 gebeur nie, was hierdie groot groep mense, genaamd Adventiste, verskriklik teleurgesteld; hierdie gebeurtenis het bekend geword as die "Groot Teleurstelling". God wou hê dat hulle hul oor hul eie veroordelende karakter moes besin, deur hul begrip en verwagting van God se optrede in daardie tyd (1844) in oënskou te neem, maar ongelukkig het die meeste die geloof verlaat en steeds het hierdie karaktergebreke, wat diep in die hart van die mens was, behou en ongenees gebly. Dit is aan die finale kerk oorgelaat om hierdie saad ten volle te manifesteer en binne-in die mens te hanteer.

Die finale kerk is Laodicense, wat *die oordeel van die mens* beteken – dit is die kerk van die oordeel. Die menslike erfenis van oordeel en veroordeling bereik 'n hoogtepunt en klimaks in hierdie kerk. God stuur in hierdie tyd 'n boodskap aan die wêreld uit en verklaar dat die oordeel begin het. God word voorgestel as Een wat die oordeelsetel bestyg om toegang te verkry tot die lewensverslae van almal wat geloof in Christus bely het.

Hoe verstaan God se volk hierdie oordeel? Dit hang af van hoe hulle God se karakter verstaan. Indien hulle God sien as 'n aanklaer, wat die verslae deurgaan om diegene wat nie goed genoeg is nie, uit te wis, sal hulle van nature 'n karakter soos hierdie aanneem wanneer hulle met hul medemens te make het. Hierdie kerk oordeel homself as “ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie” en beskou homself as een wat beter is as ander.

As gevolg van hierdie gees van oordeel, moet die Here aan ons openbaar wat in ons harte is, deur ons toe te laat om die karakter van 'n regter op Hom te projekteer wat diegene wat die waarheid verwerp, soos die gelowiges dit verstaan, sal veroordeel en vernietig. Terselfdertyd sal diegene wat die ware karakter van God ken, glo dat God hulle verdediger is teen die beskuldigings van Satan. Hierdie beskuldigings word óf direk teen hulle gerig deur hulle te vertel dat hulle hopelose sondaars is en hul sondes nooit sal oorwin nie, óf die beskuldigings word gemaak deur diegene in die kerk, wat die nuwe lig op God se karakter verkeerdelik as 'n bedreiging beskou.

Die tonele van die oordeel van 1844 is daar vir die heiliges van God, om hulself te sien en wat regtig in hul hart is. Dit openbaar dit wat ons van nature begeer en dat dit die proses is wat ons dink nodig is om die groot stryd te beëindig.

Die werklikheid is dat dit spesifiek God se karakter is wat vanaf 1844 merendeels geoordeel word. Die woorde van Openbaring 14:7 kan op twee maniere gelees word:

> En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, **want die uur van sy oordeel het gekom**; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. – Openbaring 14:7

Die uur van Sy oordeel het gekom! Wie spreek die oordeel uit? God of ons? Jesus sê vir ons dat God niemand oordeel nie, daarom is dit ons wat oordeel, en soos ons God oordeel om te wees, so sal ons verstaan dat Sy oordeel teenoor onsself is.

> Maar wat nou as sommige nie getrou gebly het nie? Sal hulle ontrou die trou van God laat ophou? (4) Beslis nie. Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar, soos daar geskrywe staan: "U is regverdig wanneer U uitspraak doen en **U wen u saak wanneer U aangekla word**." – Romeine 3:3–4 (1983)

Wat dink jy van God? Wat dink jy – sal God oordeel en veroordeel? Maak Hy mense dood? Of is Hy soos Jesus wat genadig is en guns bewys, wie Sy vyande liefhet en goed doen aan die wat Hom haat? Volgens jou oordeel…

# 17. Kristalhelder Rivier of Vuurvlamme?

Daniël 7 speel 'n hoogskritieke rol in ons idee dat God 'n regter is wat mense veroordeel en vernietig indien hulle bose dinge doen. Die visioen in hierdie hoofstuk beskryf die opeenvolging van koninkryke wat die wêreld oorheers en hul teenstanders verower. Ons word dan bekend gestel aan die mag van die horinkie, wat ons in hoofstuk 15 beskryf het, wat uit Rome opkom.

> Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens–oë, **en 'n mond wat groot dinge spreek**. – Daniël 7:8

Wat was die groot dinge waaroor die Horinkie gespreek het?

> Die Pous is so waardig en verhewe dat hy nie bloot 'n mens is nie, maar as't ware God en die vikaris van God is. (Vertaal uit Lucius Farraris, "Papa II," *Prompta Bibliotheca*, Vol. VI, bl. 25–29)

> Petrus en sy opvolgers is bevoeg om wette op te stel wat sowel voorskrywend as verbiedend van aard is, en hulle besit ook die bevoegdheid om vrystelling van hierdie wette te verleen, en, indien nodig, om dit nietig te verklaar. **Hulle het die mag om oortredings teen die wette te oordeel, straf op te lê en boetes kwyt te skeld. Hierdie regterlike gesag sal selfs die mag insluit om sonde te vergewe.** Want sonde is 'n oortreding van die

> wette van die bonatuurlike koninkryk en val onder die jurisdiksie van sy bepaalde regters. (Vry vertaal vanuit *The Catholic Encyclopedia*, Part XII, art, "Pope," bl. 265)

Die Pouse het beweer dat hulle God op aarde is en hulle het die mag opgeëis om diegene wat hul wette oortree, te oordeel en te veroordeel. Gedurende die donker middeleeue het die Pousdom toesig en oordeel onderneem deur middel van sy inkwisisiebeleid, wat daartoe gelei het dat miljoene mense ter dood veroordeel is in vele lande wat deur die pous regeer is.

Die Roomse Kerk se siening van God was dié van oordeel op diegene wat nie die geloofsbelydenis gevolg het soos hulle dit gedefinieer het nie. Aan die einde van hierdie periode van haar oppergesag, waartydens sy "die heiliges van die Allerhoogste vervolg" het (Daniël 7:25 – 1983), verander die visioen na 'n toneel in die hemel.

> Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; (10) 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. – Daniël 7:9–10

Ons sien 'n hofsaaltoneel met geopende verslagboeke gereed vir 'n ondersoek; al die engele van die hemel is bymekaar om hierdie gebeurtenis te aanskou. Die visioen noem nie een woord van die Oue van Dae nie. Dit beweeg eenvoudig na die volgende gebeurtenis.

> Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is. (12) Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur. – Daniël 7:11–12

Dit klink asof God die optrede van die horinkie geoordeel en veroordeel het, om haar daarna te vernietig en met vuur te verbrand.

Aangesien die Vader niks sê nie, word ons uitgenooi om die karakter van die Vader hier te onderskei. Jesus het Sy dissipels op ‘n soortgelyke wyse hanteer.

> En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. (23) **Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie**. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan.
> – Matthéüs 15:22–23

Jesus se stilte as antwoord op die Kananése vrou is deur die dissipels as 'n uitspraak teen die vrou vertolk. Hierdie gebeurtenis is voorspel in die volgende woorde:

> Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou Moeder beskimp jy. (21) Hierdie dinge het jy gedoen, en **sou Ek swyg**? **Jy dink Ek is net soos jy**! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.
> –Psalm 50:20–21

Jesus het stilgebly om die ware karakter van die dissipels te openbaar. Dit is wat in Daniël 7 gebeur. Die Vader is stil en daarna vind 'n reeks gebeure plaas. Ons merk op dat die dier uiteindelik gedood en vernietig word as gevolg van die woorde van die horinkie.

> Ek het toe bly kyk **vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het**; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is. – Daniël 7:11

Hierdie horinkie in Daniël 7 word gesimboliseer deur 'n vrou wat op 'n dier ry in Openbaring 17. 'n Vrou verteenwoordig 'n kerk (Jeremia 6:2), en die dier waarop sy ry verteenwoordig die staatsmag van die wêreld. Die tien horings is tien konings wat aan die einde van die aarde se geskiedenis regeer. Hoe word die vrou vernietig en wie vernietig haar?

> En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. – Openbaring 17:16

Ons sien dat die horinkie en die vrou wat op die dier ry met vuur verbrand word. Dit is die konings van die aarde wat die vrou, wat dieselfde mag as die horinkie verteenwoordig, vernietig. Dit beteken dat God nie die horinkie vernietig nie. Die horinkie vernietig homself deur sy eie groot woorde.

> Die HERE is bekend vir sy regverdige oordeel. Die goddeloses is gevang met hulle eie handewerk. – Psalm 9:17 (NLV)

> Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; **deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom**, spreek die Here HERE. – Eségiël 22:31

God vertel ons hoe Sy toorn werk. Juis daardie besluite wat individue, kerke en nasies neem, word toegelaat om terug te kom op diegene wat hierdie besluite ten goede of ten kwade neem. God gryp nie in om geweld toe te pas nie, maar Hy laat gebeure toe om hul natuurlike gang te gaan totdat dit wat elkeen saai, weer deur hulself geoes word.

> Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. (8) Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. – Galasiërs 6:7–8 (1983)

Net soos toe die Fariseërs die vrou na Christus gebring het om haar te oordeel en Hy niks anders doen of sê, behalwe om op die grond te skryf nie, so sê die Oue van Dae in die Oordeel niks anders behalwe om op die stof van die harte van mense die waarheid te skryf omtrent wat hulle doen, sodat hulle kan berou hê, óf uiteindelik rebelleer tot op die punt waar hulle hulself vernietig.

Wanneer ons na die toneel van die troonkamer kyk, verbeel ons ons dat God oordeel uitspreek teen kwaaddoeners. Daarom sal ons die vuur wat van Hom kom, beskou as 'n vuurvlam wat met gewelddadige krag vanaf die troon van God kom, as waarskuwing aan kwaaddoeners dat hulle op die punt staan om vir hul misdade te betaal.

> … ‘n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan…
> – Daniël 7:10

Die woorde “stroom van vuur” kan ook vertaal word as *suiwer rivier*. Hierdie idee verbind ons met ander troonkamertonele.

> Voor die troon was daar ‘n **see van glas soos kristal**…
> – Openbaring 4:6

> En hy het my getoon ‘n **suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal,** wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. – Openbaring 22:1

Die rivier wat vanuit die troon van God stroom, is die suiwer rivier van die lewe. Waar hierdie rivier ook al vloei, is daar lewe.

> Oral waar hierdie rivier loop, bring dit lewe. – Esegiël 47:9 (NLV)

Die stilte van die Vader in hierdie troonkamertoneel nooi ons uit om te ondersoek hoe Hy die situasie hanteer. Wanneer ons na hierdie toneel kyk, "[het] die uur van sy oordeel gekom." (Openbaring 14:7). Dit is óns wat op daardie oomblik ‘n besluit neem oor Sy karakter. Beskou ons die Vader deur die woorde van Sy Seun (Johannes 5:22), of beskou ons die Vader deur die natuur wat ons van Adam oorgeëerf het; 'n natuur wat oordeel en ter dood veroordeel? (Romeine 5:16).

Ons onthou wat ons in die laaste hoofstuk gesê het, dat die gees van oordeel in die kerk gekom het kort na Christus se sending na hierdie wêreld. Satan het uiteindelik sy regterstoel in die kerk gevestig en die gelowiges begin oordeel en veroordeel.

Die optrede van die Allerhoogste in die oordeel is om God se volk te verdedig teen die aanklagte wat deur die horinkie teen hulle gemaak word.

> Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, (22) **totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is** en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.
> –Daniël 7:21–22

Die oordeel toets die harte van God se volk. Die idee dat God as regter plaasneem, kan veroorsaak dat die natuurlike begeerte van die mens om te oordeel en te veroordeel op God geprojekteer word. Ons wil ons vyande veroordeel en vernietig, daarom projekteer ons dat God Sy vyande wil veroordeel en vernietig. Nogtans is God nie so nie. God vervolg niemand nie, maar verdedig eenvoudig Sy getroue kinders teen Satan se beskuldigende aanklagte.

**God vervolg niemand nie, maar verdedig eenvoudig Sy getroue kinders teen Satan se beskuldigende aanklagte.**

Satan beskuldig hulle dag en nag. Hy fluister sy beskuldigings in hul gedagtes. Die heiliges roep tot God om van hierdie beskuldigings verlos te word. God se volk sal óf roep tot God om hulle genade en krag te gee, óf ander begin oordeel en veroordeel, omdat hulle dink dat God dit namens hulle sal doen. Wat sal jou uitspraak wees?

Omdat die horinkie ander geoordeel en veroordeel het, het sy eie woorde en optrede daartoe gelei dat hyself geoordeel, veroordeel en uiteindelik vernietig word. Daar word nie met God gespot nie. Indien die mens saad van oordeel en veroordeling saai, sal hulle daarvoor te staan kom. Laat ons die woorde van Jesus volg en niemand oordeel nie. Dan sal ons nie geoordeel word nie (Matthéüs 7:1). Die keuse oor die rol wat ons in hierdie oordeel sal speel, word by ons gelaat.

Volgens jou oordeel…

# 18. Die Taal van Bose Magte

Net voordat Jesus gesterf het, het Hy hierdie hartverskeurende woorde geuiter:

> Eli, Eli, lama sabagtáni? Dis is: My God, my God, waarom het U My verlaat? – Matthéüs 27:46

Die woorde wat Jesus gespreek het, was nie Hebreeus nie, maar Aramees. Dit het baie mense laat glo dat Jesus meestal in Aramees gepraat het. Dit was 'n prominente kenmerk van die film *The Passion*, geregisseer deur Mel Gibson.

Daar is baie bewyse om te bevestig dat Hebreeus in die tyd van Christus 'n algemene spreektaal was. Ons sien dit aan die opskrif wat bo Jesus se kop gehang is tydens Sy kruisiging, asook hoe Paulus sommige van sy gehore toegespreek het.

> Hierdie opskrif dan het baie van die Jode gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in **Hebreeus en Grieks en Latyn.** – Johannes 19:20

> ...Paulus [gaan] op die trappe staan en wink met die hand vir die volk. En nadat daar 'n groot stilte gekom het, **het hy hulle in die Hebreeuse taal toegespreek**... – Handelinge 21:40

Toe Jesus met Paulus oppad na Damaskus gepraat het, het Hy in Hebreeus met hom gepraat:

> En toe ons almal op die grond val, **hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê**: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.
> – Handelinge 26:14

Beskrywings van plekke soos Gábbata en Gólgota is ook "in Hebreeus" (Johannes 5:2; 19:13, 17; Openbaring 9:11; 16:16).

Dit is interessant om op te let dat verskeie moderne vertalings die Griekse woord vir Hebreeus verander het en dit as Aramees geïnterpreteer het.

> **Ons het almal neergeval, en ek het 'n stem in Aramees vir my hoor sê**: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Jy maak jouself net seer deur jou teen My te verset.' – Handelinge 26:14 (NLV)

Bybeltaalkenners rasionaliseer hierdie woordverandering op grond van die feit dat hulle vasgestel het dat die Hebreeuse taal alreeds uitgefaseer was vir algemene gebruik, sodat die term *Hebreeuse taal* eenvoudig verwys na die algemene spreektaal, wat Aramees was. Tog verander dit die betekenis van die woord self en ontken die ooglopende verwysings na Hebreeus in die Skrif. Hebreeus en Aramees was verskillende en afsonderlike tale, en alle Skrifaanhalings moes in Hebreeus gedoen word, omdat daar geen Aramese Tora was nie.

Hierdie situasie word nog interessanter wanneer jy kyk na wat die Jode van Aramees gedink het.

> Onder die Joodse volk is daar 'n duidelike onderskeid getref tussen Hebreeus en Aramees. Nie net was Hebreeus die keuse

van geleerdheid en literatuur nie, maar dit was ook as die normale spreektaal van die daaglikse lewe gehandhaaf. “In die land Israel”, het die Mishna gesê, “waarom die Aramese taal? Of die Heilige Taal (Hebreeus, sic) of die Griekse taal.” Aramees het geen “aansien” gehad nie en “het geen lojaliteit afgedwing nie”, soos Safrai en Stern opmerk, terwyl Hebreeus beide gehad het. Selfs in die latere tye van die Talmoed was dit verbode om op die Sabbat 'n brandende Aramese manuskrip uit 'n vuur te haal, terwyl dit toelaatbaar was vir 'n soortgelyk Hebreeuse geskrif. Dit was verbode om die sinagoge te verlaat terwyl daar uit die Hebreeuse Bybel gelees is, maar nie wanneer daar in Aramees gelees is nie. Om die Skrif in Aramees te memoriseer, was nie genoeg nie, maar om dit in Hebreeus te hoor, sonder om 'n woord werklik te verstaan, was om sy “verpligting na te kom"!

Vir die Joodse volk was Hebreeus “die Heilige Taal“, terwyl Aramees beskou was as “die taal van Bose Magte.“

Vir die Joodse volk was Hebreeus “die Heilige Taal“, terwyl Aramees beskou was as “die taal van Bose Magte“ [Vanuit Zohar]. Nie dat laasgenoemde heeltemal verwerp is nie, maar dit is beskou as 'n taal wat tweede viool gespeel het naas Hebreeus – die ware “taal van die vaders“ en die alledaagse voertaal. Die Talmoed in Jerusalem verklaar dus:

> “Vier tale is van waarde: Grieks vir sang, Latyns vir oorlog, Aramees vir klaagliedere en Hebreeus is die spreektaal”.

Dit was die plek vir Aramees – in “klaagliedere” – maar Hebreeus was verhef tot daaglikse gebruik (“die spreektaal“) en aanbidding. Dus, 'n Joodse vader wat met sy seun van kleintyd af, wanneer hy hom die wet geleer het, nie “in Hebreeus“ gepraat het nie, was dit “asof hy hom begrawe het“. Wat Aramees betref, het die rabbi's daarenteen gewaarsku:

> “Die dienende engele gee glad nie aandag aan die een wat in Aramees persoonlike versoeke [in gebed] rig nie, want engele verstaan nie Aramees nie”.

Dit is natuurlik nie 'n kerklike opinie nie, maar weerspieël bloot die negatiewe gevoel teenoor Aramees onder die Joodse geleerdes. Trouens, die Talmoed vertel van 'n vroeëre geleentheid toe Gamaliël – dieselfde Gamaliël onder wie Paulus studeer het (Handelinge 22:3) en wie se slim woorde in Handelinge 5:34–40 omtrent die Christene opgeteken is – hy het eendag op die onvoltooide tempeltrappe gesit. Iemand het hom 'n eksemplaar van 'n Aramese vertaling van Job, die eerste en destyds die enigste "Targum“, gewys. Hy was so gewalg daardeur dat hy vir die bouer gesê het om dit “onder die bouerspuin te begrawe“. Dit was die reaksie in Judea op ‘n

> baanbrekerspoging om 'n gedeelte van die Skrif in Aramees te vertaal, gedurende Yehoshua [Jesus] se tyd![27] (Vry vertaal)

Indien Aramees deur Jode gebruik word om treur– en klaagliedere vir die dooies oor te dra, en indien dit gesien word dat Aramees "die taal van die bose magte" is, dan sien ons dat die gebruik daarvan die invloed van 'n ongewenste teenwoordigheid kan aandui.

Toe Jesus aan die Kruis sterf, het Hy die gewig van die sondes van die wêreld gedra. Hy was omring deur bose mense wat Hom tart en die hele tyd het Satan by Hom die gedagte opgedring dat Sy Vader Hom verlaat het. Juis hierdie woorde van Jesus in Aramees gee te kenne dat Hy in duisternis onderdruk word deur 'n vreemde invloed, uitgedruk in die taal van klaagliedere en die dood.

In hierdie konteks is die taal van Daniël 7, Aramees, wat in teenstelling staan met die Hebreeus van Daniël 8, baie belangrik.

In Daniël 7 word God gesien deur die lens van 'n vreemde invloed. Die taal van veroordeling en die dood word gebruik as die lens om die werk van God in die oordeel te aanskou.

In die oordeelstoneel van Daniël 8 is daar geen hofsaaltoneel nie. Dit sê eenvoudig:

> En hy het vir my gesê: Tweeduisend–driehonderd aande en môres, **dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word**.
> – Daniël 8:14

[27] http://danielbenyaacovysrael.blogspot.com/2013/06/did-yehoshua-spoke-hebrew-or-aramaic.html, June 2013

> Hy sê toe vir my: "Twee duisend drie honderd aande en oggende. **Dan sal die heiligdom herstel word**."
> – Daniël 8:14 (1983)

> Die ander een het geantwoord: "2 300 dae **dan sal die heiligdom weer gewy word**." – Daniël 8:14 (NLV)

Binne die Allerheiligste van die Heiligdomstelsel is daar geen boeke met verslae buiten die Tien Gebooie en die Wetboek nie. Daar is geen simbole van 'n hofsaal in hierdie plek nie. Daniël 2–7 word in Aramees gegee, omdat hierdie hoofstukke uit profesieë bestaan wat hoofsaaklik omtrent politieke aangeleenthede handel en dus beskou word as van belang vir heidene (Aramees was die *lingua franca* van daardie tyd, soortgelyk aan Suid-Afrika se *Fanakalo*). In Daniël 7 word hierdie siening van God as regter in die hofsaal volgens die mens se siening van Hom in Aramees gegee. Dit beklemtoon die punt dat dit vanuit 'n perspektief is wat vervreemd is van die hemelse denkwyses. Dit word so uitgedruk ter wille van diegene wat 'n sluier op hul hart het (2 Korinthiërs 3:15), aangesien die Vader niemand oordeel en veroordeel nie.

Aramees is 'n kombinasie van die Chaldese taal en Hebreeus. Dit kombineer die taal van Jerusalem met die taal van Babilon en dit is baie belangrik. Die oordeelstoneel van Daniël 7 meng die oordeel van God met die oordeel van Babilon.

Wat in Daniël 8 in die Hebreeuse taal beskryf word, is bloot 'n herstel van dinge wat nie in orde was nie. Toe Adam God geoordeel en veroordeel het deur te dink dat God sy vrou wil doodmaak, het hy die

tempel van sy verstand buite orde gestel. Dit was nie in die regte staat of toestand nie.

Op dieselfde manier as wat die dood van Jesus die mensdom laat dink het dat God ons sondes sou vergewe deur middel van 'n offerproses, wat nie God se karakter verteenwoordig nie, kom die mensdom ook tot die oortuiging dat sonde korrek aangespreek en hanteer sal word, deur ‘n proses van waargenome oordeel en veroordeling. In hierdie oortuiging word die mens dan uitgenooi om sy idees van oordeel te kontrasteer met die woorde van Jesus wat vir ons sê dat God niemand oordeel nie.

Die stilte van God in Daniël 7, gekombineer met die taal van Aramees, het die Vader in duisternis gehul, dieselfde duisternis waaarin Adam Hom aanskou het. Nog 'n bewys hiervan: Toe Jesus aan die kruis was, toe volkome skeiding met Sy Vader plaasgevind het, terwyl Hy die volle gewig van die sonde gedra het, het Hy uitgeroep: “My God“ eerder as “My Vader“. Hy het nie gesê, "My Vader, My Vader, waarom het U My verlaat?" nie. Dwarsdeur die vier evangelies verwys Jesus voortdurend na God as Sy Vader. Dit is die enigste plek waar Jesus na Hom verwys as My God, behalwe wanneer Hy wil hê dat Maria moet verstaan dat Sy Vader Sy God is, wat haar Vader en haar God is (Johannes 20:17). Die mens met die geloof van Jesus sien God as Sy Vader, maar die mens wat nie sy behoefte om ander te veroordeel laat vaar nie, sal op daardie laaste dag God nie as sy Vader sien nie, maar Hom as sy regter beskou.

Wanneer ons na die toneel van die oordeel in hierdie hoofstuk kyk, sien ons onsself, en hoe ons die kwaaddoeners sou hanteer. Ons dink die Vader sal soos ons wees, juis omdat Hy stilbly oor ons verkeerde idees.

Maar in die lig van die lewe van Sy Seun op aarde, bestraf Hy ons openlik. Elke tere wonderwerk wat Jesus gedoen het, is vir ons 'n teregwysing. Elke klap in die gesig wat Hy geduldig verduur het, roep na ons uit dat ons Vader nie dink soos ons dink nie en nie veroordeel soos ons veroordeel nie.

Was die taal en bewoording van Jesus, toe Hy op die punt was om te sterf, betekenisvol? Het Sy woorde die teenwoordigheid van 'n vreemde element aangedui?

Volgens jou oordeel…

# 19. Die Pre–Advent Oordeel in Konteks

Soos ons vroeër gesien het, is daar 'n tydperk van oordeel wat voor die wederkoms van Christus plaasvind. Die volgorde van gebeure in Daniël 7 openbaar dit duidelik. Die vraag om te beantwoord is: wat is die aard van hierdie oordeel as ons weet dat God nie oordeel en veroordeel nie?

> Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. – 2 Petrus 3:9

Ons Vader wil nie hê dat enige van Sy kinders verlore gaan nie. Hy wil hê dat almal gered moet word. Wanneer ons Daniël 7 lees, sien ons dat Christus in staat is om Sy koninkryk in besit te neem deur ‘n proses van oordeel.

> Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. (14) En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer, sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. – Daniël 7:13–14

Die koninkryk wat Christus ontvang, is een waarin alle volke, nasies en tale Hom met welwillendheid sal dien. Die heerskappy van Christus is die innige liefde en diepe welwillendheid van Sy volk teenoor Hom. Sy heerskappy gebruik nie dwang nie, maar vrye en openlike liefde.

Satan eis die eienaarskap van elke persoon op hierdie planeet. Elke persoon wat sondig, eis hy op as syne. Net voordat Christus terugkeer om Sy kinders te kom haal, is Satan as die aanklaer teenwoordig om te betoog teen die opgewekking en verlossing van God se kinders wat op Hom vertrou.

> Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want **die aanklaer van ons broeders** is neergewerp, hy **wat hulle aanklaag voor onse God**, dag en nag. (11) En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. – Openbaring 12:10–11

Die Bybel voorsien aan ons 'n voorbeeld van hoe die oordeel van die dooies plaasvind. Hierdie voorbeeld word in die lewe van Moses gevind.

> Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, **maar het gesê: Die Here bestraf jou!** – Judas 1:9

Moses is een of ander tyd na sy dood hemel toe geneem. Dit was die eerste opstanding uit die dood waarvan ons weet. Die Bybel leer dat

wanneer iemand sterf, hulle na die aarde terugkeer en in die graf rus tot die finale opstanding.

> Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, **maar die dooies weet glad niks nie**, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. – Prediker 9:5

> So lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie. (13) Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink! (14) As 'n mens sterwe, sal jy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd omdat my aflossing kom; (15) U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang.
> – Job 14:12–15

Anders as wat die meeste mense glo, is die siel nie onsterflik nie.

> **Sou 'n sterfling** regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker? – Job 4:17

Indien die mens reeds onsterflik was, waarom sê die Bybel dat ons na onverganklikheid moet soek?

> Aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, **eer en onverganklikheid soek – die ewige lewe**; – Romeine 2:7

God is die enigste een wat onsterflikheid het.

> ...wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, (16) **wat alleen onsterflikheid besit** en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen. – 1 Timótheüs 6:15–16

Daar is baie meer wat ons graag omtrent hierdie onderwerp wil deel, maar die belangrike punt hier is dat daar tot vandag toe nog net 'n klein aantal mense uit die dood opgewek is, wat hemel toe gegaan het. Die res van God se verloste kinders word met die Wederkoms opgewek.

> Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees **met betrekking tot die onslapenes** nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. (14) Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. (15) Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. (16) **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.** (17) **Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug**; en so sal ons altyd by die Here wees.
> – 1 Thessalonicense 4:13–17

Moses was 'n uitsonderlike geval wat na die hemel opgeneem is. Henog en Elia is ook hemel toe geneem, maar hulle het nie eers gesterf soos

Moses nie.[28] Toe Christus uit die hemel neergedaal het om Moses uit die dood op te wek, het Satan dit met Christus betwis of dit reg is dat hy opgewek word.

Soos ons in hoofstuk 12 bespreek het, is die verslag van Moses se lewe in sy hart sowel as in die hart van Christus geskryf. Die engele wat opdrag gegee is om ons te beskerm, teken ook ons lewensgebeure aan, omdat hulle ons deur ons hele lewe volg en al die dinge wat ons doen, aanskou.

> Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees,
> en red hulle uit. – Psalm 34:8

Terwyl Satan die aanspraak van Christus op die lewe van Moses wil betwis, is dit die verslag van Moses se lewe wat in daardie omstrede oomblik van oordeel vir hom intree. Christus het elke liewe besonderheid van Moses se lewe geken, want deur die Gees van God het Christus elke gebeurtenis daarin aanskou.

> HERE, U deurgrond en ken my. (2) **U ken** my sit en my opstaan; **U verstaan** van ver my gedagte. (3) **U deurvors** my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. (4) Want daar is nog geen woord op my tong nie – of U, HERE, **U ken dit geheel en al**. – Psalm 139:1–4

Die verslag van Moses het duidelik sy vertroue in sy Verlosser geopenbaar. Dit het onthul dat hy alleen op die verdienste van Christus

[28] Sien Génesis 5:23,24; 2 Konings 2:11

vertrou het. Dit was Moses se uitspraak voordat hy gesterf het, en dit is as 'n permanente verslag in sy hart en in die hart van Christus geskryf.

> ...by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes **wat in die hemele opgeskrywe is**, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges – Hebreërs 12:23

Christus het die beskuldigings van Satan teen Moses stilgemaak en gesê: "Die Here bestraf jou!" Al wat Christus moes doen, was om die verslag van die lewe van Moses te toon. Moses het sy eie saak beoordeel en dit in die hande van sy Verlosser geplaas, en toe Satan op Moses kom aanspraak maak, het Christus hom verdedig en daarom die mag gehad om Moses uit die slaap van die dood op te wek.

Dit is die voorbeeld waarvolgens almal opgewek sal word in die eerste opstanding van die regverdiges. Voordat Christus Sy slapende kinders uit die dood sal opwek, sal Satan hierdie reg van Christus, om hulle uit die dood op te wek, betwis. Die verslag van die slapende heiliges wat in die hart van Christus opgeskryf is, word dan geopen, en die verslag wys of hulle hulself die ewige lewe waardig geag het, al dan nie.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (2) **Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word**; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. – Matthéüs 7:1–2

> Maar Paulus en Bárnabas het vry–uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en **julleself die**

**ewige lewe nie waardig ag nie** – kyk, ons wend ons tot die heidene. – Handelinge 13:46

Diegene wat weet dat hulle sondaars is en vertrou op die verdienste van God se genade, sal ophou om ander te oordeel en eenvoudig in die guns en genade van God rus.

Diegene wat weet dat hulle sondaars is en vertrou op die verdienste van God se genade, sal ophou om ander te oordeel en eenvoudig in die guns en genade van God rus. Wanneer hulle aan die einde van hul lewe op aarde kom en hulle hul lewensverslag hersien, sal hulle hul vele mislukkings en swakhede sien. Hulle is in die versoeking om te twyfel of daar enigiets goeds in hul lewens is. Hulle laat vaar enige moontlike oortuiging dat hulle die ewige lewe waardig is vanuit hul eie verdienste; hulle vertrou alleen op die genade en guns van God. Dit word in hul lewensverslag opgeteken, en hierdie verslag word getoon wanneer Satan die reg van Christus bevraagteken om hulle op te wek, omdat hulle in die palms van Christus gegraveer is.

Daarom het Christus sedert 1844 begin om die lys van die wat met die Wederkoms opgewek moet word, voor te berei. Satan betwis elke bewering wat Christus omtrent die siele van die mens maak. Daar is sommige wat Christus wil red, maar wanneer Satan die bewering betwis,

openbaar die verslag wat nagelaat is, dat hulle nie aan hul geloof in Christus vasgehou het nie. Vir sulkes word Satan se aansprake gesteun en hy word in staat gestel om te verhinder dat die siel met die Wederkoms opgewek word. Dit is hartverskeurend vir Christus om Satan se aanspraak op 'n persoon te aanvaar, omdat hulle lewensverslag onthul dat hulle hul geloof prysgegee het.

Net soos in die verhaal van die verlore seun, sowel as in die oordeel in Daniël 7, spreek God geen woord teen enigiemand in die verhoor nie. Die verslag is deur elke persoon self nagelaat en hierdie verslae spreek vanself. Christus onthou elke saak, want Hy ken elke persoon intiem en weet alles omtrent hulle geskiedenis, en daarom kan Hy ter verdediging van God se kinders staan wanneer Satan hulle saak uitdaag. Satan is die aanklaer en Christus is die verdediger. God en Sy Seun maak die beslissing van Satan teen God se mense tot niet en oordeel word in hul guns uitgespreek.

> Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, (22) totdat die Oue van dae kom en **aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is** en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.
> – Daniël 7:21–22

Slegs diegene wat beweer dat hulle volgelinge van Christus is, kom voor in hierdie saak van oordeel. Diegene wat Christus nie bely nie, of nie bewyse toon van die werk van die Gees van Christus in hul lewens nie, verklaar dat hulle nie 'n hemelse liggaam wil hê wat gevul is en wat leef deur die Gees van Christus nie; in gees weier hulle om hulle te onderwerp aan die samelewing se orde in die hemel, waarvan die

belangrikste beginsel nie-veroordelende liefde is. Satan verklaar sy eienaarskap van hulle en Christus aanvaar dit volgens die beginsels van vrye keuse, alhoewel dit teenstrydig is met die begeerte van Christus om almal op te wek.

> Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; **maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel** omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. – Johannes 3:18

Diegene wat nie in die Seun van God glo nie, kan nie van hul eie gees van veroordeling af wegkom nie. Wanneer hulle met hul sondes gekonfronteer word, veroordeel hulle hulself en vra dus om te sterf.

> En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, (16) en vir die berge en die rotse gesê: **Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam**; (17) want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? – Openbaring 6:15–17

Wanneer Christus terugkom en met die stem van die Aartsengel uitroep, "kom uit", word die ore van die slapende heiliges deurboor met die geluid van oorwinning en hulle word wakker in hul grafte en kom uit tot die ewige lewe.

Die goddelose dooies wat nie geglo het nie, se ore is toegemaak sodat hulle nie kan hoor nie. Gedurende hulle hele lewe het hulle deur sonde weggedoen met die smekinge van die Gees van God en dus is die stem

van Christus vir hulle vreemd. Hulle reageer nie op die roepstem nie, alhoewel die uitroep om uit te kom aan almal gerig word.

> …daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; **en die wat dit gehoor het, sal lewe**.
> – Johannes 5:25

Die goddelose dooies weerstaan hierdie roepstem en bly dus in die stof van die aarde tot aan die einde van die 1000 jaar wanneer hulle opgewek word.

Met die Wederkoms raak Christus in Sy volkome verheerlikte, goddelike vorm nie aan die aarde nie. Indien Hy dit sou doen, sou almal uit die stof van die aarde opkom, soos bewys word deur die opstanding van die goddelose nadat die 1000 jaar om is en Christus *wel* die aarde aanraak. Christus roep Sy slapende heiliges by die Wederkoms vanuit die lug uit, sodat slegs diegene wat in geloof gesterf het, opstaan.

> Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word **die Here tegemoet in die lug**; en so sal ons altyd by die Here wees. – 1 Thessalonicense 4:17

> En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.
> – Matthéüs 24:31

Aan die einde van die 1000 jaar, wanneer Christus met die hemelse stad na die aarde terugkeer, word diegene wat Christus se genade verwerp het, opgewek.

Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne–in jou verdeel word, o Jerusalem! (2) **Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem**; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; **maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie**. (3) En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. (4) **En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal**; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. – Sagaría 14:1–4

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. (2) **En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is**.
– Openbaring 21:1–2

Sonder die Gees van Christus wat met hulle gewete praat, openbaar die goddelose nou hulle ware gevoelens teenoor God en die regverdiges; hulle will diegene in die stad vernietig.

En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; (8) en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is

> soos die sand van die see. (9) En **hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel**, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. – Openbaring 20:7–9

Raadpleeg die boekie *Verterende Vuur* op *vadervanliefde.com* vir 'n gedetailleerde studie omtrent die vuur van God wat afkom en die goddelose vernietig.

Kortom, dit is die las van skuld wat die sondaar dra wat hom op die ou end vernietig. In die teenwoordigheid van God en die Lam, wanneer hulle hul hele lewensverslag in oënskou neem, veroordeel hulle hulself heeltemal en word hulle verpletter deur hul eie skuld. Hierdie geestelike worsteling van die gemoed en psige is erger as enige fisiese lyding.

> Al wat julle voortbring, is strooi, al wat julle oplewer, is kaf, en **julle asem is die vuur waardeur julle verteer sal word**. (12) Die volke gaan 'n kalkbrandery word, hulle gaan aan die brand gesteek word soos afgekapte doringbosse.
> – Jesaja 33:11–12 (1983)

Ter opsomming: Ons het die betekenis van die oordeel wat in Daniël 7 beskryf word, ontdek. Die toneel in die hofsaal word geskep, omdat Satan nie een van dié wat die graf ingegaan het, wil verloor nie. Soos die Romeinse wag gestuur is om die graf van Jesus te bewaak, sodat hulle enige aanduidings van Christus se opwekking moet verhoed, so omsingel Satan die grafte van die regverdige dooies en probeer tevergeefs verhoed dat hulle uit die dood ontsnap.

Christus bestraf Satan, omdat die verslag duidelik die geloof openbaar van die Christene wanneer Satan hulle as sy besitting wil opeis.

Diegene wat deur geloof na die aangesig van ons hemelse Vader kyk, deur die lens van die karakter van Jesus, sien dat God niemand oordeel of veroordeel nie. Satan is die aanklaer; die een wat ons wil veroordeel. Satan wil sy eie eienskappe op God plaas om ons te laat dink dat God ons oordeel en veroordeel. God het Sy Seun gestuur om Sy karakter te openbaar, nie om die wêreld te veroordeel nie (Johannes 3:17). In die oordeel bly God stil en laat ons toe om te besluit hoe ons dink Hy die situasie sal hanteer. Ons sien dus die volledige waarheid van die woorde van Christus:

> Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word... – Matthéüs 7:2

# 20. Die Tyd van Jakob se Benoudheid

In die vorige hoofstuk het ons die oordeelsproses van diegene wat voor die koms van Christus sterf en uit die dood opgewek word om Christus in die lug te ontmoet, beskryf. Wat gebeur met die getroue volgelinge van Christus wat tydens die koms van Christus "in die lewe oorbly"? Hoe word hulle hanteer in die oordeel? Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn.

> Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. – 1 Korinthiërs 10:11

Die verhale van die Bybel gaan ons, wat in die laaste dae leef, help om te verstaan wat met God se volk gebeur terwyl hulle in die oordeel, soos beskryf in Daniël 7, voor die koms van Christus, te staan kom.

Ons het die verhaal van die vrou wat in egbreuk betrap is, in hoofstuk 10 ondersoek, asook die oordeelsproses wat sy deurgemaak het terwyl sy nog geleef het. Sy was na Christus gebring deur diegene wat beweer dat hulle volgelinge van God is. Net soos die Joodse leiers is daar baie Christene wat die mense van die wêreld vertel dat God hulle in die hel vir hul sondes gaan laat brand. Hulle woorde en optrede het die mag om die beskuldigdes aan die voete van Christus te werp. Alhoewel baie met woede en geweld teenoor hierdie aanklaers reageer, neem

sommige die aanklagte wat teen hulle voorgelê word, ter harte en vra om vergifnis vir hul sondes.

Daarom speel die Christelike kerke in die laaste dae ‘n rol om die wêreld met sy sondes te konfronteer en die mense te vertel van die oordeel wat op hulle wag. Alhoewel die kerke heeltemal die verkeerde siening van God het, speel hulle steeds hul rol om sonde-oortuiging te bring.

Noudat ons die laaste dae nader, lees ons in die Bybel dat daar, soos nog nooit tevore, 'n tyd van groot benoudheid sal wees. Die onlangse gebeure in verband met COVID–19 en rasse–onluste, tesame met die gevolge van toenemende vernietiging van natuurlike hulpbronne, mag dalk daarop dui dat ons op die rand van hierdie tyd van benoudheid staan.

> En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en **dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie**; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. – Daniël 12:1

Wanneer mense begin sien dat die wêreld uitmekaarval en katastrofes die aarde en die nasies van die wêreld regtig begin raak, sal baie mense begin wonder of dit hulle eie sondes is wat hierdie dinge op die aarde gebring het. Daar sal twee klasse godsdienstige mense na vore kom wanneer hierdie probleme ontstaan.

> En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.

> (40) Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? – (41) ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. (42) En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.
> – Lukas 23:39–42

Albei hierdie mans is saam met Jesus gekruisig. Een van hulle het aanvaar dat teenspoed oor hom kom weens sy eie sonde. Die ander een het Jesus in woede afgejak en geëis dat Hy almal moes red, indien Christus dan is wie Hy beweer Hy is. Een het in smart en met hoop berou gehad; die ander het kwaad en uitdagend gebly en geweier om berou te toon.

Paulus sê die laaste dae sal wees soos die ervaring van 'n vrou wat op die punt staan om geboorte te gee.

> Want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ‘n dief in die nag. (3) Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval ‘n skielike verderf hulle **soos die barensnood ‘n swanger vrou**, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. – 1 Thessalonicense 5:2–3

Met behulp van dieselfde analogie het Jeremia die volgende woorde geskryf:

> Want so sê die HERE: Ons het ‘n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! (6) Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek **elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar**, en is alle aangesigte in bleekheid

> verander (7) Wee, want die dag is groot, sonder weerga! **En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob**; maar hy sal daaruit verlos word. – Jeremia 30:5–7

Die opgekropte frustrasie van die menslike geslag sal uiteindelik in 'n verskriklike, vernietigende woedebui oorkook. Baie sal hul lewens in hierdie tydperk van verskriklike onrus verloor.

> Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, (6) vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! (7) **Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand** – na jou sal dit nie aankom nie. – Psalm 91:5–7

Wanneer die wêreld begin uitmekaarval, sal mense soek na iets of iemand wat die skuld kan kry vir al die kwaad wat plaasvind. Die godsdienstige leiers van die wêreld sal 'n bevel ten opsigte van aanbidding maak.

> En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. (12) En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. (13) Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. (14) En hy verlei die bewonders van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die

> swaardwond ontvang en lewendig geword het. (15) En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. (16) En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; (17) sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk op die naam van die dier of die getal van sy naam het. – Openbaring 13:11–17

Dit is buite die bestek van hierdie boek om meer besonderhede omtrent hierdie profesie te gee. Lees gerus die boek *Die Groot Stryd* wat beskikbaar is op *vadervanliefde.com*[29] vir 'n gedetailleerde ontleding.

Die belangrikste punt wat ons hier wil oorweeg, is dat druk op die hele wêreld toegepas sal word om aan een vorm van godsdiens te voldoen. Diegene wat hulle nie aan hierdie gesagsmerk onderwerp nie, sal, indien hulle weier om daaraan gehoor te gee, doodsdreigemente ontvang.

Dit is gedurende hierdie tyd dat God se volk voor 'n verskriklike tyd van benoudheid te staan kom. Net soos die vrou wat in owerspel betrap word, sal baie voor die howe gesleep word, omdat hulle weier om hulle aan die godsdienswette wat uitgevaardig is, te onderwerp.

Dit is die tyd waarna die Bybel verwys as die tyd van benoudheid vir Jakob. Die verhaal waarna hier verwys word, is toe Jakob met sy vrouens en kinders van sy skoonpa, wat hom bedrieg het, vertrek het. Jacob het na die land van sy familie teruggekeer. Die probleem was dat sy broer

[29] https://vadervanliefde.com/download_section/view/skakels-na-pdf-leers

hom sou ontmoet om met hom af te reken weens Jakob wat sy vader mislei het om sy broer se geboortereg te steel. 'n Geboortereg is 'n geestelike erfenis wat verleen word om 'n gesin in geestelike sowel as materiële rykdom, te seën. Jakob se broer, Esau, wou die materiële rykdom hê, maar het hom min aan die geestelike element gesteur. Jakob het nou, in die aangesig van sy broer, die dood in die gesig gestaar. Terwyl hy huiswaarts keer, terwyl hy van sy skoonpa vlug en terwyl hy nou voor sy broer, wat baie kwaad is vir hom, te staan kom, ontvang hy die nuus.

> En die boodskappers het na Jakob teruggekom en gesê: Ons het by **u broer Esau gekom, en hy trek u alreeds tegemoet en vierhonderd man saam met hom**. (7) Toe het Jakob baie bevrees en benoud geword, en hy het die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee en beeste en kamele in twee laers verdeel. – Génesis 32:6–7

Jakob doen alles wat menslik moontlik is om vir die krisis voor te berei, en dan bid hy tot God om hom in hierdie verskriklike situasie te help.

> En Jakob het gesê: o God van my vader Abraham en God van my vader Isak, o HERE, wat my beveel het: Gaan terug na jou land en na jou familie, en Ek sal aan jou goed doen – (10) ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het; want ek het met my staf oor hierdie Jordaan getrek en nou twee laers geword. (11) Red my tog uit die hand van my broer, uit die hand van Esau, want ek is bang vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan, die moeder saam met die kinders.
> – Génesis 32:9–11

Jakob bid in smart en trane tot God om hulp. Terwyl hy bid, kom wat lyk na ‘n aanvaller, afgestorm op hom.

> Maar Jakob het alleen agtergebly, en ‘n Man het met hom geworstel tot dagbreek. – Génesis 32:24

Die hele nag worstel hy met hierdie geheimsinnige persoon. Uiteindelik, met dagbreek, raak die aanvaller aan sy heup en Jakob se heupbeen spring uit potjie uit. Hy het dadelik geweet dat hy nie met 'n man nie, maar met 'n goddelike wese, geworstel het.

> En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. (26) Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy U my seën. (27) En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. (28) Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin. (29) Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. (30) Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.
> – Génesis 32:25–30

Jeremia 30:7 maak melding daarvan dat hierdie vreemde ervaring weer voor die wederkoms van Christus met God se volk herhaal sal word.

Terwyl Jakob oor sy lewe dink, onthou hy al die verkeerde dinge wat hy gedoen het. Hy begin voel dat hy in hierdie posisie is weens sy vele mislukkings. Hy word versoek om te voel dat God hom sal verlaat.

Die Seun van God kom om hom te help, maar Jakob, as 'n seun van Adam, vrees dat hierdie aanvaller hom wil skade berokken. Hy worstel om sy lewe met die spesiale Engel sonder om te besef dat hierdie Engel nie gekom het om hom skade te berokken nie, maar om hom te red. Die Seun van God laat toe dat hierdie worsteling voortgaan om vas te stel of Jakob homself volkome aan God sal oorgee en in Sy vergifnis sal vertrou, en of hy in wanhoop sal opgee.

Gedurende hierdie tyd versoek Satan Jakob dat sy sondes so groot is dat God hom nie sal vergewe nie. Satan kla Jakob aan en vul hom met twyfel. Hy kry die gevoel dat dit vir hom te laat is. Maar hy worstel met sy twyfel, net soos hy met die aanvaller worstel. Die een worsteling word in die ander gesimboliseer. Dieselfde verhaal word op 'n ander manier in die lewe van Josua, die Hoëpriester, vertel.

> Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die **Engel van die HERE** staan, en die **Satan** aan sy regterhand staan om hom aan te klae. (2) Toe sê die HERE aan die Satan: **Mag die HERE jou bestraf, o Satan**! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? (3) En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. (4) Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom:

> Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. – Sagaría 3:1–4

Daar was 'n soortgelyke reeks gebeure toe Satan met Christus getwis het omtrent die liggaam van Moses, maar in hierdie geval leef die betrokke persoon. Dit is nie die oordeel van die dooies nie, maar van die lewendes. Die Engel van die Here bestraf Satan namens Josua, net soos Hy met Moses gedoen het.

> Maar toe **Mígael, die aartsengel**, met **die duiwel** in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: **Die Here bestraf jou!**
> – Judas 1:9

Dit wat met Moses gebeur het na sy dood, het met Jakob, Josua, die Hoëpriester, en die vrou wat in owerspel betrap is, gebeur terwyl hulle geleef het. Satan wil die sondaar weens hulle sondes tot wanhoop dryf. Deur die deurdringende beskuldigings van die duiwel voel dit asof God self die sondaar veroordeel. Dit voel of die sagte stem van God wat hoop aan die sondaar bied, verdring word deur die stem van die beskuldiger. Soos met Jesus aan die kruis, blyk dit asof die stem van God vir 'n kort oomblik stil is.

> My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? (3) My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie; en snags, en ek kan nie swyg nie.
> – Psalm 22:2–3

Dit is op hierdie oomblik, wanneer die sondaar heeltemal oorweldig voel, dat hy die waarheid onthou:

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword… – Romeine 5:20

God se volk seëvier oor Satan en sy beskuldigings. Hulle kies om te glo dat God totaal en al soos Jesus is. Hulle glo dat Hy hulle nooit sal verlaat en hulle nooit as gevolg van hul sondes van Hom sal afsny nie. Hulle gryp die belofte van die ewige lewe aan, ten spyte van die waarheid dat hulle hele lewe met sonde en selfsug verdorwe is. Hulle naam word verander van Jakob, wat *bedrieër* beteken, na Israel, wat *oorwinnaar* beteken.

Satan wil ons oortuig dat God ons uiteindelik sal verlaat. Ons geloof sal vas staan ondanks die feit dat ons heeltemal oorweldig word deur Satan se beskuldigings teen ons. Hy skilder ons verlede in die donkerste kleure en ons word versoek om moed op te gee. Die hele verslag van ons lewe word aan ons voorgehou en ons voel hulpeloos. Op daardie oomblik sal ons na Christus draai en aan Hom vashou en sê: "Ek glo dat U my nie sal verlaat nie. Ek vra U seën en glo dat U dit vir my sal gee.“ Dit is die oorwinning van geloof wat Christus op Golgota behaal het, en Hy gee hierdie oorwinning aan ons, naamlik die geloof van Jesus (Openbaring 14:12, sien die *King James Version – faith of Jesus*).

Hierdie oordeelproses is 'n ernstige toets vir God se volk. Terwyl ons dit oordink, is ons in die versoeking om baie bang te voel of te wonder of dit regtig sal gebeur. Die vraag wat gevra moet word, is: "waarom moet God se volk hierdie groot toetsproses deurmaak?" Is daar nie 'n makliker uitweg nie?

# 21. Deur Een se Misdaad het Veroordeling Gekom

Ons het in hoofstuk 4 die oorsprong van veroordelende uitsprake binne die mens bespreek. Die rede dat Adam en Eva weg van die teenwoordigheid van God in die tuin gevlug het, was as gevolg van die veroordelende uitspraak van Adam teenoor God.

> En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; **en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God** tussen die bome van die tuin. – Génesis 3:8

> …en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit **vrees vir die dood** aan slawerny onderworpe was. – Hebreërs 2:15

Die vrees vir die dood het by Adam ontstaan, omdat hy gedink het dat God sy vrou Eva met die dood wil straf. In opstand en woede het hy die vrug geneem en was vasbeslote om haar lot saam met haar te deel. Nadat Adam in sonde geval het, het daar oordeel en veroordeling teenoor God en Sy Seun in sy hart ontwikkel. Die leuen dat God hulle wou doodmaak, het oorgegaan na verskrikking toe die Een wat Adam gevrees en gehaat het, nou naby hom gekom het (Maleági 3:5).

In werklikheid kom die Seun van God na Adam met liefde, besorgdheid en genade. Adam het gedink dat Hy met oordeel en veroordeling kom om hom dood te maak. Die Seun van God moes Sy Goddelikheid bedek om naby Adam te kan kom. Wanneer die volledige liefdevolle

teenwoordigheid van God die skuld–besmettende sondaar, met sy haat vir God, ontmoet, is die vrees oorweldigend en die sondaar sterf.

Die volgende vers wys hoe die sondaar dit ervaar wanneer hy in die teenwoordigheid van God kom met die vrees en veroordeling van God in sy hart.

> ...in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. (9) **Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte**... – 2 Thessalonicense 1:8–9

Dit is hoe dit vanuit God se perspektief lyk:

> Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, **hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!** (38) **Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!** – Matthéüs 23:37–38

Dit is 'n ontstellende gedagte om te ontdek dat ons menslike natuur, wat ons van Adam ontvang het, die neiging het om God te haat, en voortdurend aanvaar dat God ons vir ons sondes wil doodmaak of ons wil verlaat, omdat ons nie goed genoeg is nie.

> En die volk het teen God en teen Moses gespreek: **Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe**? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. – Númeri 21:5

> ...wat die vlees bedink, **[is] vyandskap teen God**; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. – Romeine 8:7

> Daarom dan, net soos dit deur een [Adam se] misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het... – Romeine 5:18

Die misdaad van Adam was om iets te glo omtrent God se karakter wat onwaar is. Hy het verkeerdelik geglo dat God sy vrou wou doodmaak. Hy het hom verkeerdelik ingedink dat God die dood eis vir oortreding. Deur hierdie oortreding het daar 'n gees van oordeel en veroordeling teenoor God en Sy Seun gekom. Ons het hierdie vyandigheid teenoor God geërf en ons openbaar hierdie vyandigheid teenoor Sy Seun Christus. God het hierdie diepgesette haat in ons aan ons geopenbaar toe Hy die Seun van God gegee het om as 'n mens onder ons te woon, en ons Hom verwerp en doodgemaak het.

Soos ons in hoofstuk 5 bespreek het, projekteer Adam uit selfverdediging sy eie oordeel omtrent God op God, as Iemand wat die dood eis. Hier is die proses:

1. Adam glo dat teregstelling (doodstraf) die gevolg is van die oortreding van die wet.
2. Adam oortree die wet.
3. Adam ondervind 'n skuldgevoel.
4. Adam voel dat hy nou moet sterf.
5. Adam probeer om die skuldlas te verskuif en dra dus die doodstraf oor aan die Seun van God.

Elke keer wanneer die Seun van God in ons teenwoordigheid kom, word hierdie reeks gebeure geaktiveer. Dit is hoe die veroordeling van een man oorgedra word na alle mense. Elke mens wil van nature die dood uitroep oor die Seun van God. Wat 2000 jaar gelede gebeur het, wys ons waartoe ons in staat is, gegewe die vryheid om met die Seun van God te maak soos ons wil.

Om hierdie doodsdekreet, wat van nature in ons woon, te verwyder, moes Christus hierdie natuur op Homself neem en dit dan deur Sy dood en opstanding verwyder.

> Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. (14) Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het (15) **deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het**, <u>naamlik die wet van gebooie wat in insettinge</u> [bevel G1378] <u>bestaan</u>; **sodat Hy**, deur vrede te maak, **die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep** (16) en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. – Efésiërs 2:13–16

Adam het 'n skeidsmuur tussen homself en Christus opgerig deur sy oordeel omtrent die Seun van God. Christus het die natuur van Adam op Homself geneem en daardie middelmuur van skeiding afgebreek, sodat Hy in ons teenwoordigheid kon kom sonder ons selfvernietigende vrees vir die straf wat ons dink op ons sal val.

Die meeste kommentators sê dat hierdie vers na die afbreek van die skeidsmuur tussen Jood en Heidene verwys, en dit het wel 'n sekondêre

toepassing in die vers. Tog is alle vyandigheid tussen mense slegs 'n manifestering van die vyandigheid wat mense teenoor God ervaar.

Wanneer jy die woord *insettinge* in Grieks neem en die Griekse Ou Testament deursoek om te sien waar dit gebruik word, kom ons agter dat dit niks met die wet van Moses te doen het nie, maar eerder verwys na die wetgewing van mense, spesifiek wetgewing met doodstraf vir die oortreding van die wet. Hieronder is die enigste verse in die Griekse Ou Testament wat hierdie woord [G1378] vir insettinge gebruik.

- Esra 6:8 – Persiese Bevel om die tempel te bou.
- Eségiël 20:25,26 – God het hulle aan insettinge oorgegee wat nie goed was nie. God het hulle in hul eie insettinge vernietig.
- Daniël 2:13 Bevel om die wyse manne om te bring.
- Daniël 3:10,29 Bevel in die dal Dura deur die koning van Babel, met doodstraf vir oortreding daarvan.
- Daniël 4:6 Bevel om al die wyse manne byeen te bring, met dreigende doodstraf
- Daniël 6:8,10,12,13,15,26 – Onderteken die bevel om geen God behalwe die Koning te aanbid nie, met doodstraf vir oortreding daavan.

Indien ons dieselfde woordgebruik in die Nuwe Testament hierby voeg:

- Lukas 2:1 – 'n Bevel van die Keiser.
- Handelinge 16:4 – 'n Bevel van die apostels om te beperk wat geleer word uit die Wet van Moses as gevolg van die buitensporige posisie van sommige van die Jode omtrent hierdie vraag.

- **Handelinge 17:7** 'n Bevel van die Keiser.
- **Efésiërs 2:15** Christus het die gebooie wat in (menslike) bevele vervat is, opgehef.
- **Kolossense 2:14** Uitdelging van die menslike bevele wat teen ons was.

Die gebruik van hierdie Griekse woord vir *insettinge* toon dat dit niks te doen het met die wette wat Moses in die Ou Testament neergeskryf het nie. Dit spreek eerder van menslike bevele en eise.

Die eerste menslike dekreet was dat die Seun van God moes sterf vir die gebeure wat in die tuin van Eden plaasgevind het. Adam het hierdie oordeelswyse aan al sy kinders oorgedra en hierdie veroordeling kom dus voor by alle mense in hul natuurlike toestand. Die menslike natuur probeer hierdie haat verberg en beweer dat hulle God liefhet, net soos die onderdane van 'n totalitêre nasie wat vrees dat hulle vermoor sal word indien hulle nie die staatshoof eer nie (Byvoorbeeld Noord–Korea).

Diegene wat die weg van verlossing bewandel, en aanvaar dat die lewe wat Jesus 2000 jaar gelede op hierdie aarde geopenbaar het, die volledige openbaring van God se karakter is en dat God ons sondes vryelik vergewe, begin om die gees van veroordeling af te skud en 'n gees van liefde en vergifnis te aanvaar.

> ...Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, (20) sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. – Eségiël 11:19–20

Ons ware karakter moet aan ons getoon word, sodat ons volkome bevry kan word van ons gees van veroordeling en die doodsdekreet wat ons van ons eerste vader geërf het. Ons kan nie die diep gevoel van veroordeling wat uit ons eie natuur kom, vermy wanneer ons naby die Seun van God kom nie, maar ons kan bewus wees van die rede waarom dit gebeur en Christus toelaat om in ons te werk, eerder as om Hom te verwerp en opnuut te kruisig.

Indien ons aan die beloftes van God kan vashou, bygestaan deur Sy Gees, en ons eie veroordeling wat ons op Christus uitgestort het, wat aan ons teruggereflekteer word, kan weerstaan – dan sal ons verseël word met die Naam van die Vader.

> En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd–vier–en–veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.
> – Openbaring 14:1

Jesus het, toe Hy mens geword het, nooit in die versoeking geval om te dink dat Sy Vader Hom veroordeel het nie, en Hy het ook nie Sy Vader veroordeel vir die moeilikhede waarin Hy was nie. Jesus is heeltemal bewus van hoe ons natuur is, Hy ken dit op 'n manier wat ons dit nooit kan ken nie, tensy ons Sy onderskeidingsvermoë het. Indien ons waarlik aanvaar dat ons, soos Kain, van nature haatdraende moordenaars is, die *eie ek* laat sterf en in Sy genade glo, sal ons die gratis geskenk van Sy lewe ten volle ontvang en sal Hy in ons oorwin.

> En omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is.
> – Johannes 2:25

> Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, (8) wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie – 1 Korinthiërs 2:7–8

Binnekort sal die magte van die duisternis ten volle op hierdie wêreld losgelaat word, maar tans hou die engele die winde van stryd terug wat die aarde ten volle sal vernietig, sodat God se volk verseël kan word met die karakter (Naam) van die Vader.

> En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. (2) En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig (3) en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. – Openbaring 7:1–3

Die verseëling van God se volk is die verwydering van die veroordelende doodsdekreet in ons natuur wat ons van Adam geërf het. God se volk sal

verseël word in 'n karakter wat ophou om enige persoon te oordeel en te veroordeel, maar wat volkome op die goedheid en genade van God vertrou.

Dit is die rede waarom God se volk deur 'n tyd van Jakob se verdrukking moet gaan. Die vleeslike geneigdheid om die doodstraf toe te dien vir ongehoorsaamheid, is die belangrikste rede waarom daar baie ernstige kraampyne gevoel word wanneer ons geboorte skenk aan Christus in ons (om soos Christus in karakter te word).

> Want ek het gehoor ‘n stem soos van een wat inmekaar krimp, ‘n benoudheid soos van een wat die eerste keer baar, die stem van die dogter van Sion; sy hyg na asem, sy brei haar hande uit en sê: Wee my tog, want my siel is magteloos teenoor die moordenaars. – Jeremia 4:31

Die raamwerk waarin ons verskeie van hierdie verse geplaas het, sal nuut wees vir diegene wat vertroud is met die Bybelse leerstellings omtrent die verseëling en die gebeure in die laaste dae van die aarde se geskiedenis. Die nuwe raamwerk word bemagtig deur die woorde van Christus wanneer Hy sê dat nie Hy of Sy Vader enigiemand veroordeel nie.

Hoe sal jy dit beoordeel?

# 22. Regterstoel van Christus

Aan die einde van hoofstuk 3 het ons die vraag gevra of ons regtig verstaan wat God se geregtigheid is. Ons het verskeie punte aangespreek om aan te toon dat God niemand oordeel of veroordeel nie. Ons onthou 'n stelling wat ons in hoofstuk 3 gemaak het:

> Daar word byna universeel geglo dat die soewereiniteit van God, en dus alle gemeenskapsleiers wat onder die volk regeer, geregtigheid laat berus op die mag om die swaard te gebruik (d.w.s. gebruik van geweld tot oorreding). Geregtigheid is om optrede as goed of sleg te beoordeel en gevolglik die goeie te beloon en die slegte te straf.

Hierdie siening omtrent God beskou genade as 'n beginsel wat teenstrydig is met geregtigheid. Ons menslike persepsies van hierdie twee beginsels is dat hulle nie albei gelyktydig in werking kan wees nie. Wanneer genade verleen word, word daar nie aan geregtigheid voldoen nie. Wanneer geregtigheid geskied, is genade uitgeput.

Wanneer die beginsel van geweld (hetsy fisies of geestelik) en doodsdreigemente verwyder word van ons persepsie van God se geregtigheid, verander die verhouding tussen genade en geregtigheid heeltemal.

> *Geregtigheid en reg* is die grondslag van u troon; *goedertierenheid en trou* gaan voor u aangesig uit.
> – Psalm 89:15 (1933/53) [klem ingevoeg]

> *Justice and judgment* are the habitation of thy throne: *mercy and truth* shall go before thy face.
> – Psalm 89:14 (King James Version) [klem ingevoeg]

Hierdie vers in Psalms is baie belangrik, omdat dit praat van die verhouding tussen geregtigheid en genade (of goedertierenheid). Hier word twee vertalings aangehaal, omdat die Afrikaanse vertaling 'n kommapunt gebruik, terwyl die Engelse vertaling 'n dubbelpunt gebruik om die twee frases te koppel. Wat is die verskil?

> Kommapunt moet bewyse of 'n rede vir die vorige stelling voorlê; hierdie sin gebruik byvoorbeeld 'n kommapunt op 'n gepaste wyse. Daarteenoor moet 'n dubbelpunt gebruik word vir 'n sterker, meer direkte verhouding. Dit word gevolg deur 'n beklemtoning, 'n demonstrasie of 'n verduideliking.[30]

Die King James Bybelvertaling gee 'n sterker verband tussen geregtigheid en goedertierenheid (*justice and mercy*). In wese word daar gesê dat God se geregtigheid en reg (*justice and judgement*) gedemonstreer word in goedertierenheid (*mercy*) en trou (*truth*). Die gebruik van die kommapunt in die Afrikaanse vertaling dui daarop dat geregtigheid en goedertierenheid (genade) verbind is. Dit kan ook dieselfde idee ondersteun, maar die verbinding is nie so sterk nie. Ongeag hiervan, dui die onderliggende beginsel van Hebreeuse parallelisme aan dat dieselfde idee herhaal word, net op 'n ander manier.

[30] http://crosstalk.cell.com/blog/colons-vs-semicolons Gepubliseer op 16 Februarie 2018

Die pragtige werklikheid van hierdie vers is dat God se geregtigheid as genade geopenbaar word. Geregtigheid is om te doen wat reg is. Volgens God se karakter is dit reg om genade te betoon.

> **‘n Vader van die wese en ‘n regter van die weduwees** is God in sy heilige woning. – Psalm 68:6

> HERE, U het die begeerte van die ootmoediges gehoor; U sal hulle hart versterk, u oor sal luister (18) **om aan die wees en verdrukte reg te doen**. Geen mens uit die aarde sal langer voortgaan om skrik aan te jaag nie. – Psalm 10:17–18

> Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep. – Psalm 86:5

Dit is die reg om vir die wese en die armes te sorg. Dit is reg om genade te betoon en te vergewe. Dit is geregtigheid in God se koninkryk. Daar is verskeie Skrifgedeeltes wat spreek van God wat die volk oordeel. Dit wat ons van nature aanvaar as 'n oordeel wat lei tot veroordeling, is eerder 'n oordeel wat genesing en herstel bring.

> Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans. (3) Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig. (4) Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel: (5) Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit! (6) En – die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel!
> – Psalm 50:2–6

> So het die HERE van die leërskare gespreek en gesê: Spreek ‘n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander. (10) En moet nie die weduwee en die wees, die vreemdeling en die arme verdruk nie en kwaad in julle hart teenoor mekaar bedink nie. – Sagaría 7:9–10

Die optrede van God se oordeel is om Sy volk te genees en te red. Hy sê vir ons:

> Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. – Psalm 50:15

Die onmiddellike vraag wat opkom is, wat van die straf van kwaaddoeners? Het God geen beperking op diegene wat kwaad wil doen nie? Psalm 50 gaan soos volg voort:

> Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond – (17) terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp? (18) As jy ‘n dief sien, dan geval dit jou by hom, en jou deel is met die egbrekers. (19) Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. (20) Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou Moeder beskimp jy. (21) Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. – Psalm 50:16–21

Die Here wys die goddelose waar hulle fout is en die groot gevaar waarin hulle verkeer. Hy stel dit in orde voor hulle oë. Die hoofstuk sluit soos volg af:

> Verstaan dit tog, o Godvergeters, sodat Ek nie verskeur sonder dat iemand red nie. (23) Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet. – Psalm 50:22–23

Die meeste Bybelvertalings vertaal Psalm 50:22 om te sê dat God die goddelose sal verskeur. Sulke vertalings weerspieël hoe ons van God sou verwag om op te tree, maar by nadere ondersoek is dit nie wat die vers sê nie.

> Verstaan dit tog, julle wat God vergeet, sodat ek nie skeur nie en daar geen verlosser is nie. – Psalm 50:22 (Vry vertaal vanuit Young's Literal Translation)

Die Hebreeuse woord vir *skeur* is in 'n vorm wat eenvoudig beteken *om te skeur*. Dit beteken nie om in stukke te skeur nie. Dieselfde Hebreeuse woordvorm[31] vir *skeur* word in die boek Hosea gebruik en vertel ons presies wat God in hierdie geval bedoel:

> Want Ek is soos 'n leeu vir Efraim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Juda; Ek, **Ek <u>verskeur</u> en gaan heen, Ek dra weg sonder dat iemand red. (15) Dan gaan Ek heen, Ek keer na my woonplek terug, totdat hulle skuld beken en my aangesig soek**. In hulle nood sal hulle My soek. – Hoséa 5:14–15

> Hoséa 5:14–15 Vry vertaal vanuit Young's Literal Translation: Want Ek is soos 'n leeu vir Efraim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Juda; **Ek skeur en gaan, verdwyn, en daar is geen**

[31] Die Hebreeuse woord is in die *qal*-vorm. As die woord bedoel was om *skeur in stukke* te beteken, sou dit in die *Niphal*- of *Poal*-vorm moes wees.

> **redder nie**. (15) **Ek gaan terug na My plek, totdat hulle verlate is en my aangesig soek**. In hul nood soek hulle My spoedig!
> – Hoséa 5:14–15

Die *skeur* word gedefinieer as God wat na Sy plek terugkeer en die goddelose toelaat om die gevolge van hul keuses te dra. Laat ons die volgorde navolg.

1. God skeur *Homself* weg en gaan weg
2. Daar is dan geen verlosser vir die goddelose nie
3. God keer terug na Sy plek en wag
4. Totdat die goddelose verlate is weens die gevolge van hul dade
5. Die goddelose het 'n vensterperiode om die aangesig van God in hul nood te soek

Dit is vir God 'n pyniging om toe te laat dat enige van Sy kinders hul eie boosheid in die gesig staar. Dit maak Hom baie seer om Homself weg te skeur. Hy weet dat Sy kinders sal ly, maar omdat hulle nie wil luister nie, moet God hulle verlaat, op grond van hul eie keuses.

In hierdie plek van benoudheid sien ons dat die goddelose 'n oomblik het om spoedig na God te soek en genees te word. Dit is wat God in die slotvers van Psalm 50 bedoel.

> Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet. – Psalm 50:23

Hierdie woorde word tot die goddelose gespreek. Die oordeel van God teenoor die goddelose laat hulle toe om die gevolge van hulle goddeloosheid te ervaar, sodat hulle die ellendige gevolge van hul dade

in die gesig staar, in die hoop dat die goddelose tot God sal terugkeer en genees sal word. God is in staat om hierdie gevolge tot 'n sekere mate te bemiddel, sodat dit op die goddelose val op so ‘n manier dat hulle die selfbedrog van die sonde duidelik kan herken (let byvoorbeeld op hoe die plae in Egipte op so 'n manier uit die aarde voortgekom het, dat dit die onvermoë van die Egiptiese gode om te red, geopenbaar het). "…in Hom hou alle dinge stand" Kolossense 1:17. Indien die goddelose op enige stadium genade in God sien en berou toon, sal God Sy aangesig weer na hulle toe rig en genade betoon. God se optrede in die oordeel is altyd om te genees, nie om te veroordeel en te vernietig nie.

Dit is hoe die Bybel geregtigheid met vergelding beskryf:

> So het die Here Hom bekend gemaak, Hy het reg laat geskied,
> en die skuldige is deur sy eie handewerk gevang.
> – Psalm 9:17 (1983)

Weereens, hoe hanteer God die opstandiges wat kwaad doen? Hy laat toe dat hulle vasgevang word in die werk van hul eie hande. God gaan terug na Sy plek, totdat hulle verlate is. Hierdie beginsel is in die tien gebooie opgeteken.

> Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat **die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat**; (6) en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. – Exodus 20:5–6

Die geregtigheid van God is om genade te betoon en om herstel te bring, maar indien Sy genade verwerp word, laat Hy, uit liefdevolle respek vir die vrye wil, toe dat die mens die natuurlike gevolge van hul eie keuse dra. Wanneer die mens ontsteld raak oor die rampe wat as gevolg van hul dwaasheid op hulle toesak, wil God hulle na Homself terugtrek om hulle te genees. Indien die mens steeds weier om te luister, sal hulle in hul eie goddeloosheid vergaan. Hierdie regstelsel is heeltemal anders as die van die Keiser (d.w.s. menslike gesag) wat aan die oortreder ongemak, gevangeneskap en dood sal bring. Dit is een van die maniere waarop God die mens se weë op hul laat terugkeer; Hy laat die geregtigheid van die Keiser toe om te bestaan en Hy laat toe dat die ongeregtigheid van hierdie regstelsel diegene wat kwaad doen, straf. Die Bybel verwys daarna as God se wraak.

> Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; (4) want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. **Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf**. – Romeine 13:3–4

Die beginsels van Romeine 13:3–4 is 'n uitdrukking van die beginsel van die Tien Gebooie om die mens se verkeerde optrede aan hom te besoek. Op hierdie manier word die Keiser God se dienaar om die kwaad te wreek. Dit beteken nie dat die Keiser volgens die karakter van God leef of God op enige manier verteenwoordig nie; maar eerder laat

God die gevolge van die mens se valse regstelsel van die dood, op hom terugkom.

Beide die Keiser en Christus het 'n regterstoel.

> Toe sê Paulus: **Ek staan voor die regterstoel van die keiser** waar ek geoordeel moet word. Aan die Jode het ek geen onreg gedoen nie, soos u ook baie goed weet. – Handelinge 25:10

> **Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn**, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.
> – 2 Korinthiërs 5:10

Hierdie twee regterstoele is nie dieselfde nie. Die regterstoel van Christus werk op 'n heel ander beginsel as dié van die Keiser. Die regstelsel van die hemel gebruik nie geweld of ‘n doodsdreigement om die beginsels daarvan te steun nie. Die gebruik van geweld is teenstrydig met die koninkryk van Christus.

> Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. – Johannes 18:36

Die beginsel van ‘n geveg is, in hierdie konteks, die beginsel van geweld. Die koninkryk van Christus maak nie gebruik van geweld nie. Wat beteken dit om voor die regterstoel van Christus te verskyn om die dinge wat in die liggaam gedoen is, te ontvang? Dit kan na 'n dreigement klink, nie waar nie?

> Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. – Romeine 14:10

Paulus vra die vraag, waarom oordeel jy jou broer? Dan waarsku hy dat ons voor die regterstoel van Christus gestel sal word. Is hierdie stelling 'n dreigement om goeie gedrag te bewerkstellig? Dit is onmoontlik. Dit maak nie sin dat ons nie ander moet oordeel nie, maar tog sal Christus ons oordeel. As ons nie ander moet oordeel nie, het ons 'n volmaakte voorbeeld in Christus nodig om nie te oordeel nie. Dit is presies wat Jesus vir ons sê. Hy oordeel niemand nie (Johannes 8:15).

Wat is dan die betekenis daarvan om voor die regterstoel van Christus te verskyn?

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet, as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.
> – Romeine 12:19–20

Om in die teenwoordigheid van Jesus te staan – Hy wat in wese liefde, vergifnis en genade is – word ‘n marteling vir die selfsugtige siel. Toe die Joodse leiers voor Christus gestaan het, terwyl Hy in die sand geskryf het, het beide Sy teenwoordigheid en wat Hy geskryf het, hulle aangedryf om hulself te veroordeel en weg te gaan.

> Om in die teenwoordigheid van Jesus te staan, Hy wat in wese liefde, vergifnis en genade is, word ‘n marteling vir die selfsugtige siel.

Die liefde en genade van God het sy eie inherente oortuigingskrag. God se grenslose genade het oneindige krag om die siel te oortuig van hoe rein God is en hoe boos ons is. Ons Verlosser verduur elke dag die afsku van tallose selfmoorde, moorde, dwelm- oordosisse en aborsies. Sy uithouvermoë omtrent hierdie dinge spreek van 'n liefde wat so groot is dat ons dit nooit sal verstaan nie.

Hierdie liefde het soveel krag dat, wanneer die sondaar voor hierdie regterstoel van Christus verskyn sonder dat sy sondes vergewe is, die skuld van sy selfsug hom sal verpletter. Dit is nie God wat die sondaar veroordeel nie, want veroordeling kom nie van God nie, maar van Satan en Adam.

Omhels God se genade vandag; God se geregtigheid is om jou heeltemal te vergewe en jou van jou skuld te bevry.

# 23. Die Reiniging van die Heiligdom en Versoendag

Aan die begin van die Joodse kalender is die Pasgafees en die Fees van Ongesuurde Brode. Dit is die begin van die versoeningsproses. Dit fokus op offers en vergifnis vir sonde. Die kern daarvan is in die voorhof en die offeraltaar.

Die heiligste dag van die jaar vir Jode is *Yom Kippur*, of in Afrikaans, die Versoendag. Die gebeure van hierdie dag open die deur na die volledige versoeningsproses. Yom Kippur vind in die sewende maand plaas en die sentrale werk daarvan is in die Allerheiligste van die Heiligdom. Die volk word opgeroep om te vas en hulle siel voor God te verootmoedig, en om te bid dat alle dinge by God reggestel word, want dit is die oordeelsdag.

Die belangrikste ritueel wat verband hou met hierdie dag behels twee bokramme:

> Hy moet 'n heilige linnerok aantrek en 'n linnebroek moet oor sy vlees wees en met 'n linnegordel moet hy hom gord en 'n linnetulband moet op sy hoof wees. Dit is heilige klere; en hy moet sy liggaam in die water bad en dit aantrek. (5) **En van die vergadering van die kinders van Israel moet hy twee bokramme as sondoffer** en een ram as brandoffer neem. (6) Dan moet Aäron die sondofferbul wat vir hom bedoel is, aanbring en vir hom en sy huis versoening doen. (7) **Hy moet ook die twee**

> bokke neem en hulle voor die aangesig van die HERE stel by die ingang van die tent van samekoms. (8) En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir die HERE en een lot vir Asásel. (9) Dan moet Aäron die bok aanbring waar die lot vir die HERE op gekom het en hom as sondoffer berei; (10) maar die bok waar die lot vir Asásel op gekom het, moet lewendig voor die aangesig van die HERE gestel word, om oor hom versoening te bewerk deur hom vir Asásel in die woestyn te stuur. – Levítikus 16:4–10

Ons het in hoofstuk 14 aangedui dat die Heiligdom nie God se karakter volledig verteenwoordig nie, maar dat dit eerder die proses verteenwoordig waardeur die mens met God versoen word. God het geen behae in slagoffer of spysoffer nie (Psalm 40:7). Dit beteken dat hierdie gebeurtenis ons menslike persepsie van oordeel weerspieël.

Die een bokram word die Here se bok genoem en die ander is dié van Asásel, die sondebok. Waarom word bokramme eerder as lammers gebruik?

Wat fasinerend is, is dat die woord vir *bokram* hier op drie verskillende maniere gebruik kan word:

1) harerig (byvoeglike naamwoord)
2) bokram, bok (naamwoord, manlik)
   2a) as offerdier
   2b) *satier*, kan verwys na 'n duiwelbesete bokram soos die varke van Gádara (Matthéüs 8:30–32)

Die proses waardeur die twee bokramme gekies word, is deur lotery. Enige bokram kan die Here se bokram of die sondebok wees. Dit is die eerste plek in die Bybel waar lotery genoem word. Adam Clarke verskaf die proses van hoe die lotery gedoen was.

> Volgens die Jode was daar twee lote gemaak van hout, klip of enige soort metaal. Op die een was daar **לשם** Lashem geskryf, vir die Naam, naamlik **יהוה** Johovah, wat die Jode nie sal skryf of uitspreek nie; op die ander is geskryf **לעזאזל** Laazazel, vir die Sondebok: dan gooi hulle die twee lote in ‘n kruik met die naam van **קלפי** kalpey, terwyl die bokramme met hul gesigte na die weste staan. Dan kom die priester met die bokramme wat voor hom staan, die een aan die regterkant en die ander links; die kalpey word dan geskud, en die priester plaas albei sy hande daarin en haal dan 'n lot in elke hand uit: wat in sy regterhand is, plaas hy op die bokram aan sy regterkant en dié in sy linkerhand op die bokram wat aan sy linkerkant is; en volgens wat op die lote geskrywe was, was die sondebok en die bokram vir die offer vasgestel. Sien *Mishna, in Tract*. Yoma. Opmerking oor Levítikus 16:8 [Vry vertaal]

Die manier waarop God Sy wil gewoonlik oorgedra het, was deur die gebruik van die Urim en Tummim. Dit was twee stene wat op die skouers van die Hoëpriester geplaas was. God sou Sy wil kommunikeer deur óf die een steen te laat skyn óf die ander steen wat verdof word. Tog word op die Versoendag lotery gebruik in plaas van die Urim en Tummim, 'n metode wat baie nederiger en skynbaar arbitrêr is. Daar kan aangevoer

word dat die Here kies watter bokram is watter een, maar dit lyk asof dit heeltemal ewekansig is.

Hierdie beginsel om die skuld van 'n volk op 'n mens of dier te plaas, was algemeen in heidense kulture. Dit pas perfek in by die wyse waarop die natuurlike mens skuld hanteer en oplos. Adam Clarke gee hierdie interessante geskiedenis wanneer hy kommentaar lewer op Levítikus 16:10.

> Die meeste antieke nasies het plaasvervangende offers gehad; deur sekere rituele en seremonies is die skuld van die gemeenskap in die algemeen, daarop oorgedra, op dieselfde manier waarop die sondebok deur die Jode gebruik is. Die wit bul wat deur die Egiptenare aan hul god Apis geoffer was, was soortgelyk; hulle het die kop van die slagoffer wat hulle geoffer het, afgekap en daarna dit met gruwels belaai. "Indien daar enige kwaad oor hulle of oor Egipte gehang het, kan dit op daardie kop uitgiet word", wat hulle dan óf aan die Grieke verkoop het óf in die Nyl gegooi het – Sien *Herodes*. Euterp., Bl. 104, wysig. Gale. [Vry vertaal]
>
> Petronius Arbiter sê dat dit 'n gebruik was onder die antieke inwoners van Marseille, wanneer hulle ook al deur 'n pes geteister is, om een van die armer burgers wat homself vir die doel opgeoffer het, te neem en hom 'n jaar lank met die suiwerste en beste kos te voer, hom met versierings te versier en in heilige klere te klee. Hulle lei hom dan deur hulle stad en belaster hom met vervloekings; en nadat hulle gebid het dat al die euwels waaraan die stad blootgestel is, op hom sou val,

> werp hulle hom van die hoogste punt van 'n rots af – Satyricon. Suidas, onder die woord περιψημα, merk op dat dit die gewoonte was om 'n man jaarliks ter wille van die veiligheid van die volk aan die dood oor te gee, met hierdie woorde, Περιψήμα ημων γενου, Wees u ons reiniger; en, nadat dit gesê is, werp hulle hom in die see as 'n offer aan Neptunus. [Vry vertaal]

Dit is waarskynlik dieselfde beginsel wat op Jona toegepas was toe hy vir die manne rondom hom gesê het om hom van die skip af te gooi as 'n offer, om sodoende al die skuld saam met hom te neem en die storm te beëindig.

Die Israeliete het uit Egipte gekom en was vertroud met die Egiptenare se versoeningsgebruike. Hierdie beginsels word in die Israelitiese aanbiddingstelsel ingebring om mense te leer dat God die sonde–probleem gaan hanteer en skuld uit die land sal verwyder. Dit is dieselfde beginsel waarop Kajafas, die Hoëpriester in die tyd van Christus, 'n beroep gedoen het toe hy voorgestel het dat die nasie een man moes doodmaak om die ander te red.

> En dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie.
> – Johannes 11:50

Pilatus, wat probeer het om die lewe van Jesus te red, bied aan die skare die keuse dat Jesus of Barábbas geoffer moet word.

> Maar julle het 'n gewoonte dat ek vir julle op die pasga iemand moet loslaat; will julle dan hê dat ek vir julle die Koning van die

> Jode moet loslaat? (40) Toe skreeu hulle almal weer en sê: Nie vir Hom nie, maar Barábbas! En Barábbas was 'n rower.
> – Johannes 18:39–40

Dit is betekenisvol dat die ewekansigheid van wie leef en wie sterf, ten opsigte van die twee bokramme, uitgespeel word in die kruisiging van Christus. Die wispelturige skare, aangevuur deur emosionele giere, kies Barábbas om te lewe en Christus om te sterf.

Die verhaal van Yom Kippur is dat God met die mensdom wil praat, dat Hy ons met Homself versoen het, maar die manier waarop Hy dit aan ons meedeel, is deur ons denkwyses. God se gedagtes is nie ons gedagtes nie, en daarom moet Hy met ons praat op 'n manier wat ons kan verstaan.[32]

Die verhaal van Yom Kippur bring ons in werklikheid terug na die begin, want dinge kan slegs eindig waar dit begin het; wat beteken dat slegs wanneer die kwessies, wat die stryd aanvanklik aangewakker het, aangespreek word, kan dinge met mekaar versoen word.

In die tuin het Adam sy skuld op twee ander persone oorgedra:

> En die mens [Adam] antwoord: **Die vrou** wat **U gegee het** om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.
> – Génesis 3:12

[32] Sien hoofstuk 16 van die boek *Agape*, beskikbaar by *vadervanliefde.com*

Aan die einde van die aarde se geskiedenis sal die godsdienstige leiers van die kerke die wêreld druk om volgens hul voorskrifte te aanbid.

Christus was die Lam wat van die grondlegging van die wêreld af geslag is en word dus deur die Here se bokram voorgestel. Eva moes die verantwoordelikheid dra dat sy haar man in sonde gelei het. Sy het Adam se sondebok geword. Dit was vir haar 'n wilderniservaring waardeur sy uiteindelik, na net minder as 1000 jaar, omgekom het.

Aan die einde van die aarde se geskiedenis sal die godsdienstige leiers van die kerke druk toepas op die wêreld om volgens hul voorskrifte te aanbid. Almal moet die merk van die dier ontvang om te kan koop en verkoop. Soos ons in hoofstuk 20 gesien het, sal 'n doodsdekreet ingestel word vir diegene wat weier om die Sondagaanbiddings-program, wat afgedwing word, te volg. Wetgewing in teenstelling met die wet van God, wat ons beveel om die sewende–dag–Sabbat heilig te hou, sal ingestel word, met die gevolg dat die wêreld ernstige rampe sal ondervind.

God se volk sal blameer word vir die rampe wat oor die aarde kom. Sommige van hulle sal doodgemaak word as 'n offer in die ydele hoop dat die stuiptrekkings van die natuur en die mensdom sal ophou. Wanneer Christus verskyn om Sy kinders te verlos, sal die goddelose

besef dat hulle mislei is. Hulle probeer dan om hul woede op die godsdiensleiers, wat hulle mislei het, te plaas. Deur die dood van hierdie godsdienstige mense probeer hulle versoening bewerkstellig.

Uiteindelik is dit Satan wat die wêreld tot misleiding gebring het, en nadat die heiliges hemel toe geneem is en die goddelose vernietig is deur die gevolge van hul eie keuses, word Satan 1000 jaar op die aarde gelaat.

> En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die **afgrond** en 'n groot ketting in sy hand. (2) En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom **gebind duisend jaar lank**, – Openbaring 20:1–2

Die kettings waarmee Satan en sy engele gebind is, is die kettings van hul omstandighede.

> Want as God die engele **wat gesondig het, nie gespaar het nie**, maar hulle in die hel gewerp en aan **kettings van duisternis** oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word.
> – 2 Petrus 2:4

Satan het niemand gedurende die geskiedenis van die mens gespaar nie. Hy het die hele mensdom geoordeel, veroordeel en beskuldig. Eenduisend jaar lank moet hy, soos hy geoordeel het, in die stilte van hierdie stukkende aarde sit en sy eie veroordeling in die gesig staar. Die Bybel noem dit 'n bodemlose put of 'n afgrond. Die diepte van wanhoop wat Satan ervaar, is bodemloos. Hy sal in die gevangenis van sy eie onvergewensgesindheid wees. Jesus sinspeel hierop in 'n gelykenis.

(21) Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?

(22) Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.

(23) Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. (24) En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente skuldig was. (25) En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dit betaal moet word. (26) Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. (27) En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.

(28) Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. (29) Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. (30) En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.

(31) En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. (32) Daarop roep sy heer hom en sê vir

> hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; (33) moes jy nie jou medediensknneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? (34) **En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was**.
>
> (35) So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.
> – Matthéüs 18:21–35

Die man wat aan sy meester dank verskuldig was vir die kwytskelding van sy skuld, het kort daarna iemand wat 'n klein bedraggie aan hom skuld, veroordeel. Die punt wat die verhaal stel, is dat diegene wat nie vergewe nie, die martelende tronk van selfveroordeling en bitterheid moet trotseer. God martel hulle nie, maar Hy laat hulle die gevolge van hul eie keuses dra. Hierdie marteling word gevrees deur die gevalle engele.

> En toe hy Jesus sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n groot stem: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? **Ek bid U, moet my nie pynig nie** – (29) want Hy het aan die onreine gees bevel gegee om uit die man uit te gaan. Want baiekeer het hy hom saamgesleep; en hulle het hom gebind met kettings en voetboeie om oor hom wag te hou; maar hy het die boeie uitmekaar geruk, en die duiwel het hom in die woestyne gedrywe.
>
> (30) Daarop vra Jesus hom en sê: Wat is jou naam?

> En hy antwoord: Legio – want baie duiwels het in hom ingevaar. (31) **En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou bevel om in die onderwêreld af te vaar nie**. (32) En daar het 'n groot trop varke op die berg gewei. Toe smeek hulle Hom dat Hy hulle sou toelaat om in dié varke in te vaar. En Hy het hulle toegelaat. (33) Daarop gaan die duiwels uit die man uit en vaar in die varke in, **en die trop het van die krans af in die see gestorm en verdrink**.
> – Lukas 8:28–33

In hierdie verhaal sien ons ‘n verband tussen die konsepte van marteling en die afgrond. Die gevalle engele wil die Seun van God die skuld gee vir die pyniging wat hulle in die gesig staar, maar hulle projekteer hul vrees om veroordeel te word op Christus, omdat hulle self almal rondom hulle veroordeel het. Die varke wat verdrink, dien as simbool van die engele wat die duur pêrel van hoë gehalte verwerp het. Hierdie engele het die Seun van God onder hulle voete vertrap en Sy goedheid teenoor hulle geminag.

> Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en **gooi julle pêrels nie voor die varke nie**, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie. – Matthéüs 7:6

Die varke wat deur die see oorweldig word, weerspieël die sielepyniging van die bose engele wat deur hul eie kettings van onvergewensgesindheid oorweldig sal word. Hierdie engele het 'n leuse.

“Ons vergewe nie en ons vergeet nooit.”

Hierdie woorde keer terug en agtervolg die gevalle engele. Hulle kan nie vergeet wat hulle alles gedoen het nie, en aangesien hulle nie vergewe

nie, het hulle geen vermoë om te glo dat hulle vergewe sal word nie. Daarom bly hulle 1000 jaar in gevangenis totdat hulle die volle heerlikheid van God in die gesig staar, en dan sal hulle oorweldig word deur hul eie sonde-oortuiging en verdrink soos die varke in die see.

> In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, **en jy sal in die hart van die see die bittere dood sterwe van een wat verslaan is**.
> – Eségiël 28:8

Wanneer hierdie wêreld eindig, sal dit heeltemal verlate wees. Die Bybel beskryf 'n tyd wanneer daar geen mens op die aarde is nie en alles daarop vernietig is.

> Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. (26) Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toorngloed. (27) Want so sê die HERE: Die hele land sal 'n wildernis word, alhoewel Ek daar geen einde aan sal maak nie. – Jeremia 4:25–27

Satan word op die aarde gelaat sonder enige mense om te versoek; die gevalle engele het niks om te doen nie. Hulle word in die see van wanhoop gedryf en verstik aan bitterheid, veroordeling en pyniging. Aangesien die ganse mensdom dood of in die hemel is, is hulle die enigste wat die gevolge van sonde op die aarde kan dra. Die atmosfeer van die gewelddadige, losbandige, veragtelike geskiedenis van die mens rus nou op Satan en sy engele.

> Daarom sal jy vervloek wees, ver van [vanuit] die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand

> te ontvang. – Génesis 4:11 [woorde in hakies ingevoeg – sien King James Bybel]

Satan is nou heeltemal vervloek vanuit die grond wat sy mond oopgemaak het, om al die bloed te ontvang wat mense vergiet het toe Satan en sy engele hulle geïnspireer het.

In die seremonie op die Versoendag plaas die Hoëpriester albei hande op die lewende bokram en bely, of, soos die Hebreeus aandui, *gooi* die sondes op die bokram.

> En Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur. – Levítikus 16:21

Wat beteken dit? Doen Christus wat Adam aan die begin aan Hom gedoen het? Beskuldig Hy Satan vir alles?

Jesus het vir ons gesê dat Hy nie oordeel of veroordeel nie. Tog onthou ons wat by Christus se Regterstoel gebeur.

> Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen; die goddelose is verstrik in die werk van sy hande. – Psalm 9:17

> ...soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. – Obádja 1:15b

> Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. – Galásiërs 6:7

Satan sal die straf wat hy bedink het, ontvang. Soos Haman wat 'n galg gemaak het om Mórdegai aan te hang (Ester 7:10), staar Satan self die straf wat hy vir ander geëis het, in die gesig.

Soos die manne wat die vrou wat in owerspel betrap is, gebring het om haar te veroordeel, maar in plaas daarvan het Jesus in die sand geskryf om hul eie dade tot hul gedagtenis te bring, so het Christus Satan se hele lewe gesien. Alles wat Satan gedoen het, is op Christus geskryf. Elke sonde wat die mens gedoen het, word op Jesus gegraveer. "Ääron moet... oor hom [die bokram] belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel..." Die woord wat hier gebruik word, *belydenis*, is nie om 'n *straf uit te spreek* nie. 'n Deel van die betekenis van hierdie woord *belydenis* is:

> (met uitgestrekte hande); intensief om te beklaag (deur die hande saam te pers) – *Strong's Concordance*

> **Satan staar self die straf wat hy vir ander geëis het, in die gesig.**

In die verhaal van Kain het Christus ook nie Kain se ondergang uitgespreek toe Hy gesê of bely het wat Kain se dade was en wat die resultate van sy dade sou wees nie. Hy het dit wat hom sou tref, in trane en hartseer uitgespreek.

> Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (12) As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. – Génesis 4:11–12

Soos Kain, sal Satan vir 1000 jaar 'n voortvlugtende en swerwer op die aarde wees, behalwe dat hy in die atmosfeer van 6000 jaar se sondes sal leef. Christus bely dit oor Satan, net soos hy oor Kain bely het wat met hom sou gebeur weens sy boosheid.

Vanuit 'n menslike perspektief lees ons dit as die verskuiwing van die skuld na die oorspronklike bron van die probleem, en sodoende word die skuld vanuit die res van die land verwyder. Maar God se geregtigheid eis nie hierdie tipe skuldoordrag nie; dit is Satan se geregtigheid wat hierdie prosedure eis, want in Satan se geregtigheid kan sonde nie verwyder/genees/vergewe word nie. Vir God is dit 'n proses waarin afskeid geneem word. Dit is die oomblik van waarheid wanneer Satan die dade wat hy gedoen het, in die gesig moet staar. Christus doen dit nie in 'n gees van veroordeling om die skuld op ‘n ander een te plaas nie. Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Christus en die Vader het die gereddes vryelik vergewe vir al hulle sondes. Hulle benodig nie offers om sonde te vergewe nie.

Deur die simboliek wat wys hoe die mens versoening verstaan en hoe die verwydering van skuldgevoelens plaasvind, is die mens tevrede dat God vir ons sê dat die sonde–probleem opgelos sal word.

Daar is baie wat glo dat die sondebok Christus voorstel, omdat al die sondes van die mense daaroor bely word. Ons onthou dat die bokramme deur lotery gekies word, enigeen van die bokramme sou hierdie posisie kon vervul. Die Hebreeuse woord vir *bok* bevat die betekenis van die duiwel, en so ook die woord *Asásel*, die naam van die sondebok.[33] Die hele seremonie handel oor Satan se regstelsel en bevestig aan ons dat sonde finaal uit die heelal verwyder sal word.

God het nie geëis dat al ons sondes op Christus geplaas moet word om die sondeprobleem te beëindig nie. Ons as mensdom het dit vereis, omdat Adam dit in die begin geëis het. Dit is die enigste manier waarop ons kan verstaan dat skuld verwyder kan word.

> En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; (8) en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. (9) En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. – Openbaring 20:7–9

Aan die einde van die 1000 jaar word die goddelose weer opgewek. Satan hervat onmiddellik sy misleiding oor die goddelose mensdom. Sodoende word hy bevry van sy somber kettings, want hy het iets om hom mee besig te hou. Satan het nie verander nie. Hy kon nie vergewe nie; daarom kan hy nie glo dat hy vergewe kan word nie. Satan oortuig

[33] 1906 Joodse ensiklopedie-inskrywing: http://jewishencyclopedia.com/articles/2203-azazel

die goddelose om die stad te probeer inneem. Hulle is vasbeslote om die hemelse stad, wat uit die hemel neergedaal het na die aarde, se inwonders te vermoor.

Die goddelose wil die stad van God inneem, maar die heerlikheid van God se karakter wat in Sy Seun geopenbaar word, oorweldig hulle met skuldgevoelens. Die vrees om in die teenwoordigheid van die Seun van God in Sy volle goddelikheid te kom, veroorsaak dat hulle moorddadige oordeel oor hulle terugkom. Hoe meer haat hulle vir Christus en die getroues gehad het, hoe meer skuldgevoelens voel hulle wanneer hulle die heerlikheid van God en Sy Seun aanskou. In finale desperaatheid draai hulle teen mekaar en vernietig hulself. Hulle word verpletter deur hul eie doodsvonnis wat hulle teen die regverdiges uitgespreek het, daarom verdrink hulle soos die varke in die see.

> En Ek sal die swaard oproep teen hom na al my berge, spreek die Here HERE; die swaard van die een sal teen die ander wees.
> – Eségiël 38:21

> En in dié dag sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander.
> –Sagaría 14:13

> Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, dien tot verbranding, 'n prooi van die vuur. – Jesaja 9:4

> Daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. (8) In die kuil sal

> **hulle jou laat neerdaal, en jy sal** in die hart van die seë die bittere dood **sterwe** van een wat verslaan is. – Eségiël 28:7–8

Soos Farao en sy leërs wat in die see verdrink het terwyl hulle God se volk wou doodmaak, en soos die varke wat deur die see oorweldig is, so sal Satan en die goddelose aan hul einde kom.

Terwyl ons na die twee bokramme kyk, laat ons hierin ons eie menslike stelsel sien om ander vir ons sondes te blameer. Laat ons ons bekeer en ons voor God verootmoedig en leer uit die kernpunt van die twee bokramme – die mens moet iemand anders blameer en hul skuld op 'n ander plaas. Deur hierdie simboliek van die twee bokramme weerspieël die Here die hart van ons goddeloosheid in 'n spieël na ons toe, en neem ons terug na Adam in die tuin en die sonde om die skuld te verskuif (om ander te beskuldig) en 'n sondebok te soek om vir ons sondes te betaal.

Mag ons ons siele voor God verootmoedig en ophou om ander vir ons probleme te beskuldig. Hoeveel mans en vrouens dra daagliks hul skuld op hul gades oor om hul sonde te versoen? Hoeveel gooi die dobbelsteen om vas te stel wie die skuld vir hul skuldgevoelens moet dra? Die Versoendag roep ons om op te hou om ander verantwoordelik te hou vir ons lyding. Mag ons ophou om ander te oordeel en onsself eenvoudig toevertrou in die liefdevolle arms van ons Vader wat sal sorg dat alles ten goede meewerk.

> Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree [oorwin/tot niet maak]; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp. (20) U sal trou bewys aan Jakob, goedertierenheid aan Abraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van die voortyd. – Miga 7:19–20

# 24. Sonder 'n Middelaar

Ons menslike persepsie van geregtigheid behels 'n tydperk van toesig waartydens diegene wat onder verdenking staan tyd het om hul gedrag te verander, soos ons reeds op 'n aantal plekke bespreek het. Mense word 'n tydperk van genade toegestaan om hul gedrag te verbeter. In ons regstelsel het ons prokureurs wat vir die betrokke persoon sal intree om die vonnis uit te stel; dit geld ook vir gevalle waar vonnisse nie verwyder kan word nie.

Wanneer daar na die bestemde tyd van genade bevind word dat die persoon skuldig is, neem uitvoerende geregtigheid sy gang en die proses van voorspraak kom tot 'n end. Die uitvoering van geregtigheid vereis dat alle voorspraak moet staak en dat die skuldige volgens die wet gestraf moet word. Sodra alle maniere van appèl uitgeput is, kan die middelaar of advokaat nie meer vir die persoon intree nie.

Wat die persoon van Christus betref, leef Hy *altyd* om vir ons in te tree.

> Maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. (25) Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat **Hy altyd leef om vir hulle in te tree**. – Hebreërs 7:24–25

Wanneer 'n siel besef dat hy skuldig is aan die oortreding van die wet van God, wend hy hom tot Christus as sy middelaar en vertrou dat Christus vir hom sal intree by God om hom genade te skenk.

> My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. – 1 Johannes 2:1

Weens ons menslike persepsie van geregtigheid, word Christus gesien as Een wat vir ons intree, sodat God ons genade kan skenk. Maar God gaan altyd genade betoon aan diegene wat Hom vra, omdat God liefde is.

Die werklikheid is dat Christus vir ons intree volgens ons persepsie van geregtigheid. Hy ontmoet ons waar ons is en neem ons gewillig aan die hand en stel ons voor aan die Vader.

Weens die feit dat Christus as mens geleef het en bereid was om vir ons te sterf, kan ons vertroue hê dat God Sy Seun namens ons sal aanhoor.

> Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (16) Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. – Hebreërs 4:15–16

Aan die begin van ons Christelike wandel het ons die gevoel dat Christus die Vader moet oortuig om Sy aanspraak op geregtigheid teen ons, om vir ons sondes die dood oor ons te bring, te staak. Die werklikheid is dat Christus saam met ons in ons verkeerde begrip van Sy Vader wandel, terwyl Hy die hele tyd ons nader aan Hom trek, sodat ons kan begin sien dat die veroordeling van onsself kom en nie van God nie.

In werklikheid pleit Christus by ons dat ons glo dat Sy Vader bereid is om te vergewe, dat Hy ewiglik genadig is, sodat ons uiteindelik God kan leer ken soos Christus God ken. Die enigste ding waarvan Christus Sy Vader moet oortuig, is Christus se bereidwilligheid om steeds die gewig van die sondes van die hele wêreld te dra. (Jesaja 63:9)

> Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. – Johannes 10:15

Diegene wat weier om die waarheid van God se karakter te aanvaar, dat Hy nie veroordeel nie, sal die oordeel verduur wat hulle glo dat God moet toepas. Huljle voel afgesny as gevolg van die besef van hul eie sondigheid, terwyl hulle sonder 'n middelaar vir hul sondes is.

God sal toelaat dat almal wat in Hom glo hierdie proses deurgaan. Dit is die tyd van Jakob se benoudheid wat ons vroeër bespreek het. Aangesien ons almal met Adam se geregtigheidsbeginsels bestempel is, sal ons almal in die eindtyd 'n proses deurgaan waartydens ons sal voel dat ons weens ons sondes uitgeroei gaan word.

> En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun. – Jesaja 59:16

Hierdie vers het 'n primêre toepassing op die eerste koms van Christus. God het mense gesoek voordat Christus die lig van die waarheid kom weerspieël en Sy karakter geopenbaar het, maar daar was niemand nie. Daarom het God Sy Seun die wêreld ingestuur om Sy geregtigheid te openbaar. Die Skrif sê dat al hierdie dinge geskryf is as vermaning aan dié op wie die einde van die wêreld gekom het. (1 Korinthiërs 10:11). Die

Skrif praat van 'n tyd wanneer Christus Sy werk van bemiddeling in die hemel sal staak.

> En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, **en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.**
> – Openbaring 15:8

> En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. – Daniël 12:1

Namate die wêreld gedurende die laaste dae in volslae chaos verval en die regverdiges van God die dood in die gesig staar, word al hulle sondes voor hulle gehou en hulle word versoek om oorweldig te voel.

Diegene wat geleer het dat God nooit iemand afsny nie en dat Hy altyd genadig is, sal vind dat "sy arm hom gehelp en sy geregtigheid ... hom ondersteun". Die betekenis hiervan is, omdat hulle aan die beloftes van God vashou en glo dat Jesus die volle openbaring van die Vader is, daarom sal God hulle nie versaak nie, en hulle word in hierdie geloof gedra. Dit is die betekenis van die heerlikheid van God wat die tempel vul. God se volk beskou die karakter van God as genadig en goedgunstig in die aangesig van hul sondige lewens. Christus hoef nie langer die Allerheiligste te betree as 'n middelaar vir sonde nie. Die heiliges oorkom hul gevoelens van selfveroordeling en hou op om te glo

dat God hulle veroordeel. Soos Jesus vir die vrou gesê het: "Ek veroordeel jou ook nie."

Dit is altyd so dat dieselfde geloof van Jesus wat Christus aan hulle gee, die volhoubare geloof van die heiliges is. Hierdie heiliges vertrou nie op hul eie verdienste nie, maar het geleer om op Christus alleen te vertrou. Hulle kom voor tydens die tyd van Jakob se benoudheid; hulle is verseël in die waarheid dat God hulle nooit sal veroordeel nie, en hulle kies om Sy liefdevolle oordeel oor hulle te aanvaar in plaas van hul vorige selfveroordelende uitsprake.

Dit beteken dat die getroue regverdige sonder 'n middelaar vir die sonde kan lewe. Sonde is die oortreding van die wet en die wet is die afskrif van God se karakter. Diegene wat ophou glo dat God veroordeel en doodmaak, word in hierdie geloof verseël deur die toets van Jakob se benoudheid. Die menslike sonde om te glo dat God mense afsny, word vergroot in die laaste gebeure van die mensegeskiedenis, sodat God se volk in die waarheid verseël word. Terwyl God se volk getoets word met die gedagte dat hulle vanweë hul sondes uitgeroei sal word, druk die geloof van Christus in hulle steeds sterker vas in die liefde van God en weier hulle om aan twyfel toe te gee; hulle is oorwinnaars; hulle is die Israel van God.

Daarom kan hulle hierdeur leef sonder 'n middelaar, wie hulle benodig om hul hoofde te bedek terwyl hulle gevrees het dat God hulle sou straf en leed aandoen. Christus hoef nie meer God se volk op hierdie manier by te staan nie. Hulle kom in die volle lig van die waarheid van die evangelie en Christus leef altyd om vir hulle in te tree vir geregtigheid en om hulle alles te gee wat hulle van Hom vra. Maar hulle vrees nooit om

veroordeel te word nie en voel ook nie dat bloed moet vergiet word om hulle te red nie. Hulle breek weg van die regstelsel van slagoffers en spysoffers.

Diegene wat nie in die lig van die waarheid met betrekking tot God se karakter kom nie, sal die oordeel wat hulle dink God sal uitoefen, in die gesig staar. Hulle voel afgesny van God weens hulle sondes en hulle voel dat Christus hulle aan God se toorn oorgelaat het en voel afgesny.

> Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. – Levítikus 23:29

Diegene wat hulself gedurende die afsluitingsperiode van die aarde se geskiedenis verootmoedig en hul sonde bely, omdat hulle geglo het dat God 'n veroordelende vernietiger van die goddelose was, sal in die laaste gebeure van die aarde se geskiedenis nie afgesny word nie, omdat hulle hul God ken en hulle op Hom gewag het.

> En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, **maar die volk wat hulle God ken**, sal vashou en optree. – Daniël 11:32

Diegene wat nie die Skrif bestudeer en ondersoek om die ware karakter van God te sien nie, sal deur hul sondes oorweldig word. Omdat hulle vashou aan die regstelsel van Adam, sal hulle uitgeroei word vanuit God se volk.

Die enigste rede waarom God se volk 'n toets moet slaag om nie 'n middelaar te hê nie, is omdat die mensdom glo indien genade tot ‘n einde kom, is daar geen meer voorspraak nie. Christus leef altyd om

diegene wat daarin glo, seën, genade en liefde te gee. Hy sal nooit ophou om dit vir diegene wat glo te voorsien nie. Dit sal slegs moontlik wees om dit te glo gedurende die tyd van Jakob se benoudheid indien ons ons verkeerde siening van die karakter van God prysgee en in Sy ware regstelsel kom. Sy geregtigheid is om genade te gee en vrylik guns te skenk aan almal wat daarvoor vra.

Ons het niks te vrese gedurende hierdie tyd wat ons sonder 'n middelaar leef nie. Die regverdiges verloor heeltemal hul vrees vir wat hulle gedink het is die veroordeling van God, en hou vas aan die feit dat hulle geen voorbidding nodig het teen 'n vertoornde God wat hulle weens hul sondes sal doodmaak nie. Die goddelose se eie verkeerde idees sal hulle oorweldig en hulle hou op om vir Christus om genade te smeek, want hulle glo nie meer dat dit aangebied word nie. In hierdie geval sal daar geween en gekners van tande wees. Kom in die lig van die waarheid omtrent hierdie vraag en verheug jou omtrent die goeie nuus dat daar geen middelaar vir sonde aan die einde van die proeftydperk, wanneer die genadedeur sluit, sal wees nie.

# 25. Chronos en die Genadedeur wat Sluit

Die beginsels van die oordeelstelsel wat die mensdom aangeneem het, bevat nog 'n belangrike element, en dit hou verband met die sielkunde van tyd.

In die mitologie van Kersvader is daar 'n tydselement betrokke. Jy moet versigtig wees, want Kersvader kom aan die einde van die jaar, op 25 Desember, besoek aflê.

Ons word as kinders grootgemaak om eksamen af te lê met 'n tydsbeperking of spertyd.

Wat is die sielkundige verskil tussen die volgende: (1) om 'n persoon al die gereedskap en hulpbronne te gee wat hy benodig om iets te skep en (2) om dieselfde ding te doen met 'n sperdatum? Sperdatums is 'n toepassing van druk, sodat die persoon wat die tyd beheer die gewenste resultaat kan verkry.

Wanneer jy 'n sperdatum kombineer met die dreigement van straf of dood, is die druk wat toegepas word, in werklikheid sielkundige mishandeling.

In 'n studie oor die verband tussen tydsdruk en kreatiwiteit is bevind dat:

> ...tydsdruk, op matige tot hoë vlakke wat oor die algemeen in hedendaagse organisasies ervaar word, 'n direkte negatiewe

> uitwerking op kreatiewe kognitiewe verwerking het.[34]

Dit lyk nie of dit vir baie mense duidelik is dat dreigemente met straf, dat hulle binne 'n sekere tydsbestek moet klaarmaak, eintlik die potensiaal het om die teenoorgestelde effek as die beoogde uitkoms te bereik.

Hoeveel ouers het die reël al gebruik: "Ek tel tot by 3, en as jy nie doen wat ek jou vra nie, kry jy 'n pakslae en/of jy word na jou kamer gestuur!"

Die uitreiking van tydsbeperkings beteken toesig, oordeel en straf weens versuiming om na wense te reageer. Die gebruik van tyd as gedragsmotiveerder funksioneer vanuit 'n pessimistiese raamwerk wat verwag dat die een wat luister, nie die taak sal doen tensy daar 'n spertyd is nie, en daarom nooi die tydsdruk eintlik die luisteraar uit om te rebelleer.

Waarom kan tyd as sodanige wetstoepasser gebruik word? Die eenvoudige antwoord is dat ons almal sterf en daarom het ons almal 'n beperkte hoeveelheid tyd. Tyd is 'n kosbare hulpbron vir die mensdom en kan dus gebruik word as 'n motiveerder om menslike gedrag te verander.

By God is dit heeltemal anders.

> Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe

---

[34] https://www.hbs.edu/faculty/Publication%20Files/02-073_03f1ecea-789d-4ce1-b594-e74aa4057e22.pdf

> die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. – Jesaja 57:15

Ons Vader in die hemel woon in die toestand van ewigheid. Weens Sy ewige bestaan is tyd nie 'n waardevolle hulpbron wat waardeer word op die wyse waarop ons dit waardeer nie. Neem die raamwerk van vraag en aanbod. God het 'n onbeperkte hoeveelheid tyd; daarom het dit nie dieselfde uitwerking op Hom as op ons nie. Sy verwysing na tyd is heeltemal anders.

> Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. – 2 Petrus 3:8

Hy het elke dag ‘n vol dag in die versorging van Sy hele skepping. In ons berekening doen ons Vader binne een dag die werk van ‘n duidend jaar, en meer. Omgekeerd laat Sy fokus op Sy kinders en oneindige sorg vir ons almal die tyd verbygaan as 1000 jaar binne een dag. Ons ken hierdie gevoel wanneer ons saam met geliefdes diep in gesprek is, en tred met die tyd verloor. Na 'n paar uur kyk ons op die horlosie en is geskok dat soveel tyd verby is. Ons smaak dus die gevoel van ewigheid in daardie oomblikke, maar tog is ons gedagtes omtrent tyd anders. Dit is weens ‘n enkele eenvoudige ding: ons sterf almal.

Die dood verander die waarde van tyd. Vir die meeste mense is tyd baie kosbaar en daarom is dit een van die belangrikste hulpbronne waarmee ons handel dryf. Daarom gebruik ons uitdrukkings soos “tyd is geld” en ons “spandeer” tyd.



Die Grieke het hierdie dinge erken en het eintlik 'n god genaamd Chronos gehad wat die verpersoonliking van tyd was. Die Griekse mitologie is ingewikkeld en ineengevleg, maar Chronos het op 'n stadium saamgesmelt met Cronus, wat die Titan–uitdrukking was van die verwoestende effek van tyd op die mens. In hierdie sin vernietig tyd sy kinders. Cronus word uitgebeeld as 'n god wat sy eie kinders eet. Die legendes van hierdie twee karakters het saamgesmelt om Vader Tyd te word.[35]

Dit is ook interessant om daarop te let dat hy beskou word as een met die vorm van 'n driekoppige slang. Die koppe was dié van 'n man, 'n bul en 'n leeu.[36]

Chronos, ook bekend as Aeon, het homself geskep en het van niemand ‘n erfenis ontvang nie. Hy word uitgebeeld as 'n ou man met 'n baard. Hy dra 'n seis/sens om sy oes van die mensdom en die verwoesting van tyd aan te dui.

35 https://en.wikipedia.org/wiki/Chronos
36 https://www.greekmythology.com/Other_Gods/Primordial/Chronos/chronos.html

Ananke was die naam van 'n ander oergod in die Griekse mitologie, die verpersoonliking van noodsaaklikheid en noodlot. Sy was met 'n spil[37] voorgestel, en sy was teenwoordig toe die heelal saam met haar metgesel Chronos (tyd) begin het. Ananke en Chronos het albei die figuur van 'n slang gehad en was ineen geweef en het om die oer–eier van materie gedraai.[38]



'n Wese wat 'n vaderfiguur is, wat self sy eie oorsprong gevind het, met 'n lang baard en wat vir ewig lewe, bring ‘n konsep wat dit vir mense maklik maak om hierdie figuur met die God van die Bybel te oorvleuel.

Vir almal wat onder die heerskappy van die dood en vrees vir die dood leef, is dit nie moeilik om te sien hoe mense die ware God met baie aspekte van

[37] Definisie: ‘n slanke afgeronde staaf met tapse ente wat in die handspin gebruik word. https://af.opentran.net/dictionary/spil.html

[38] https://www.greekmythology.com/Other_Gods/Primordial/Ananke/ananke.html

Chronos kon verwar nie. Vir diegene wat die versekering van die ewige lewe het, verloor tyd sy mag en word die vrees vir die dood verslaan, en daarin word die ware slangverwante oorsprong van die god Chronos, blootgelê.

Die ewigheid is 'n heel ander manier van bestaan as in tyd. Tyd is verbind met die vrees vir die dood, sodat ons geïrriteerd word deur diegene wat ons tyd "mors" of nie doeltreffend presteer nie. Die ewigheid is die ervaring van volkome rus en vrede. Dit is die begrip verbonde aan die Sabbat. In die boek Génesis merk ons met belangstelling op dat dit op die sewende dag van die eerste week nie noem dat dit die aand en die oggend van die sewende dag was nie. Dit word net genoem vir die eerste ses dae. Daar is 'n tydloosheid verbonde aan die Sabbat. Dit is die dag waarop ons die sterkste met ons Vader in die hemel verbind is sodat ons die vrede van God in daardie tyd dieper ervaar.[39]

Die apostel Paulus, 'n baie geleerde man, het 'n aantal verklarings gemaak wat sy Griekse lesers grootliks sou uitdaag.

> Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God (9) wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons *van ewigheid af* [G5550] [G166] [voor *Chronos*, *aionios*] in Christus Jesus geskenk is.
> – 2 Timótheüs 1:8–9

---

[39] Sien die boek *Fontein van Seën* op *vadervanliefde.com* vir meer inligting.

Paulus praat van Christus wat voor Chronos Aeon bestaan. Dit is 'n heel ander wêreldbeskouing as wat die Grieke gehad het. Die sentrale woord in die Hebreeus vir ewig is *Olam*; tyd uit die hart of uit die oog; oor die horison. Hierdie woord *Olam* word gebruik wanneer ons op die volgende manier van Christus praat:

> En jy, Bethlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. [*Olam*] – Miga 5:1


Volgens die Griekse denke is dit onmoontlik vir iemand wat ewig is om 'n oorsprong te hê. Nogtans is dit vir die Hebreeuse denke nie moeilik nie. Christus het Sy oorsprong in 'n plek voor tyd. Dit is 'n plek wat buite die natuurlike menslike verstand is om dit te verstaan. Dit laat die oorsprong van Christus en die Hebreeuse konsep van die ewigheid maklik saam in Hom bestaan.

Volgens die Griekse denke is "tyd" die groot god wat homself tot stand gebring het. Dit is onmoontlik om 'n raamwerk buite tyd te bedink. Christene wat Christus wil aanskou as waarlik God, betoon onbewustelik hulde aan Chronos deur te eis dat Christus in die verlede, in die ewigheid, moes geleef het en geen oorsprong kon hê nie. Dit is om tyd en ewigheid een begrip te maak.

Indien jy die Hebreeuse konsep van ewigheid wil saamsmelt met die Griekse konsep van Chronos, vernietig dit die moontlikheid dat Christus die ware Seun van God is wat in die ewigheid gebore is. In wese, spring Chronos vanaf die bepaalde Griekse tydsgebied tot binne-in die


troonkamer van die ewigheid en vermoor die Seun van Yehovah. Chronos sê dat God nie 'n goddelike Seun kan hê nie, omdat godheid volgens Chronos beteken dat hy nie gebore is nie en geen vader het nie.

Baie Christene kan nie aanvaar dat Christus Sy oorsprong een of ander tyd in die ewigheid het nie, want in die Griekse denkwyse maak dit Hom minder as Chronos/Aeon. Daarom, om gelyk te wees aan die hoogste God, kan Christus glad nie 'n oorsprong hê nie, en sodoende word die werklikheid van Sy erfdeel, wat Hy van Sy Vader ontvang, vernietig. Soos ons reeds gesê het, verstaan die Grieke tyd en ewigheid as dieselfde ding, ewigheid is maar slegs 'n oneindige hoeveelheid tyd. Maar dit is nie die ewigheid nie, dit is "sempiternity".[40]




Die Hebreeuse konsep is anders.

[40] https://en.wiktionary.org/wiki/sempiternity – sempiternity (filosofie) bestaan binne tyd, maar oneindige tyd in die toekoms; in teenstelling met die ewigheid wat bestaan buite die realm van tyd.




Christus bestaan voor tyd of Chronos, soos Paulus verduidelik het. Hy kom uit die wêreld van ewigheid in tyd; tog leef Hy altyd in die ervaring van ewigheid, want Hy vrees nie die dood nie, en Hy het ook nie 'n beperkte hoeveelheid tyd nie. Weereens vertel Paulus ons van hierdie beginsel wanneer hy sê:

> In die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid [G4253] af beloof het; [beloof voor *Aeon(ios), Chronos*] – Titus 1:2

Die rede waarom ons ervaring van lewe in wese tydgerig is, is weens die vrees vir die dood. Ons is maar van nature slawe van Chronos, omdat ons ons nie kan voorstel hoe die wêreld sou funksioneer sonder dood nie. Maar deur Christus kan ons die ewigheid nou ervaar, indien ons die sekerheid van die ewige lewe het; nie slegs deur daarvoor te wens of tevergeefs te hoop nie, maar ons weet dat ons dit in Christus Jesus het.

Die verskil tussen tyd en ewigheid kan vergelyk word met pragtige musiek wat gesing word terwyl op 'n kitaar gespeel word. Die musiek het ritme, maar dit word nie oorbeklemtoon nie. Die klem val op die woorde, en deur tyd te hou, word die die elemente van die musiek, die stem en die begeleiding, op ‘n eenvoudige wyse bymekaargehou. Indien 'n groot dromstel by die sagte kitaarmusiek gevoeg word om die ritme van die musiek te beklemtoon, sodat die dromme die musiek oorheers, bring dit ‘n totale verandering in die ervaring. Die boodskap in die musiek is oorstroom deur die oorbeklemtoonde dromme wat die tyd moet hou. Die bekendstelling van dood in die wêreld was soos om dawerende ritmiese dromme by ons lewenservaring te voeg. Tyd stap vinnig aan in ons lewens, want die gebrek daaraan dryf ons vorentoe om te bereik wat ons kan voor die dood toetree. Indien ons weet dat ons die ewige lewe het, keer die ritme terug na sy sagte, vreedsame rol om dinge op 'n geordende manier bymekaar te hou; kalmte keer terug en bepeinsing neem toe.

Hierdie element van tyd speel 'n belangrike rol in die begrip van die oordeelsproses in die Skrif. In hoofstuk 15 het ons na die profetiese raamwerk gekyk wat ons vertel wanneer die oordeel sal begin. Daniël is meegedeel dat dit 2300 jaar sal duur voordat die Heiligdom gereinig sal word en dat die beginsels wat gedurende Yom Kippur beleef is, vanaf 1844 tot die finale vervulling gebring sal word.

Vanaf 1844 ondersoek God die boeke in die oordeelsproses, om te sien wie leef en wie sterf. Tog, soos ons in hoofstuk 19 ontdek het, is die konteks van die oordeel dat God Sy volk verdedig teen die aanklagte van Satan teen hulle. Die meeste mense kyk na hierdie gebeurtenis deur

'n heel ander lens. Die oordeel word merendeels gesien as 'n "jy moet versigtig wees"–ervaring.

Dit verander die oordeel na 'n ervaring van "jy het 'n sekere tyd om jouself reg te ruk en indien jy dit nie doen nie, word jy omgebring." Hierdie benadering tot die oordeel het die teenoorgestelde effek by die sondaar as wat bedoel is. Die vrees wat dit skep, maak dit eintlik onmoontlik om sonde te oorkom, omdat daar geen vrees in liefde is nie (1 Johannes 4:18).

Die hele leerstelling van 'n oordeel wat op 'n sekere tydstip voor die wederkoms plaasvind, verhoog eintlik ons tydsgebaseerde motivering; dit openbaar ons aanbidding van Chronos. Die meeste Christene verwerp die gedagte van 'n oordeel voor die wederkoms, en dan vermy hulle die proses dat die wet hul Christelike wandel binnedring om hulle sonde te vermeerder (Romeine 5:20). Deur die wet verkeerdelik aan die kruis te vas te nael, verwyder hulle die middele wat God gebruik om ons sonde aan ons uit te wys, sodat ons nie ons sondes na Christus bring nie.

Die oordeel voor die wederkoms is noodsaaklik om ons veroordelende tydsgebaseerde aanbidding bloot te lê.

Die oordeel voor die wederkoms is noodsaaklik om ons veroordelende tydsgebaseerde aanbidding bloot te lê. Hierdie oordeel is 'n spieël in ons bose siele. Maar waar hierdie sonde oorvloedig is, is God se

wonderlike genade baie meer!

Die Bybel vertel ons eintlik dat die resultaat van die oordeel die einde van Chronos is.

> En hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, **dat daar geen tyd** [Chronos] **meer sal wees nie**; – Openbaring 10:6

Die Ondersoekende Oordeel is 'n geestelike entstof wat die virus van tydsgebaseerde oordeel en veroordeling in ons na vore bring. Christus, wie glad nie oordeel nie, bring hierdie waarheid aan die lig, sodat hierdie entstof wonderlik werk om ons van tydgebaseerde oordeel te bevry. Dit is waarom God se volk in die proses van die oordeel ophou om begaan te wees oor Chronos. Hulle begin nou reeds om die ewigheidservaring te beleef, want hulle vrees nie langer die dood nie.

As kind was ek bang vir hierdie Bybelgedeelte:

> En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. (11) Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. – Openbaring 22:10–11

Ek het al gehoor van 'n tyd wat God 'n streep in die sand sal trek; 'n tyd wanneer God sal sê: “genoeg”, en dat elkeen wat nie gereed is nie, verdoem sal wees. Dit is waar dat daar 'n tyd sal kom dat God sê dat wie vuil is, laat hom nog vuiler word, maar dit is nie omdat God se tyd

uitgeloop het sodat Hy besluit het om diegene wat nie na Hom geluister het nie, te veroordeel nie.

God het deur Sy Seun geopenbaar hoe die proeftydperk of genadedeur vir 'n nasie kan sluit. Dit dien as is 'n voorbeeld van die eindtyd. Toe die Joodse leiers Christus verwerp en volkome geweier het om hulle harte vir Hom oop te maak, was Hy in trane oor Jerusalem. Uiteindelik het Jesus uitgeroep en gesê: "Julle huis word vir julle woes gelaat." (Matthéüs 23:38). Die genadetyd word nie deur God afgesluit nie; dit word deur die mens afgesluit en God word gedwing om dit te aanvaar, omdat Hy ons keuse respekteer.

Die Bybel vertel ons dat God se genade ewig is (Psalm 100:5; 107:1; 136:1; Esra 3:11; Jeremia 33:11). Hy is altyd gereed om dit te gee. Ongelukkig kan die mens God se genade beëindig deur te weier om dit te aanvaar. In die finale gebeure van die aarde se geskiedenis sal die wêreld 'n boodskap ontvang van God se oneindige liefdevolle karakter en dat Hy nie gewelddadig is nie, soos in die Bybel uiteengesit. Die hele wêreld sal die demonstrasie van hierdie karakter in God se volk sien en so verlig word deur daardie heerlikheid.

> En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel,
> met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.
> – Openbaring 18:1

Almal sal óf by God se volk aansluit, óf hulle verwerp en probeer om hulle te vernietig. Die hele wêreld sal dus hul besluit neem en die genadetyd sal vir die mensdom afgesluit word.

Daar is vandag baie wat die toekoms wil uiteensit deur gebruik te maak van tydlyne en profesieë met tydperke wat benaderings gee wanneer God die mens se proeftydperk sal beëindig. Al hierdie dinge bring hulde aan Chronos en weerspieël die mite van Kersvader vir wie jy versigtig moet wees!

Tydsdruk, met 'n meegaande doodsbedreiging, wat op mense toegepas word, sal nie 'n volk voortbring wat met God se karakter verseël is nie. Mense moet in die ervaring van die ewigheid kom en Chronos toelaat om op te hou om hul lewens te regeer.

> Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. (18) Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. – 1 Johannes 4:17–18

Laat ons die aanbidding van Chronos prysgee; laat ons die gode onttroon wat eis dat goddelikheid slegs toegeskryf kan word aan wesens wat die Chronos–Aeon–toets slaag. Yehovah en Sy Seun is nie aan Chronos verskuldig om hulle goddelikheid aan ons te bewys nie. Ons herhaal:

> …in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid [*Aeon(ios), Chronos*] af beloof het, – Titus 1:2

Indien ons die godheid van die Seun van God moet bewys, laat ons dit doen deur die volmaakte karakter van liefde wat Hy as mens

geopenbaar het. Dit is wat God vir ons gegee het om te bestudeer, nie wat *olam* is nie – tyd uit die oog of uit die hart; oor die horison.

> En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. – Johannes 1:14

Wou Christus hê dat sy ewige natuur bestudeer word deur sy dissipels toe Hy 3½ jaar by hulle was? Nee, Hy wou hê dat hulle Sy glorieryke karakter van agape liefde, wat openbaar dat God liefde en lewe is, moes bestudeer; nie chronos en dood nie. Hy word nie aan tyd gemeet nie; tyd is iets wat Hy geskep het. Laat ons aandag gee aan die karakter van God en die verhouding wat Hy handhaaf met Sy Seun; ons kan hierdie onbekende aspekte van die ewigheid laat staan totdat ons Vader dit aan ons openbaar.

# 26. Reiniging en Voltooiing van die Geestelike Tempel

Die hoeksteen wat ons in hierdie boek gelê het, bevat 'n aantal belangrike aspekte.

1. God oordeel niemand nie. Johannes 5:22
2. Christus oordeel niemand nie. Johannes 8:15
3. God se wet is geestelik en handel omtrent sake van die hart. Binne Sy koninkryk is God se wet nie 'n wetlike kode wat afgedwing word nie, maar 'n weerspieëling van Sy karakter wat met vreugde deur Sy Gees in Sy kinders uitgeleef word.
4. Deur Sy aardse bediening is Christus die volle openbaring van God se karakter. Hierdie openbaring verlig die res van die Skrif omtrent die karakter van God.
5. Veroordeling het sy oorsprong in die menslike familie deur Adam, wat deur Satan geïnspireer is toe Adam die Seun van God en Eva veroordeel het vir sy sonde, deur die vrug van die *boom van kennis* te eet.
6. Die geregtigheid van God beteken om te doen wat reg is, en die regte ding vir God is om vriendelik, goedgunstig, genadig te wees en toe te laat dat die gevolge van elkeen se eie keuses, ons beloon of straf.
7. God se manier om ons te red word in die Heiligdomstelsel geopenbaar. Elke tree op hierdie weg openbaar aan die mens sy verkeerde denke. God het aan die mensdom sy begeerte vir

offers (dit was nie God se begeerte nie) geopenbaar deur die offerstelsel in te stel; Hy wys die mensdom dat hy van nature oordeel en veroordeel, deur die proses van die oordeel.

8. Die Eerste Engel se boodskap wat sê dat "die uur van sy oordeel gekom het", beteken dat ons nou die karakter van God moet oordeel; en soos ons Sy karakter voorstel en veroordeel, sal ons volgens daardie begrip onsself veroordeel.
9. God hou geen rekord of inventaris met die doel om sondaars te veroordeel nie.
10. Die verhaal van die vrou wat in owerspel betrap is, dui aan dat dit kerkleiers is wat die oordeelsproses eis. Die veroordelings-proses lei daartoe dat die eerste laaste en die laaste eerste is, terwyl elke persoon hul eie saak oordeel.
11. Satan is die aanklaer in die oordeel. God ondersoek ons lewensgeskiedenis in die oordeel om ons teen Satan se beskuldigings te verdedig.
12. God se benadering tot tyd is heeltemal anders as ons s'n. God gebruik nie tyd as 'n wyse-tot-manipulasie om goeie gedrag van Sy skepsels af te dwing nie. Tydsgebaseerde oordeel word in die Skrif geopenbaar om die mens sy eie sondigheid te toon en ons aan te spoor om tot bekering te kom.

Vanuit hierdie kosbare hoeksteen wat handel omtrent die oordeel, kan ons tot God nader. Soos die Skrif ons vertel:

> En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, – Maleági 3:5

Terwyl Christus in liefde deur die oordeelsproses naby ons kom, is Hy die getroue getuie. Christus wys ons slegs wat ons probleem is, nie om ons te veroordeel nie, maar om ons te genees.

Gedurende my vroeë jare as Christen het ek gesidder by die gedagte aan die oordeel. Terwyl ek vertroosting by Jesus gevind het, het ek gewonder hoe ek die oordeel kon deurstaan. Die tydsdruk wat op my toegepas is en my gedagte dat God op 'n stadium 'n gees van veroordeling sou openbaar, het my groot kommer gebring.

Ek het my vrese probeer stil en, soos baie kerkmense, het ek aan al die goddelose mense in die wêreld gedink wat "slegter" as ek is. Kerkmense het mense in die wêreld wat goddeloos is, nodig, sodat hulle beter omtrent hulleself kan voel in die lig van 'n God wat sondaars veroordeel en vernietig, indien hulle nie binne 'n sekere tydperk die regte ding doen nie. In hierdie raamwerk kom die gedagte op dat God sekerlik nie almal sal doodmaak nie; indien ek myself beter oordeel as almal wat ek ken, moet ek oorleef en die Hemel haal. 'n Persoon met hierdie ingesteldheid vind nooit rus nie en sal voortdurend in kompetisie met ander wees.

Ek bid dat jy in hierdie boek 'n paar belangrike hulpmiddels gekry het om te sien dat God jou nog nooit een keer veroordeel het nie, en dat Hy ook nooit sal nie. Dit was vir my persoonlik 'n grootliks bevrydende gedagte. Dit was vir my een van die grootste stukke in die legkaart om vrees te verwyder en die volledige waarheid van die Vader se liefde in my hart in te laat.

In die lig van hierdie hoeksteen wat ons gelê het, kan ons die geestelike tempel voltooi waarna ons genooi word om daaraan deel uit te maak.

> So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, (20) gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, (21) in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here.
> – Efésiërs 2:19–21

Ons kan waarlik sê dat die Heiligdom gereinig kan word. Al die bloed kan nou uit die Allerheiligste verwyder word, want God benodig nie hierdie dinge vir versoening nie. Maar dit is waar dat Hy ons hierdie dinge moes wys om ons sondige harte te openbaar, sodat ons ons kan bekeer daarvan dat ons ander blameer en na sondebokke soek om met ons skuld weg te doen.

> Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. – Openbaring 3:12

Hierdie nuwe naam wat God ons sal gee, is 'n naam wat vry is van oordeel en veroordeling; 'n naam van liefdevolle goedhartigheid en tere genade. Terwyl ons ons wonderlike Vader deur Sy Seun aanskou sonder enige veroordeling in enigeen van Hulle, mag ons in dieselfde beeld verander word "deur die Here wat die Gees is." Amen.

Oordeelsdag! Die meeste kulture regoor die wêreld het 'n beginsel dat almal 'n oordeel in die gesig staar vir die dinge wat hulle in hierdie lewe gedoen het. Jesus Christus bied 'n eenvoudige beginsel om hierdie oordeelproses te verduur.

***"Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie." Matthéüs 7:1***

Hoe sal dit wees om in 'n koninkryk te woon waar jy ophou om ander te oordeel? Hoe is dit moontlik? Ons oordeel voortdurend mense se voorkoms, lengte, gewig, vaardighede. Ons oordeel mense op grond van hul velkleur, hul godsdienstige verbintenis, hul sosiale status, hul inkomste en hul intellek.

Waar kan ons die ideale voorbeeld vind van iemand wat nie oordeel nie, sodat ons hierdie voorbeeld kan volg?

*"Julle oordeel volgens die vlees.*

*Ek oordeel niemand nie." Johannes 8:15*

Hoe kan dit moontlik wees dat Jesus niemand oordeel nie? Hoe kan geregtigheid geskied indien Hy niemand oordeel nie? Dink ook aan wat Jesus omtrent Sy Vader sê.

*"Want die Vader oordeel ook niemand nie,*

*maar het die hele oordeel aan die Seun gegee," Johannes 5:22*

Spreek die Bybel nie van die oordeel van God waar elkeen sy regverdige vergoeding ontvang nie? Hoe pas dit in by die woorde van Jesus? Leer ken die geheime van die oorwinning oor veroordeling wat ons aanvoel wanneer ons misluk, en die veragting wat ons vir ander kan voel wanneer hulle ons in die steek laat.

***Kom in die lig van die waarheid waar daar geen veroordeling is nie.***

FATHER OF LOVE
fatheroflove.info

9 780648 811428